TR82-07

# DIE INVLOED VAN DIE SPRAAKBENADERING VAN ONDERWYS VIR DOWE KINDERS OP DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE DOWE

DEUR

MIMI HEYNS

VERHANDELING INGEHANDIG TER VERKRYGING VAN
DIE GRAAD M.SOC.SC. IN DIE MAATSKAPLIKE WERK
AAN DIE RHODES UNIVERSITEIT

JANUARIE 1982

OPGEDRA AAN MY OUERS.

## DANKBETUIGINGS

My dank aan

my man vir sy geduld, hulp en ondersteuning

my ouers vir hul volgehoue aanmoediging

my skoonouers vir hul morele ondersteuning

my promotor vir sy hulp en leiding

Dorien en Danie Nel vir die aanvanklike tikwerk

Ronél Malherbe vir die netjiese tikwerk

Bof en Isabel Roos vir hul hulp met die proeflees

Du Toit Butler en Leonora Page vir die proeflees

Mnr Lakey en sy helpers vir hul flinke diens

INHOUDSOPGAWE


| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | BEHOEFTE VIR STUDIE | 1 |
| 1.2 | DOEL VAN STUDIE | 7 |
| 1.3 | VERWYSINGSRAAMWERK | 7 |
| 1.4 | METODE VAN ONDERSOEK | 9 |
| 1.5 | PROBLEME ONDERVIND TEN OPSIGTE VAN STUDIE | 11 |
| 1.6 | BEGRIPSOMSKRYWING | 11 |
| 1.6.1 | DIE BEGRIP GEHOORGESTREMDHEID | 11 |
| 1.6.1.1 | HARDHOREND | 12 |
| 1.6.1.2 | DOOF | 12 |
| 1.6.2 | ONDERRIGBENADERINGS IN DIE ONDERWYS VAN DIE DOWE KIND | 14 |
| 1.6.2.1 | SPRAAKBENADERING | 14 |
| 1.6.2.2 | GEBARE KOMMUNIKASIEBENADERING | 14 |
| 1.6.2.3 | GEKOMBINEERDE KOMMUNIKASIEBENADERING | 15 |
| 1.7 | UITEENSETTING VAN STUDIE | 16 |
| 2 | DIE DOWE - SY PLEK EN ROL BINNE DIE SAMELEWING | 19 |
| 2.1 | INLEIDING | 19 |
| 2.2 | 'N BEELD VAN DIE DOWE AS MENS | 20 |
| 2.2.1 | SIELKUNDIGE ASPEKTE VAN DOOFHEID | 20 |
| | Intelligensie | 20 |
| | Maatskaplike volwassenheid | 23 |


...../ii

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| | Motoriese vaardigheid | 24 |
| | Persoonlikheidseienskappe van die dowe | 25 |
| | Sielkundige probleme en gedragsafwykinge by die dowe | 27 |
| 2.1.2 | MAATSKAPLIKE ASPEKTE VAN DOOFHEID | 28 |
| | Onderwys en opleiding | 28 |
| | Arbeidsituasie en arbeidsaanpassing | 30 |
| | Huwelikspatrone | 31 |
| | Gesinsamestelling | 32 |
| | Kommunikasie | 34 |
| | Godsdiensbelewing | 36 |
| | Houding van die samelewing | 37 |
| 2.3 | UITEENSETTING VAN DIE DOOFWESE IN SUID-AFRIKA | 40 |
| 2.3.1 | GESKIEDKUNDIGE ONTWIKKELING VAN DIE DOOFWESE | 40 |
| 2.3.2 | DIENSLEWERING AAN DIE DOWE IN SUID-AFRIKA | 43 |
| | Wetgewing in belang van dowes | 44 |
| | Bydrae van die staat ten opsigte van die versorging van dowes | 45 |
| | Bydrae van vrywillige welsynsorgani= sasies tot die versorging van dowes | 46 |
| 2.3.3 | LEEMTES IN DIE DIENSLEWERING AAN DOWES | 48 |
| 3 | DIE SPRAAKBENADERING VAN ONDERWYS VIR DOWE KINDERS | 51 |
| 3.1 | INLEIDING | 51 |

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 3.2 | DIE SPRAAKBENADERING VAN ONDERWYS | 52 |
| 3.3 | AANNAMES WAAROP DIE SPRAAKBENADERING GEBASEER IS | 53 |
| 3.4 | DOELSTELLINGS VAN DIE SPRAAKBENADERING | 54 |
| 3.5 | DIE UITSPRAKE VAN KENNERS OP DIE GEBIED VAN DIE DOOFWESE MET BETREKKING TOT DIE SPRAAKBENADERING | 55 |
| 3.6 | KRITIESE EVALUASIE VAN DIE SPRAAKBENA= DERING AAN DIE HAND VAN KENNERS OP DIE GEBIED VAN DIE DOOFWESE | 68 |
| 3.7 | KRITIESE EVALUASIE VAN DIE SPRAAK= BENADERING MET VERWYSING NA DIE SITUASIE IN SUID-AFRIKA | 71 |
| 4 | DIE INVLOED VAN DIE SPRAAKBENADERING OP DIE SOSIALISERING VAN DIE DOWE | 74 |
| 4.1 | INLEIDING | 74 |
| 4.2 | DIE PROSES VAN SOSIALISERING | 75 |
| 4.3 | DIE VERLOOP VAN DIE SOSIALISERINGSPROSES | 77 |
| 4.3.1 | VERTROUE VERSUS WANTROUE | 77 |
| 4.3.2 | OUTONOMIE VERSUS SKAAMTE EN TWYFEL | 79 |
| 4.3.3 | INISIATIEF VERSUS SKULD | 81 |
| 4.3.4 | YWER VERSUS MINDERWAARDIGHEID | 84 |
| 4.3.5 | IDENTITEIT VERSUS ROLVERWARRING | 87 |
| 4.3.6 | INTIMITEIT VERSUS ISOLASIE | 90 |
| 4.3.7 | SKEPPING VERSUS STAGNASIE | 92 |
| 4.3.8 | EGO-VOLHEID VERSUS WANHOOP | 94 |
| 4.4 | DIE MOONTLIKE INVLOED VAN DIE SPRAAK= BENADERING OP DIE PROSES VAN SOSIALISERING | 96 |
| 5 | DIE INVLOED VAN DIE SPRAAKBENADERING OP DIE STATUS VAN DIE DOWE | 98 |

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 5.1 | INLEIDING | 98 |
| 5.2 | DIE STATUS VAN DIE DOWE | 100 |
| 5.3 | OOREENSTEMMENDE EIENSKAPPE VAN DIE DOWE AS GROEP EN ETNIESE GROEPE | 103 |
| 5.4 | OOREENSTEMMENDE EIENSKAPPE VAN DIE DOWE GROEP EN MINDERHEIDSGROEPE | 106 |
| 5.5 | OORSAKE VAN DIE DOWES SE STATUSVERLIES | 109 |
| 5.6 | MOONTLIKE GEVOLGE VAN DIE STATUSVERLIES VAN DIE DOWE | 111 |
| 6 | DIE INVLOED VAN DIE SPRAAKBENADERING OP DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE DOWE | 113 |
| 6.1 | INLEIDING | 113 |
| 6.2 | OMSKRYWING VAN MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING | 114 |
| 6.3 | FAKTORE WAT ROLVERVULLING BEPAAL | 117 |
| 6.3.1 | FISIESE FAKTORE | 117 |
| 6.3.2 | EGO-FAKTORE | 118 |
| 6.3.3 | MAATSKAPLIKE FAKTORE | 119 |
| 7 | DIE ROL VAN DIE MAATSKAPLIKEWERK-PROFESSIE IN DIE DOOFWESE | 123 |
| 7.1 | INLEIDING | 123 |
| 7.2 | DIE ROL VAN OPVOEDER | 124 |
| 7.3 | DIE ROL VAN ADVOKAAT | 125 |
| 7.4 | DIE ROL VAN INSTAATSTELLER | 127 |
| 7.5 | DIE ROL VAN MAKELAAR | 128 |
| 7.6 | DIE ROL VAN BEMIDDELAAR | 129 |
| 7.7 | DIE ROL VAN SOSIALISERINGSAGENT | 129 |
| 7.8 | DIE ROL VAN MAATSKAPLIKE WERK BINNE DIE MULTI-DISSIPLINêRE SPAN | 132 |

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 7.8.1 | OMSKRYWING VAN MULTIDISSIPLINêRE SPAN | 132 |
| 7.8.2 | BASIESE VEREISTES VAN SPANWERK BINNE DIE MULTIDISSIPLINêRE SPANBENADERING | 134 |
| 7.8.3 | STRUKTUURMODELLE VAN DIE TERAPEUTIESE SPAN | 135 |
| 8 | DIE TOTALE KOMMUNIKASIEBENADERING TOT DIE ONDERRIG VAN DIE DOWE KIND AS ALTERNATIEF VIR DIE SPRAAKBENADERING | 138 |
| 8.1 | INLEIDING | 138 |
| 8.2 | DIE WAARDE VAN GEBARETAAL VIR DIE DOWE KIND | 139 |
| 8.3 | DIE TOTALE KOMMUNIKASIEBENADERING | 140 |
| 8.4 | DIE FILOSOFIE VAN TOTALE KOMMUNIKASIE | 142 |
| 8.5 | DIE AGTERGROND VAN TOTALE KOMMUNIKASIE | 143 |
| 8.6 | UITSPRAKE TEN OPSIGTE VAN DIE TOTALE KOMMUNIKASIEBENADERING | 146 |
| 8.7 | 'N EVALUASIE VAN DIE TOEPASSING VAN DIE TOTALE KOMMUNIKASIEBENADERING | 149 |
| 8.8 | VERDERE ALTERNATIEWE TOT DIE SPRAAKBENADERING | 153 |
| 8.9 | PRAKTIESE PROBLEME TEN OPSIGTE VAN DIE INSTELLING VAN DIE TOTALE KOMMUNIKASIEBENADERING OF DIE TWEETALIGHEIDSBENADERING | 155 |
| 9 | GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS | 158 |
| 9.1 | DIE DOWE AS PERSOON | 159 |
| 9.2 | DIE SPRAAKBENADERING VAN ONDERWYS VIR DOWES | 161 |
| 9.3 | DIE PROSES VAN SOSIALISERING MET BETREKKING TOT DIE DOWE KIND | 163 |
| 9.4 | MINDERHEIDSGROEPSTATUS VAN DIE DOWE | 164 |


...../vi

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 9.5 | MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING | 165 |
| 9.6 | ROLLE WAT DIE MAATSKAPLIKE WERKER IN DIE DOOFWESE VERVUL | 167 |
| 9.7 | TOTALE KOMMUNIKASIE | 169 |
| 9.8 | GEBARETAAL | 169 |
| | AANBEVELINGS | 170 |
| | SLOT | 172 |
| | AANHANGSEL A | |
| | AANHANGSEL B | |
| | AANHANGSEL C | |
| | BIBLIOGRAFIE | |

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 BEHOEFTE VIR STUDIE

Gehoor speel 'n belangrike rol in die leerproses, in aanpassing by die omgewing asook in aanpassing by sosiale omstandighede. Gehoorverlies plaas die individu in 'n situasie van vereensa= ming, veroorsaak deur 'n beperktheid in kommunikasievermoë. (Roux, 1979:1)

Dr Roux, Direkteur van Gesondheidsdienste van die Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene, het tydens die Goue Jubileum-Kongres van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes daarop gewys dat gehoorverlies vandag meer Amerikaners affekteer as hartsiektes, kanker, blindheid, tuberkulose, veneriese siektes, sklerose en niersiektes tesame. (Roux, 1979:1)

In Suid-Afrika word beraam dat 0,06% van alle babas totaal doof gebore word en dat die aantal persone met ernstige gehoorpro= bleme, volgens die skatting van die Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene, 65 000 beloop. Hierdie getal sluit Swartes uit. (Roux, 1979:1)

Die belangrikste oorsake van doofheid is genetiese faktore en Rubella (Duitse masels). Genetiese faktore speel tans die grootste rol in die ontstaan en verskuilde gene kan hiervoor verantwoordelik wees selfs in families waar daar geen doof= heid voorkom nie. (Roux, 1979:2) Mindel en Vernon (1972:25) beweer dat een uit elke tien persone die draer kan wees van sodanige gene.

Rubella by verwagtende moeders kan so lig van aard wees dat die moeder nie daarvan bewus is nie. Dit kan egter ernstige gevolge hê vir die fetus, veral as dit voorkom binne die eerste

...../2

drie maande van swangerskap. Voorkomende entstowwe word tans egter in so 'n mate ontwikkel dat Rubella uiteindelik geëlimi=neer sal kan word as oorsaak van doofheid.

Te vroeg gebore babas, asook babas waar komplikasies met betrekking tot die Rh-faktor voorkom, is onderhewig aan doof=heid. Ander siektes wat ook kan lei tot doofheid is Meningitis en Enkefalitis. (Roux, 1979:1)

Die probleem van doofheid is kompleks en soms so ingewikkeld dat dit te betwyfel is of die horende individu die omvang daarvan begryp en insig in die situasie van die dowe kan ont=wikkel. Empatie met die dowe en begrip vir sy leefwêreld is vir die horende persoon problematies. 'n Wêreld sonder klank is moeilik om te visualiseer en 'n wêreld sonder taal lê buite die begripsvermoë van die horende.

Daar bestaan op velerlei gebiede verwarring ten opsigte van die dowe. Die horende persoon besef gewoonlik dat daar 'n eiesoortige wêreld van ervaring en denke vir die dowe is anders as die van die horende, maar begrip vir die omvang van die andersheid van die dowe ontbreek.

Die dowe dink anders, hy voel anders, hy doen anders - hy is anders. Die dowe is anders omdat hy byvoorbeeld dink in gebaretaal en nie in terme van gesproke taal soos die horende dit doen nie. Die dowe kind verwerf taal ook nie op natuur=like wyse soos die horende kind nie. Dit wil selfs voorkom of 'n groot aantal dowes nooit taal verwerf nie. Gebare en konkrete strukture vorm dan die denke van die dowe persoon. Die dowe se wêreld kan daarom nie verstaan word in terme van die wêreld van die horende persoon nie. Terwyl die horende ouer sy dowe kind spraakopleiding gee en die kind sodoende woorde leer sê, dink die kind in terme van gebare, gesigsuit=drukkings en vorme en vind daar weinig kommunikasie plaas.

Deur die eeue heen bestaan daar bewyse dat dowes onderworpe was aan benadeling en selfs vervolging. Hul probleme was dikwels, veral gedurende die Middeleeue, maar ook nog lank daarna, verwar met dié van verstandelike gestremdheid en dui= wel besetenheid. Girolamo Cardano van Milaan (1500) was die eerste persoon wat van gedagte was dat dowes opgevoed kan word. Gedurende die sestiende eeu het slegs 'n handjievol onderwy= sers in die hele Europa onderrig gegee aan dowes. Die einde= like deurbraak ten opsigte van die onderwys van dowes word toegeskryf aan Abbé de l'Epeé wat 'n skool vir dowes in 1760 in Parys tot stand gebring het. Hy het gebruik gemaak van 'n gebaremetode vir kommunikasie.

Thomas Braidwood het om en by dieselfde tyd onderwys vir dowes in Engeland ontwikkel en die gevolg van die onderwyspogings van die Braidwood-familie het die spraakmetode van onderwys ontstaan. (Goldensen, 1978:396)

Sedert hierdie vroeë tye bestaan daar 'n emosioneel-gelaaide stryd tussen aanhangers van hierdie twee benaderings naamlik die spraakbenadering en die gebarebenadering. Sedertdien is daar ook nog 'n nuwe faktor tot die stryd toegevoeg naamlik die benadering van totale kommunikasie. Hierdie benadering is gebore uit die frustrasie van die onderwysers wat betrokke is by die onderwys van dowe kinders, deurdat hulle nie die resultate wat hulle met die spraakbenadering behaal het kon versoen met die tyd en die energie daaraan spandeer nie.

In die vroeë jare van die ontwikkeling van die doofwese was die spraakbenadering waarskynlik voldoende vir die onderwys van die dowe kind, aangesien 'n groot aantal dowe kinders het doof geword nadat hulle reeds taal verwerf het. Die mediese wetenskap was in daardie stadium nog nie in so 'n mate ontwikkel dat faktore soos masels, otitis media, meningitis, enkefalitis, ensovoorts beheer kon word soos dit vandag die geval is nie. Vandag is die oorgrote meerderheid kinders in skole vir dowes sedert geboorte doof. Waar die spraakbenade=

ring doeltreffend was waar die kind se doofheid 'n aanvang geneem het nadat taal verwerf is, is dit vandag nie meer die geval nie. Die benadering van totale kommunikasie blyk tans die benadering van die toekoms te wees.

Die benadering van totale kommunikasie is 'n kombinasie van die spraak= en gebarebenadering en daar word dikwels na verwys as die gekombineerde metode van onderwys. Tans woed die stryd tussen die aanhangers van die spraakbenadering en die aanhangers van die benadering van totale kommunikasie voort - ongelukkig tot die nadeel van dowe kinders.

Dr. Mindel en dr. McCay Vernon het in 1971 in hul boek "They Grow in Silence" hierdie spraakbenadering/totale kommunikasie benadering-twispunt ondersoek en gevind dat daar genoegsame getuienis bestaan om te beweer dat welmenende kenners van doofheid, in hul ywer om die dowe te help om by die wêreld van die horende persoon aan te pas, 'n kunsmatige klem op spraak= kommunikasie geplaas het. Daar is besef dat die dowe kinders natuurlikerwys deur gebare kommunikeer en die ontwikkeling= sielkunde het die voordele van 'n vroeë leerervaring veral op die gebied van taalontwikkeling beklemtoon. Bevooroordeeld, het die horende persone wat betrokke geraak het by die doofwese, die spraakbenadering van onderrig met dinamiese ywer gepropa= geer en toegepas.

Ouers is oorweldig met voorligting wat die boodskap dra dat hul dowe kind se ontwikkeling en so ook sy toekoms beperk word, tensy hy op 'n vroeë leeftyd spraak en lipleesvaardighede aan= leer. Ook is ouers geleer om te glo dat die gebruik van hand= gebare deur hul dowe kind sal verhoed dat hul kind leer praat en liplees. (Goldensen, 1978:397)

Normaliteit, d.w.s. spraak en liplees, word dus beskou as ver= hewe bo 'n afwykende, maar natuurlike proses van ontwikkeling, naamlik gebarekommunikasie. Hierdie benadering het verreikende gevolge vir die selfbeeld van die dowe. Sodanige vooroordeel

is verder ook nie gegrond nie aangesien vroeë kommunikasie, wat die ontwikkeling van konsepte meer moontlik maak, nie die taal- en spraakvaardigheid van die dowe kind beperk nie. Daar is in der waarheid bevind dat die gebruik van vroeë gebarekom= munikasie hierdie vaardighede versterk. (Goldensen, 1978:397)

Nuwe metodes van gebaretaal, gekombineer met vingerspel, skrif, liplees en spraak bied aan die dowe individu groter geleentheid tot taalverwerwing en taalvaardigheid. Dit wil voorkom of totale kommunikasie die dowe nie net voorsien van 'n modaliteit wat meer geleentheid bied vir interpersoonlike kontak nie, maar ook aan die dowe kind die moontlikheid bied vir die ontwikke= ling van 'n positiewe selfbeeld en verder ook beter voorberei= ding bied vir suksesvolle spraakkommunikasie. (Goldensen, 1978:397)

Blanke, Kleurling- en Indiër-dowe kinders word in Suid-Afrika onderrig met die spraakbenadering as die grondslag en beleid in skole vir dowes. Hoewel leerlinge reeds op die ouderdom van drie tot vier jaar met hierdie benadering kennis maak en sodoende vir 'n tydperk van bykans twaalf tot soms agttien jaar lank opleiding in spraak en spraaklees ontvang, besit die dowe skoolverlater nie noemenswaardige vaardighede in kommuni= kasie nie. (Conrad, (b), 1979:4)

Waar die skoolverlater met die horende publiek in kontak kom, word dikwels gevind dat hul spraak onverstaanbaar is, dat hul spraaklees ondoeltreffend is en dat daar van gebare gebruik gemaak moet word ten einde sinvol te kan kommunikeer. Hoewel die dowe kind woorde kan sê, waarborg dit blykbaar nie altyd sinvolle kommunikasie nie en word daar gevind dat persone wat nie daagliks in aanraking kom met dowes nie, dit moeilik vind om die dowe se spraak te verstaan. Dowe persone vind dit ook moeilik om die horende publiek te verstaan deur middel van liplees. (Conrad, (b), 1979:2)

...../6

Uit 'n waarneming gemaak van volwasse dowes, blyk dit dat hulle van handgebare gebruik maak in hul kommunikasie met mekaar. Wanneer hulle gesels maak hulle wel lipbewegings maar gebruik nie hul stem nie. Hulle verloor egter nie die vermoë om hul stem te gebruik nie, daar hulle wel in staat is om sekere woorde te sê as hulle met horende persone wil kommuni= keer. Sekere dowes praat goed en kan redelik maklik verstaan word deur horende persone. Wanneer hierdie dowes egter met dowes wil kommunikeer, verkies hulle gebaretaal as kommunika= siemedium.

Volgens dr. Hamilton van die Worcester Skool vir Dowes, het die dowe volwassene ook 'n beperkte leesvermoë. Hy skat die lees= vermoë van die gemiddelde skoolverlater as synde op standerd drie (10 jaar) vlak. Hierdie swak leesvaardigheid van die dowe maak tersiêre studie vir die dowe skoolverlater waarskyn= lik onmoontlik.

Aan die hand van gevallewerk-lêers het dit onder die aandag gekom dat ouers van dowe kinders moontlik valse verwagtinge het oor wat hul kinders op skool kan bereik. Dit wil voorkom asof ouers dink dat hul kinders, net soos horende kinders kan leer praat en funksioneer. Ouers is dan teleurgesteld as dit nie gebeur nie. 'n Pamflet wat deur die Suid-Afrikaanse Nasio= nale Raad vir Dowes versprei word, by name "Moeder kan u kind hoor?" dra ook waarskynlik hiertoe by. Die pamflet kan die indruk skep dat dowe kinders, skole vir normaal-horendes kan bywoon en ook dat dowe kinders net in uitsonderlike gevalle nie presteer soos horende kinders nie.

Volgens skoolsielkundiges, verbonde aan skole vir dowes, word ouers van dowe kinders ontmoedig om handgebare te gebruik om met hulle dowe kinders te kommunikeer. Daar word klem gelê daarop dat ouers met hul kinders moet praat en enige vorm van gebaretaal moet ontmoedig. Tydens besoeke aan ouers van dowe kinders, is telkens egter gevind dat daar min begrip is by die ouer vir die behoeftes van hul dowe kind en dat daar

...../7

waarskynlik min sinvolle kommunikasie plaasvind. In hier=die verband word verwys na 'n gevallestudie, Aanhangsel B, ter illustrasie. Ook Susan Gregory het, na die bestudering van 122 gesinne waar daar 'n dowe kind, tussen die ouder=dom van twee en vyf jaar, teenwoordig is, bevind dat ouers ernstige probleme ondervind ten opsigte van die kommunikasie met hul dowe kinders. (Gregory, 1976:84-97)

## 1.2 DOEL VAN STUDIE

Die doel van die studie is om

1.2.1 aan te toon dat die maatskaplikewerk-professie werk met die gevolge van die onderwyssisteem. Daarom het die professie nie net 'n terapeutiese rol te vervul in die doofwese nie, maar bemoei homself ook met die onderwyssisteem

1.2.2 die rolle wat die maatskaplike werker ten opsigte van die dowe moet vertolk uiteen te sit en toe te lig en die opset waarbinne maatskaplikewer-dienste ten beste gelewer word, uit te lig

1.2.3 nuwe insigte te ondersoek ten opsigte van die onder=wysbenaderings in die doofwese, die sosialisering, status en die maatskaplike funksionering van dowe individue,-groepe en-gemeenskappe

## 1.3 VERWYSINGSRAAMWERK

'n Verwysingsraamwerk in die vorm van 'n diagram is daar=gestel ten einde die besondere aspekte, wat ondersoek is met mekaar in verband te bring. Die doel hiervan is om die studiegebied af te baken en die verskillende aspekte, wat by wyse van voortgesette empiriese navorsing, individueel ondersoek

kan word, binne verband te plaas.

Met verbeterde maatskaplike funksionering as eindresultaat word dit aan die hand van hierdie diagram duidelik dat maat=skaplikewerk-dienslewering en die toevoeging van totale kommu=nikasie tot die leefwêreld van die dowe, maatskaplike funksio=nering kan verbeter. Die spraakbenadering van onderwys word ook aangedui as oorsaaklike faktor in die gebrekkige maatskap=like funksionering van die dowe.

Daar sal gepoog word om die verwysingsraamwerk in die vorm van 'n hipotese weer te gee en oorsaak en gevolg uit te wys. Ook die uiteensetting van hierdie studie volg die patroon van die diagram wat as verwysingsraamwerk aangebied word.

Voorts volg dan die diagrammatiese voorstelling van die verband tussen die spraakbenadering van onderwys, sosialisering, die status van die dowe en die maatskaplike funksionering van die dowe met inagneming van die rol van maatskaplikewerk-dienste en totale kommunikasie.




VERWYSINGSRAAMWERK

## 1.4 METODE VAN ONDERSOEK

'n Verkenningstudie word onderneem wanneer die navorser 'n probleemarea wil ondersoek en daar min of geen navorsing op daardie gebied gedoen is en daar derhalwe nie 'n hipoteses bestaan wat getoets kan word nie. (Fink, 1978:109)

Hierdie studie kan beskou word as 'n verkenningstudie, aange=sien daar min navorsing gedoen is op die gebied van die maat=skaplike funksionering van die dowe. Geen studie van die aard kon opgespoor word nie. Die gebied van die sosialisering van die dowe, asook die aspek van die statusverlies van die dowe; hoe die spraakbenadering van onderrig hierdie twee aspekte beïnvloed, is ook 'n veld wat sover vasgestel kon word, nie voorheen die aandag van navorsers geniet het nie. Die benade=ring van totale kommunikasie van onderwys is verder ook betreklik nuut en relatief onbekend in Suid-Afrika.

Hierdie studie is ook evaluerend van aard aangesien daar deur=gaans gepoog word om aspekte soos die spraakbenadering van onderwys vir dowes, die sosialisering van die dowe kind, die status van die dowe en die maatskaplike funksionering van die dowe met mekaar in verband te bring.

Vir die doeleindes van hierdie studie is van bestaande litera=tuur gebruik gemaak. Hierdie literatuur was meestal beskikbaar in die vorm van tydskrifartikels. Omsendbriewe van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes is ook gebruik.

Persoonlike ondervinding in die veld van die doofwese sal 'n groot mate inhoud gee aan hierdie studie. Joseph Eaton merk op: "A random observation made by prepared mind may become a creative accident." (Polansky, 1975:47) As jong maatskaplike werker in haar eerste betrekking was die student oorweldig deur die probleme van die dowes as groep en het voortdurend na antwoorde vir hierdie probleme gesoek binne die raamwerk van die beginsels van die maatskaplikewerk-pro=

fessie. Verder het die navorser die dowes ook op persoonlike vlak leer ken en kon sodoende waarnemings omtrent gesindhede en gevoelsonderstrominge maak wat van waarde was vir die doel= eindes van hierdie verkenningstudie. Selltiz et al. wys ook daarop dat die toetrede van 'n nuweling of vreemdeling tot 'n situasie dikwels eienskappe van die situasie na vore bring wat andersins oorgesien of selfs vanselfsprekend aanvaar is. (Polansky, 1975:47)

Kenners wat vir die doeleindes van hierdie studie geraadpleeg is, is Norman Nieder-Heitman wat verantwoordelik is vir die opstel van die verslag oor 'n studiereis wat hy onderneem het om die verskillende benaderings tot die onderwys van dowe kinders in oorsese lande te ondersoek. Daar word dikwels na hierdie verslag verwys. Gesprekke is ook gevoer met dr Denton, Superintendent van die Maryland Skool vir Dowes in Amerika, tydens dr. Denton se besoek aan Suid-Afrika. Gedurende die student se gevallewerkondervinding met dowe kliënte, is ouers van dowe kinders geraadpleeg, sowel as die onderwysers en onderwysersielkundiges van Trans Oranje Skool vir Dowes, St Vincent Skool vir Dowes, De la Bat Skool vir Dowes, Wittebome Dominikaanse Skool vir Dowes en Grimley Dominikaanse Skool vir Dowes.

Daar is ook van die tipologiese prosedure van navorsing gebruik gemaak deurdat 'n model geformuleer is vir die doel= eindes van verklaring van die studie. Volgens S.P. Cilliers is so 'n gekonstrueerde model die resultaat van doelgerigte en beplande seleksie, abstrahering, kombinering en aksentue= ring van 'n stel kriteria, wat betrekking het op die empiriese werklikheid. (1970:62) Op hierdie wyse is daar ook binne die raamwerk van hierdie studie 'n teoretiese model geformuleer.

Hoewel die model wat aangebied word, nie die totale situasie binne die doofwese uiteensit nie, plaas dit die spraakbenade= ring van onderwys tog binne verband, en bied dit 'n basis vir verdere teoretisering.

...../11

## 1.5 PROBLEME ONDERVIND TEN OPSIGTE VAN STUDIE

Hoewel daar literatuur beskikbaar is binne die veld van die doofwese, word 'n leemte daarin gevind dat die beskikbare literatuur 'n eensydige beeld van die aard van die doofwese skep. Literatuur wat die spraakbenadering tot die onderrig van dowes omskryf, is geredelik beskikbaar. Literatuur wat die aard en voordele van ander onderwysbenaderings omskryf is egter skaarser en daar moet tot 'n groot mate op Amerikaanse literatuur gesteun word.

Die kompleksiteit van die probleem van doofheid laat nie toe dat oplossings sonder meer aangebied kan word nie. Daar bestaan sovéél interafhanklike fasette van doofheid. Dit wil ook verder voorkom of 'n groot aantal aspekte van doofheid emosioneel gelaaide komponente bevat en dat waarde-oordele dikwels 'n rol speel.

Die spektrum van probleme in die doofwese dek ook só 'n groot veld dat dit 'n probleem geskep het ten opsigte van afbakening. Aangesien hierdie probleme nie binne 'n enkele studie vervat kan word nie, moes die veld van studie noodwendig streng afge= baken word. Daar is derhalwe slegs gekonsentreer op die probleme ten opsigte van die onderwysbenadering, soos dit in skole vir dowes geld, as faktor wat maatskaplike funksionering strem. Ander probleme kon slegs aangeraak word en leemtes uit= gewys word.

## 1.6 BEGRIPSOMSKRYWING

### 1.6.1 DIE BEGRIP GEHOORGESTREMDHEID

Terminologie van die doofwese en gehoorge= stremdheid moet veral vir die doeleindes van hierdie studie duidelik omskryf word in terme van die moontlik= heid wat dit bied vir taalverwerwing deur middel van spraak.

...../12

Twee terme word vry algemeen gebruik, naamlik hardho= rend en doof. Dit is nie prakties om deur middel van gehoorverlies, bloot gemeet in dessibel, te bepaal of 'n persoon hardhorend of doof is nie. Ander faktore wat hier ook 'n rol kan speel, is onder andere die ouderdom waarop die verlies plaasgevind het, of dit geleidelik plaasgevind het of was daar 'n skielike ver= lies, het die persoon taal verwerf voordat die verlies plaasgevind het.

1.6.1.1 Hardhorend

'n Persoon is hardhorend wanneer daar 'n gehoorver= lies teenwoordig is wat van so 'n aard is dat dit begrip van spraak toelaat onder ideale omstandighede. Ideale omstandighede verwys na "face to face" direk= te interaksie met een persoon, in 'n helder verligte vertrek, met 'n minimum agtergrondgeraas en met genoegsame klankversterking. (Vernon, 1970:369)

1.6.1.2 Doof

'n Persoon is doof wanneer daar 'n gehoorverlies teenwoordig is wat van so 'n aard is, dat spraak in die meeste omstandighede nie verstaan kan word nie. Hoewel sommige spraakklanke gehoor kan word, is dit waarskynlik nie duidelik genoeg om begrip moontlik te maak nie, of daar kan nie genoeg van hierdie spraakklanke gehoor word om begrip van spraak moont= lik te maak nie. (Vernon, 1970:369)

Myklebust verwys na 'n definisie van doofheid wat reeds in 1938 deur die vaktaalkomitee van die dagbe= stuur van die konferensie van Amerikaanse skole vir dowes, opgestel is. Doofheid word deur hierdie komi= tee gedefinieer as "those in whom the sense of

...../13

hearing is non-functional for the ordinary life." (1960:3) Hieruit blyk die belangrikheid van funksio= nele gehoor. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit sinvol om na doofheid te verwys as: gebrek aan funksionele gehoor, waar die funksionaliteit van gehoor verwys na die vermoë om taal te verwerf deur middel van die gehoorsintuig.

Daar bestaan ook verskillende tipes doofheid met implikasie vir die moontlikheid van taalverwerwing.

Aangebore doofheid is teenwoordig by diegene wat nooit kon hoor nie, of by diegene wat so jonk was toe gehoorverlies ontstaan het, dat klank min bete= kenis vir hulle het.

Verworwe doofheid. Wanneer 'n persoon in sy latere lewe doof word as gevolg van siekte of 'n ongeluk, word daarna verwys as verworwe doofheid. (Goldensen, 1978:398) Die ouderdom waarop die gehoorverlies plaasvind is van groot belang vir die bepaling van die vermoëns van die persoon, asook vir die intellek= tuele ontwikkeling van die dowe individu.

Konduktiewe doofheid ontstaan wanneer klankgolwe nie gelei kan word deur òf die buite-oor, òf die middel= oor nie. Hierdie defek mag bestaan as gevolg van aangebore blokkasies van die oorkanaal, of as gevolg van die afwesigheid van die oorkanaal ( congenital atresia ). Dikwels is obstruksie van hierdie kanaal tydelik van aard en word dit veroorsaak deur 'n op= eenhoping van was. Hierdie toestand kan dikwels suksesvol behandel word.

Konduktiewe doofheid affekteer die binne-oor en wel die gehoorsenuwee wat na die brein lei. Hierdie doofheid kan ontstaan as gevolg van mangelontsteking, ontsteking van die "adenoides" of ander kindersiektes.

...../14

Middeloorontsteking (otitis media) is verantwoordelik vir 10% van gevalle van ernstige gehoorverlies by volwassenes. (Goldensen, 1978:398)

Senuweedoofheid affekteer die binne-oor en wel die gehoorsenuwee wat na die brein lei. Hierdie doof=heid kan ontstaan as gevolg van Duitse masels (Rubella) by die moeder gedurende swangerskap, komplikasies wat intree by aansteeklike siektes soos meningitis of as gevolg van skok ( trauma ) of vergif=tiging. (Goldensen, 1978:398)

## 1.6.2 ONDERRIGBENADERINGS IN DIE ONDERWYS VAN DIE DOWE KIND

Daar bestaan drie basiese benaderings in die onderwys=metodiek vir die onderwyser van die dowe kind.
Die term " benaderings " word eerder as die term "metodes" verkies, omdat daar verskillende metodes en variasies van metodes, binne dieselfde benadering kan voorkom.

### 1.6.2.1 Spraakbenadering

Die spraakbenadering behels die gesamentlike gebruik van spraak, spraaklees, lees en skryf as media vir die ontwikkeling van taal en die verwerwing van kennis. Enige oorblywende gehoor wat die kind mag besit, word sover moontlik ontwikkel en gebruik as aanvulling by die spraak en spraaklees. Geen gebare of vingerspel=ling word gebruik nie.

### 1.6.2.2 Gebarekommunikasiebenadering

Vingerspelling. Die hand (of hande) en die vingers word gebruik om deur bepaalde posisies die letters

...../15

van die alfabet voor te stel. Elke woord word letter vir letter op die vingers gespel, met ander woorde, dit is 'n grafiese weergawe van taal, waardeur die woorde op die vingers "geskryf" word.

Informele gebarestelsel. Hierdie gebare is bepaalde posisies en/of bewegings van die hande wat dien om globale begrippe visueel voor te stel en uit te druk. So 'n gebaar kan 'n woord, 'n sinsnede of 'n volledige sin uitdruk.

Gesigsuitdrukkings en liggaamsbewegings word dikwels aanvullend gebruik om die betekenis van die gebaar duidelik te maak. Dit volg verder nie die woordorde en sintaksis van die gesproke taal nie en is ook meer beperk in uitdrukkingsvermoë.

Formele of sistematiese gebarestelsel. Dit is 'n formele, gestandardiseerde stelsel van gebare wat kunsmatig saamgestel is om gesproke taal volledig weer te gee in al sy verskeidenheid van betekenis en struktuur. Met ander woorde, daar is 'n gebaar ont= werp om elke element van gesproke taal voor te stel en die stelsel besit ook 'n grammatika wat in woord= orde en sinsbou die struktuur van die gesproke taal volg.

1.6.2.3 Gekombineerde kommunikasiebenadering

Eerstens is daar 'n kombinasie van die spraakbenade= ring en vingerspelling wat gelyktydig in dieselfde skool gebruik word, maar met uitsluiting van enige gebare. Dit word die Rochester-metode genoem. (Moores, 1978:15)

Tweedens is daar die kombinasie van die spraakbenade= ring en die volledige gebarebenadering, dit wil sê, sowel vingerspelling as gebare word in kombinasie met spraak en spraaklees gebruik. Die twee metodes kan òf afsonderlik, òf gelyktydig, òf in verskillende stadia van die onderrig in dieselfde skool toegepas word.

Totale kommunikasie kan beskou word as 'n verdere uitbreiding van bogenoemde. Dit is 'n kombinasie van alle moontlike vorms van kommunikasie, wat vanaf die aanvangsonderwys gesamentlik en gelyktydig gebruik word. Die vorms van kommunikasie sluit in, informele gebare, sistematiese gebare, vingerspelling, spraak, liplees (spraaklees), lees en skryf, asook die gebruik= making van enige oorblywende gehoor wat die kind mag besit. (Onderwyskomitee van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, 1977)

## 1.7 UITEENSETTING VAN STUDIE

Hierdie studie bestaan in die eerste plek uit 'n uiteensetting van wie die dowe persoon is en maak melding van die maatskaplike situasie van hierdie groep. Dienslewering aan die dowe, gesien in die lig van hul probleme, word dan beskryf en daar word gewys op leemtes en probleme in hierdie verband.

Hoofstuk drie bestaan uit 'n bespreking van die spraakbenade= ring van onderwys vir dowe kinders. Aan die hand van uitsprake van verskeie skrywers word hierdie benadering ontleed en geëva= lueer in die lig van die Suid-Afrikaanse omstandighede.

Die invloed van die spraakbenadering op die proses van sosiali= sering word vervolgens in hoofstuk vier oorweeg. Die proses van sosialisering word aan die hand van Erikson bestudeer. Daar word gewys dat gebrekkige kommunikasie hierdie proses waar= skynlik negatief beïnvloed.

Die status van die dowe word in hoofstuk vyf uiteengesit en daar word op gewys dat die dowe moontlik as tweedeklasburger gesien kan word, daar hulle waarskynlik blootgestel word aan minderbevoorregting, vooroordele en diskriminasie. Die ooreenkomste tussen die dowes as groep en etniese groepe word ook oorweeg en op die moontlikheid gewys dat dowes 'n minderheidsgroep binne die samelewing vorm asook op die moontlike gevolge van hierdie minderheidsgroepstatus.

Maatskaplike funksionering en hoe die spraakbenadering moontlik aanleiding kan gee tot wanfunksionering, word in hoofstuk ses bespreek. Daar word gewys op fisiese-, ego- en maatskaplike faktore wat maatskaplike funksionering beïnvloed asook op die verband tussen genoemde faktore, die sosialiseringsproses en die status van die dowe. Die belang wat die maatskaplikewerk-professie het by die dowe gemeenskap word uitgespel en die belangrikheid van maatskaplike dienslewering beklemtoon.

Maatskaplike dienslewering word in hoofstuk sewe uiteengesit in terme van die rolle wat die maatskaplike werker binne die doofwese vervul. Die rolle van opvoeder, advokaat, instaatsteller, makelaar, bemiddelaar en sosialiseringsagent word bespreek. Daar word voorts gewys op die taak van die maatskaplike werk om toestande wat maatskaplike wanfunksionering veroorsaak te verander of te verwyder en die opset waarbinne dienslewering ten beste kan geskied, word beskryf.

Die totalekommunikasiebenadering van onderwys vir dowes, word as 'n moontlike alternatief tot die spraakbenadering beskryf in hoofstuk agt. Die filosofie en agtergrond van totale kommunikasie word beskryf, uitsprake omtrent hierdie benadering word aangebied en die toepassing van die benadering word geëvalueer. Daar word gewys op die moontlike voordele wat hierdie benadering inhou vir dowe kinders, -jongmense, -volwassenes en -bejaardes. Probleme met die toepassing van hierdie benadering word bespreek en daar word gewys dat hierdie benadering waarskynlik voordele inhou vir die dowe. Sonder 'n oorweging van die probleme in die toepassing daarvan kan hierdie benadering nie aanvaar word nie.

Ten slotte bied hoofstuk nege 'n samevatting van hierdie studie en gevolgtrekkings en aanbevelings word gemaak.

Ten einde die verband tussen die onderskeie hoofstukke ten beste te begryp, is dit nodig dat elke hoofstuk saam met die verwysingsraamwerk op bladsy agt gelees word. Hierdie ver=wysingsraamwerk toon aan dat die spraakbenadering van onderwys vir dowe kinders nie daarin slaag om die dowe kind te leer kommuni=keer nie. Die dowe kind wat nie kan kommunikeer nie kan ook nie die reëls van die gemeenskap aanleer nie en daarom word die proses van sosialisering nie suksesvol uitgevoer nie en het die dowe ook nie die status, as mens, wat hom toekom nie. Die goed opgeleide maatskaplike werker kan die probleme in die maatskaplike funksionering van die dowe identifiseer en poog om die oorsaak daarvan te bepaal. Die maatskaplike werker moet homself derhalwe bemoei met die onderwyssisteem sowel as met die behandeling van die gebrekkige maatskaplike funksionering die dowe.

# HOOFSTUK 2

# DIE DOWE - SY PLEK EN ROL BINNE DIE SAMELEWING

## 2.1 INLEIDING

In hierdie stadium ontstaan die vraag naamlik: "Wie is die dowe?" Dit wil voorkom asof ons hier te doen het met 'n groep mense wat onbekend is by die man op die straat.
Die dowes is verder ook die middelpunt van 'n jare=lange dispuut oor die medium van kommunikasie wat hulle behoort te gebruik. Ook blyk dit dat hierdie groep nie presteer soos daar van hulle verwag word nie en dit laat die verdere vraag ontstaan naamlik: "Waartoe is die dowe in staat?"

Dikwels maak persone, wat die dowe nie ken nie, ook daarvan melding dat daar seker nie baie dowes is nie, aangesien mens nooit van hulle hoor nie en aangesien mens hulle nooit sien nie. Die dowes as groep is dus ook 'n onsigbare groep - doof=heid word nie raakgesien soos blindheid of fisiese gestremdhede nie. Die vraag ontstaan dan dadelik: "Waar is die dowes en wat maak hulle?"

Indien ons die gedagtes laat gaan en dink oor gestremdes, dink mens onwillekeurig aan dienste wat aan hierdie persone gelewer word. Dit is ook nodig om aan te dui waar die dowe inpas binne die dienste wat gelewer word. Wanneer 'n beraming gemaak word van die probleme waarmee die dowe te kampe het, en 'n evalu=asie gemaak word van die vermoëns van die dowe as groep, is dit sinvol om aandag te gee aan die fasiliteite wat tot beskik=king van die dowe is. Die vraag wat in hierdie verband op die voorgrond tree, is: "Is die dienste wat aan dowes gelewer word, van so 'n aard dat dit hulle help om beter te presteer en beter te funksioneer?"

Ten einde antwoorde te verskaf op genoemde vrae, sal hierdie hoofstuk 'n beeld van die dowe, as mens, aanbied. Sielkun=

dige aspekte soos intelligensie, volwassenheid, motoriese vaardigheid, persoonlikheidseienskappe en gedragsafwykinge sowel as maatskaplike aspekte soos onderwys, opleiding, die arbeidsituasie, huwelikspatrone, gesinsamestelling, kommuni= kasie, politieke ontwikkeling, godsdiensbelewing en die houding van die samelewing sal uiteengesit word. Daarna sal 'n uiteen= setting van die doofwese - geskiedkundige ontwikkeling en dienslewering - in oënskou geneem word en probleme en leemtes uitgewys word.

## 2.2 'N BEELD VAN DIE DOWE AS MENS

### 2.2.1 SIELKUNDIGE ASPEKTE VAN DOOFHEID

Intelligensie. Die bepaling van die intelligensie van dowes is 'n ingewikkelde proses, aangesien toetse wat verbale intelligensie toets, dikwels nie van toepassing is op 'n dowe persoon, as gevolg van die persoon se taalgestremdheid nie. (Myklebust, 1960:61) Myklebust verklaar verder ook dat nie-verbale intelligensietoetse problematies is en dat die situasie verder bemoeilik word deurdat die opstel van nie-verbale toetse wat oor= eenstem met verbale toetse, ook ingewikkeld is.

Die eerste studies wat gedoen is in verband met die intelligensie van dowes, dateer van 1906, en is uitgevoer deur Macmillan en Brunner. Later, vanaf 1920, het Pintner ook waardevolle werk in hierdie ver= band gedoen. Die mees uitgebreide opname van die op= voedkundige en verstandelike vermoëns van dowe kinders, is in 1920 deur Pintner en Reamer gemaak. Hierdie studie het 2 172 kinders uit 26 skole vir dowes in die V.S.A. ingesluit. Die belangrikste gevolgtrekking waar= toe hulle gekom het, is dat dowe kinders gemiddeld met twee jaar verstandelik vertraag is en met vyf jaar op= voedkundig vertraag is. Twee van hierdie vyf jaar

...../21

opvoedkundige vertraging is toegeskryf aan die verstande=like minderwaardigheid. Die oorblywende drie jaar van opvoedkundige agterstand is toegeskryf aan die taalge=stremdheid wat gepaard gaan met doofheid wat ontstaan voordat taal verwerf is. (Myklebust, 1960:61)

Die navorsing van Pitner het ander sielkundiges se aandag ook gevestig op die dowe en nie-verbale toetse is uitgebrei en verfyn, onder ander deur Dever en Collins in Engeland (1936), MacKane (1933), Morrison (1940) en Brown (1947) in Amerika. Die resultate wat hier=die persone behaal het, is bevraagteken deur ander navorsers en skrywers, en het aanleiding gegee tot voortgesette studie. (Myklebust, 1960:67)

Meer onlangse toetse, opgestel deur persone soos Evans, Hiskey, Levine en andere toon dat dowes swakker vaar as horende persone in die gestandaardiseerde intelli=gensietoetse. Conrad wys daarop dat dit slegs beteken dat dowe kinders daardie spesifieke toetse moeilik vind. Volgens Conrad dien dit nie as ondersteuning vir die argument, dat dowes minder intelligent is as horendes nie. ((a), 1979:53)

Daar is slegs een navorsingstudie gedoen van die in=telligensie van dowes, waarby die totale dowe bevolking betrek is. Hierdie studie is in die V S A gedoen deur Ries en Voneiff in 1974 en 20 000 studente is getoets met nie-verbale, ongespesifiseerde toetse. Die 13 500 studente wat nie 'n addisionele gestremdheid gehad het nie, se I.K.was gemiddeld 100,1, terwyl 'n addisionele gestremdheid dit verlaag het na 86,5. Ver=standelike gestremdheid is vir die doeleindes van hierdie studie gereken as 'n "addisionele gestremdheid". (Conrad, (a), 1979:54)

Myklebust verklaar ook dat, waar dowe kinders indivi=dueel getoets word, hulle 'n gemiddelde I.K. het. (Myklebust, 1960:67) Die werk van Conrad is in ooreen=

stemming hiermee. Conrad het verder ook bevind dat kinders met aangebore doofheid meer intelligent is as kinders wat hul doofheid op 'n vroeë ouderdom verwerf het. Dit wil derhalwe voorkom of intelligensie van dowes ook bepaal word deur die oorsaak van doofheid. (Conrad, (a), 1979:57)

Dinnage merk op dat, "while the deaf have the same mental potential as the hearing, it is too simple to say that they have the same intelligence - the potential may not be fully realized, nor organized in the same way.". (1972:29)

Dit blyk dus duidelik dat daar nie simplisties uitsprake gemaak kan word oor die intelligensie van dowes nie. Daar is egter rede om te glo dat dowes en horendes die= selfde intelligensieverspreiding toon. Hierdie stelling word deur Vernon, ((a), 1976:1-5) onderskryf.

'n Aspek van die dowe se intellektuele vermoë wat dik= wels ter sprake kom, is hul vermoë tot abstrakte denke. Oberon, soos aangehaal deur Roos, sê: "The deaf shows an inferiority in the sphere of abstract thought..." (Roos, 1978:35)

Vernon stem nie met Oberon saam nie en hy kom tot die gevolgtrekking dat: "...corollary to these findings on intelligence, it has also been demonstrated that deaf persons have the same capabilities for abstract thought as do the non-deaf." (Vernon, 1973:467)

Wright het die abstrakte redenasievermoë van dowe univer= siteitstudente bestudeer en het tot die gevolgtrekking gekom dat doofheid nie 'n invloed uitoefen op alle abstrakte prosesse nie, maar slegs op dié wat verbale simbole vereis. (Myklebust, 1960:88) Myklebust wys daarop dat abstrakte denke nou skakel met die

taalgebrek wat doofheid tot gevolg het. Hy beweer dat dowes se vermoë tot abstrakte denke verbeter kan word indien hul taalvermoë verbeter word.

Maatskaplike volwassenheid. Maatskaplike volwassenheid, as 'n aspek van menslike gedrag, verwys na die verwerwing van onafhanklikheid. Alle groei veronderstel dat 'n ten volle ontwikkelde organisme te voorskyn tree. Die doel van hierdie groeiproses is derhalwe om volwassenheid te bereik. Vir die mens beteken dit dat die persoon fisie= se, emosionele en verstandelike volwassenheid bereik en ook dat die persoon volwassenheid bereik as 'n sosiaal= vaardige wese. (Myklebust, 1960:204) Volwassewording is derhalwe die proses waardeur die individu leer om selfstandig te word en verantwoordelikheid te aanvaar vir homself.

Haasbroek beskryf die probleme ten opsigte van die gemoedsvorming van die dowe kind as volg: "Om 'n klank= lose wêreld te bewoon, bring mee dat 'n dowe kind nie daartoe in staat is om gesproke taal of agtergrondgelui= de te hoor nie. Omdat die aanhoor van agtergrondgeluide aan die wêreld 'n lewende karakter gee en die mens 'n vertroudheid daarmee bied, word gehoorverskerping by die dowe kind as baie belangrik geag vir sy gemoedsvor= ming. Om in 'n klanklose wêreld te leef, sal vir die dowe kind nadele inhou daarin dat sy ervaringsveld ver= nou sal wees, dat hy moeilik tot die belewing van vei= ligheid sal kom en daarom langer as die horende kind hulpeloos en infantiel sal bly". (1975:11)

Die mate waartoe 'n gestremdheid aanleiding gee tot gro= ter afhanklikheid, is volgens Myklebust een van die belangrikste aspekte wat in ag geneem word wanneer be= paal word of 'n afwyking beskou kan word as 'n gestremd= heid al dan nie. Hy meen dat 'n afwyking slegs as 'n gestremdheid gesien kan word, indien daardie afwyking aanleiding gee tot groter afhanklikheid. (Myklebust, 1960:208)

...../24

Volgens 'n studie van Treacy, waar sosiale vaardighede met chronologiese ouderdom vergelyk is, is daar bevind dat hardhorende kinders se sosiale vaardighede verbeter wanneer hul ouer word. Dowe kinders se sosiale vaardighede neem af wanneer hulle ouer word. ( Treacy, 1955:210 ) Abrahams het bevind dat die dowe omtrent 'n twee jaar agterstand het ten opsigte van sosiale vaardighede en ook ten opsigte van volwassenheid in die algemeen. (Abrahams, 1955:49)

Dinnage (1972:29) het, in ooreenstemming met studies van Myklebust wat twaalf jaar vantevore uitgevoer is, bevind dat dowes dikwels onvolwasse, teruggetrokke en onbuigsaam is. Burt verduidelik hierdie situasie as volg: "If it is mainly through the eye that we dis= cover the quality of the world of things, it is mainly through the ears that we become acquainted with the world of human beings. Sight helps us to learn from our material environment; hearing helps us to bear our social environment." (1951:229)

Dit wil derhalwe voorkom of dowes nie dieselfde vlak van volwassenheid bereik as horende persone nie. (Elwell, 1975:53)

Motoriese vaardigheid. 'n Groeiende baba kan gewoonlik op 'n ouderdom van tussen ses en nege maande sit en leer gewoonlik loop tussen die ouderdom van twaalf tot agttien maande. Dowe kinders ontwikkel volgens die normale patroon. (Frisina, 1967:334)

Long en March het bevind dat dowes se handvaardighede gelykstaande is aan dié van horende persone, maar dat dowes wel probleme ondervind met balans.
Dowes wat vanweë breinvliesontsteking doof is, onder= vind meer probleme ten opsigte van balans, veral in die donker. (Frisina, 1967:335)

Vernon (1973:467) het bevind dat plus-minus 87,5% van alle dowe werkers 'n beroep beoefen waar handewerk 'n rol speel. 'n Studie deur Smit onderneem, bevestig hierdie bevinding, naamlik dat 'n groot persentasie dowes 'n beroep beoefen van geskoolde, semi-geskoolde en ongeskoolde aard. (Smit, 1978:1)

<u>Persoonlikheidseienskappe van die dowe</u>. Bakwin en Bakwin verklaar: "A fairly definite pattern has been ascribed to the deaf." (1972:184)

Theron en De Villiers merk op dat daar 'n opvallende verband bestaan tussen liggaamlike gestremdhede en bepaalde persoonlikheidstrekke. (1959:36) Ook Corfmat, self 'n dowe, verklaar dat daar pesoonlikheidstrekke by 'n dowe persoon te vinde is wat eie is aan dowes en wat bestaan as gevolg van die persoon se doofheid. ( 1968:272)

Daar is ook nog nie eenstemmigheid bereik oor die per= soonlikheidsbeeld van die dowe nie, aangesien daar individuele verskille in gedagte gehou moet word. Daar is egter sekere persoonlikheidstrekke wat dikwels by dowes voorkom en hierdie trekke verdien vermelding.

Engelbrecht het bevind dat gebrek aan <u>selfvertroue</u>, in 'n mindere of meerdere mate by alle dowes teenwoordig is. (1956:233) Die dowe se gebrek aan selfvertroue kom veral tot uiting in die werksituasie: "Would I be able to do as well as the others? Would I understand them?" (Thompson, 1950:117) Volgens Thompson, self 'n dowe, is dit die vraag wat die dowe homself dikwels afvra in die werksituasie.

Dowes is dikwels ook <u>hipersensitief</u>. Volgens Engelbrecht (1956:234) is die dowe se liggeraaktheid daaraan toe te skryf dat die dowe nie op normale wyse kan verneem wat

...../26

om hom aangaan nie, en dat hy dan onmagtig voel om hom=self te handhaaf. Roos skryf hierdie liggeraaktheid onder andere toe aan gebrek aan selfvertroue. (Roos, 1978:41)

Roos maak ook daarvan melding dat die dowe dikwels aan teneergedruktheid lei. Hierdie toestand kan terugge=voer word na die dowe se minderwaardige posisie binne die samelewing. (Roos, 1978:41)

Dowes is dikwels ook teruggetrokke. In 'n poging om die spanning wat betrokkenheid binne die horende same=lewing veroorsaak, te vermy, onttrek die dowe hom. Engelbrecht maak ook melding van die skugterheid van die dowe en skryf dit toe aan 'n gevoel van skaamte ten opsigte van sy gebrek. (Engelbrecht, 1956:231)

Nel maak melding daarvan dat die dowe kind in 'n groter mate as die horende kind, gevoelens van minderwaardig=heid ervaar. (Nel, 1964:48) Roos merk ook op dat gevoelens van minderwaardigheid dikwels by volwasse dowes opgemerk word. Sy skryf dit toe aan die houding van die samelewing teenoor die dowe. (Roos, 1978:42) Sussman en Stewart toon aan hoe die houding van ouers en onderwysers ten opsigte van gebaretaal ook aanleiding kan gee tot gevoelens van minderwaardigheid. (Sussman en Stewart, 1978:1-4)

Weens die dowe se kommunikasiegebrek word agterdog (wantroue) by die dowe opgemerk. (Roos, 1978:42) Nel beskou wantroue as 'n alombekende eienskap van die dowe. (1964:48) Engelbrecht meen dat die houding van die horende gemeenskap veroorsakend is van hierdie eienskap. (1956:238)

Bakwin en Bakwin (1972:184) verwys na die bevindinge van Pitner, naamlik dat dowes meer geneig is tot intro=

versie as horendes. Dowes is ook minder dominant as horendes.

Ander eienskappe wat dikwels aan dowes toegeskryf word, is: gebrek aan selfbeheersing, gebrek aan selfkennis en =insig, selfoorskatting en verwaandheid, gebrek aan verantwoordelikheidsgevoel, wêreldonervarendheid en liggelowigheid, afguns, jaloesie, sug tot nabootsing, neiging om te skinder en te laster, onverdraagsaamheid en mensskuheid. (Sutermeister, 1964:48) Bakwin en Bakwin noem ook nog eienskappe soos valsheid, engheid, onsimpatiekheid en haatdraendheid as eienskappe wat dikwels by dowes voorkom. (1972:184)

Dit blyk duidelik, uit 'n beskrywing van die mees alge=mene karaktereienskappe van dowes, dat hulle waar=skynlik nie tot dieselfde vlak van volwassenheid ontwikkel as die horende persone in die gemeenskap nie. Dit wil voorkom, uit die uitsprake van verskeie skrywers, of die oorsaak hiervan geleë is in die dowe se gebrek=kige kommunikasie en ook in die houding van die samele=wing.

Sielkundige probleme en gedragsafwykinge by die dowe. Die enigste bekende studie op die gebied van psigiatrie, is gedoen deur Rainer. Hy het bevind dat skisofrenie nie meer algemeen voorkom by dowes as by horendes nie. Rainer het egter bevind dat dowe pasiënte langer gehos=pitaliseer word. Hy skryf dit toe aan kommunikasiepro=bleme. Rainer reken egter dat, hoewel skisofrenie nie meer algemeen voorkom by doofgeborenes nie, dit meer dikwels kan voorkom by persone wat later in hul lewe doof geword het sowel as by hardhorende persone. (Vernon, (a), 1976:1-4)

'n Noorweegse psigiater het bevind dat sekere dowe persone, met normale intellektuele vermoëns, gekoppel

aan 'n byna totale gebrek aan taal, optree "...as if there is a continual emergency." Basilier noem hierdie toestand die surdophrenia-sindroom. (1967:2)

Vernon maak ook daarvan melding dat kommunikasie = probleme met dowe pasiënte dikwels van so 'n aard is dat behandeling slegs deur die gebruik van geba= retaal kan geskied. Rainer beraam dat 75% van die dowe pasiënte in hierdie groep val, ten spyte van die feit dat 'n hele aantal van hierdie persone kollege- opleiding het. ( (a), 1976:2)

Gedragsafwykinge wat voorkom by dowes, sluit onder andere die volle spektrum van kriminele oortredings in. Ten opsigte van hierdie gedragsafwykinge bestaan daar geen verskil tussen horende en dowe persone nie. Die grootste persentasie oortredings is seksueel van aard, maar aanrandings, onbeheerbare gedrag, diefstal en dwelmmiddelmisbruik kom ook dikwels voor. (Rainer, et al., 1962:17)

Kallman het bevind dat bykans 60% van die oortreders wat doof is, uit 'n gesin kom waar beide ouers horend is. Meer as 60% van die oortreders is ongetroud ten tye van arrestasie, en het 'n gemiddelde ouderdom van 24 jaar. Sielkundige toetse het dowe oortreders beskryf as meer impulsief, onvolwasse en meer onverantwoordelik as horende oortreders. (Rainer, et al., 1962:12)

### 2.2.2 MAATSKAPLIKE ASPEKTE VAN DOOFHEID

Onderwys en opleiding. Vernon benadruk dat die opvoed= kundige peil waarop dowes hulle bevind in skrille kon= tras staan teenoor die bevindinge omtrent hul intelli= gensie. Hy beweer dat die gemiddelde dowe volwassene "...is grossly under-educated." (Vernon, (b), 1976:6)

Roos het die skolastiese opleiding van 'n groep dowe proefpersone ondersoek en bevind dat 80,23% van die steekproef standerd agt of minder geslaag het. 55,08% het standerd ses of minder geslaag. 6,59% het matriek geslaag. Roos wys daarop dat, in teenstelling met die persentasie dowes wat matriek geslaag het, 15,52% van die blanke bevolking in 1970 matriek geslaag het. Daar= uit lei sy af dat die onderwyspeil van die dowe ongun= stig vergelyk met dié van die horende bevolking. (1978:66)

In 'n studie wat uitgevoer is deur die Raad vir Geestes= Wetenskaplike Navorsing, is bevind dat meeste van die beroepe wat deur dowes beoefen word, nie meer as 'n standerd agt-vlak van opleiding vereis nie. Dit bied klaarblyklik nie 'n uitdaging vir die intelligente dowe nie. (Smit, 1978:1)

Dowes presteer nie na wense op tersiêre vlak nie. Die dowe se taalgestremdheid blyk die rede hiervoor te wees. Engelbrecht maak ook melding dat dowes drie tot vier jaar langer neem om dieselfde opvoedkundige peil te bereik as horendes. (Engelbrecht, 1956:296) Hy skryf die dowe se agterstand toe aan gebrekkige kommunikasie.

Dowes is wel daartoe in staat om tersiêre kwalifikasies te verwerf. Dowes het tot en met 1974, 3 039 B A-grade aan Gallaudet College behaal. In 1974 was daar 894 dowe studente aan hierdie universiteit ingeskryf vir voorgraadse, sowel as nagraadse studie. (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes Omsendbrief 114/78) Volgens hierdie omsendbrief is daar bykans 120 verskillende studierigtings wat dowes volg. Die gewildste vakke sluit onder andere die volgende in: kuns, biolo= gie, publieke administrasie, rekeningkunde, chemie, sielkunde, ekonomie, opvoedkunde, joernalistiek, Engels,

...../30

algemene wetenskap, biblioteekwese, wiskunde, fisika, maatskaplike werk, filosofie en sosiologie.

Arbeidsituasie en arbeidsaanpassing. Wanneer 'n vergelyking getref word tussen die gemiddelde beroepstatus van die dowe en dié van die horende persoon, blyk dit dat daar op hierdie gebied groot verskille bestaan. Strydom het in 1968 die beroepstatus van horende en dowe mans in die Transvaal vergelyk. Sy bevindinge het aan die lig gebring dat 5,8% van die dowes wat hy ondervra het, in 'n klerklike hoedanigheid werksaam was. Geen van die persone was in 'n professionele hoedanigheid werksaam nie. In teenstelling hiermee was 51,52% horende persone betrokke in 'n professionele of klerklike beroep. Strydom het ook bevind dat 87,7% van die dowes, in sy steekproef, geskoolde, half-geskoolde of ongeskoolde arbeid verrig het. (1971:37)

In 1978 was die arbeidsituasie van die dowe as volg: 64,7% dowes verrig geskoolde, half-geskoolde en ongeskoolde arbeid,terwyl 17,6% in beskutte arbeid werk. Die ooreenstemmende persentasie vir horende persone is 22,9%. Met betrekking tot klerklike, administratiewe, bestuurs= en uitvoerende posisies, sowel as professionele, semi-professionele en tegniese betrekkings, was 17,6% van die dowe bevolking hierby betrokke in vergelyking met 54,1% van die horende bevolking. (Smit, 1978:1)

Sussman beskryf die probleem van die dowe nie as werkloosheid nie, want die dowe "...is a very employable group", maar hy beskou die probleem as onderbenutting van die dowe se potensiaal. Volgens Sussman is dit slegs by uitsondering dat 'n dowe aangetref word in 'n beroep wat vir hom of haar geskik is. (1976:1)

Galvin beskryf die probleme wat die dowes in Australië het, as veroorsaak deur diskriminerende praktyke wat bestaan ten opsigte van dowes. Hy sien werkgewers in New South Wales as outyds, paternalisties en hiperkri= ties. Galvin wys daarop dat mediese regulasies wat binne hierdie staat van toepassing is, van so 'n aard is, dat dowes uitgesluit is van betrekkings in die staatsdiens. (1979:34)

Arbeidsaanpassing verloop ook nie glad vir die dowe nie. Dowe skoolverlaters verloor dikwels hul eerste betrek= king. Gebrek aan kommunikasie kan beskou word as die oorsaak hiervan. Engelbrecht merk in hierdie verband op: "...vocational and occupational maladjustment yield its toll in personal disorganization among adolescents". (1964:95)

Huwelikspatrone. In die vorige eeu is dowes die reg om in die huwelik te tree, ontneem. Hierdie praktyk was die gevolg van die samelewing se vrees vir oorerwing. (Roos, 1978:99) Die dowe het egter ook 'n behoefte aan 'n normale huweliks= en gesinslewe, net soos ons dit aantref by die horende persoon. (Engelbrecht, 1956:332)

Roos meen dat ondertrouery die moontlikheid verhoog dat gestremdhede deur kinders van die gestremdes oor= geërf kan word. 62,87% van die proefpersone wat deur Roos ondervra is, is doof gebore. 21,56% van hierdie persone het dowe bloedverwante gehad. (1978:100)

Ondersoeke deur Dinnage, Rainer, Altshuler en Kallman uitgevoer, het aan die lig gebring dat dowes op 'n later stadium trou as horendes en dat minder dowes hul in die huwelik bevind. (Dinnage, 1972:144)

Die keuse van 'n huweliksmaat is vir die dowe meer beperk. Die rede hiervoor is die probleem van kommuni=

...../32

kasie. In die opname deur Engelbrecht gemaak, onder manlike dowes in die Transvaal, is bevind dat 73,5% van die 450 dowes wat ondervra is, met 'n dowe vrou getroud is. (1975:335) Strydom het in 1971 bevind dat 70,6% van die dowe persone in sy steekproef in die Transvaal met 'n dowe getroud is. (1971:52)

Vernon meen dat 95% van alle dowe persone met dowes trou. Die uitsonderings op hierdie reël is hardhoren=des en persone wat later in hul lewe doof geword het. ((a), 1976:2) Elwell ondersteun sy bevinding. (1975:53)

Dowes se huwelike is oor die algemeen stabiel. Engelbrecht se ondersoek het twee egskeidings uit 165 huwelike aan die lig gebring. Egskeidings in huwelike waar die partye nie albei doof was nie, was effens meer nl. twee uit 120 huwelike.Hierdie tendens skryf Engelbrecht daaraan toe dat daar meer spanning voorkom in die sogenaamde gemengde (dowe/horende) huwelik.(1956:332)

Ook Blaxall merk op dat dowes meer gelukkig getroud is met dowes. (1934:44) Roos meld ook dat huwelike tussen dowes meer dikwels slaag as huwe=like tussen horendes en dowes. (1978:109) Sy skryf die spanning in die sogenaamde "gemengde" huwelike toe aan gebrek aan normale kommunikasie.

<u>Gesinsamestelling</u>. Doofheid kan geneties, van een geslag na 'n ander oorgedra word. Na raming word 90% van alle dowe kinders gebore sonder dat oorerflikheid 'n rol speel en hulle het dus ook horende ouers. (Elwell, 1975:52) Tien persent van die dowe bevolking het waarskynlik een of twee dowe ouers. (Elwell, 1975:53)

'n Hele aantal skrywers reken dat dowe kinders van dowe ouers, op velerlei gebiede 'n voorsprong het op dowe

kinders van horende ouers. Roos merk op: "Weens die aanleer en gebruik van vingerspelling vanaf 'n vroeë ouderdom, is daar vinniger kognitiewe groei by die dowe kind van 'n dowe ouer, as wat dit sou wees in die geval van 'n horende ouer." (1978:119) Brill meld ook dat die dowe kinders van dowe ouers sko= lasties beter presteer as die dowe kind van horende ouers. (1970:16)

As gevolg van sy beter kommunikasievermoë met sy ouers, is bevind dat die dowe kind van dowe ouers emosioneel meer stabiel is en ook makliker aanpasbaar by die skool= lewe. (Roos, 1978:119) Stevenson het bevind dat die dowe kind van dowe ouers ook beter gedissiplineerd is en dat sy sosiale ontwikkeling normaal is vir sy ouder= dom. (1956:274)

Dowe egpare het dikwels ook horende kinders. In die Wes-Transvaalse dowe gemeenskap was daar in 1979 slegs een dowe egpaar wat ook dowe kinders gehad het. Vir die waarnemer is dit treffend om te sien hoe hierdie horende kinders in gebaretaal met hul ouers kommunikeer. Dit wil voorkom of gebaretaal hierdie kinders se eerste taal is, en dat hulle Afrikaans en/of Engels meestal deur die bemiddeling van horende familie en ander horende persone, met wie die kind in kontak kom, aanleer. Dit wil ook voorkom of die horende kinders van dowe ouers se vriende, ook 'n rol speel.

Horende kinders van dowe ouers presteer waarskynlik ook nie beter of swakker as horende kinders van horende ouers nie. Sommige horende kinders van dowe ouers pres= teer goed, en bereik vroeg in hul lewe volwassenheid. Die dogter van 'n dowe egpaar, in Klerksdorp, was nie net hoofdogter van 'n skool met bykans duisend leerlinge nie, maar het ook aan die einde van matriek

met A-simbole geslaag.

Sommige kinders van dowes het ook emosionele probleme. Die seun van 'n dowe egpaar in Boksburg kon nie vorder op skool nie, alhoewel hy normale intellektuele vermoëns het. Hy was baie bitter teenoor sy ouers en wou liewer by 'n familielid, wat ook in Boksburg gewoon het, inwoon. Dit is nie bekend wat die rol van die familielid in hierdie verband was nie, maar volgens een van die ander kinders in die gesin, het die seun oor 'n tydperk van twaalf jaar, elke naweek en vakansie by die gesin deur= gebring, "sodat hy kon leer praat". Die ander kinders in die gesin het gemiddeld presteer op skool, een van die dogters, 'n student aan die Universiteit van Pretoria, was primaria van haar koshuis.

Dit wil voorkom of dowe egpare daartoe in staat is om goed aangepaste horende kinders te hê. Dit wil ook voorkom of horende familielede van dowe egpare, 'n rol speel in die opvoeding van die dowes se kinders. Die moontlikheid dat hierdie persone hul rol kan oor= speel, blyk ook nie uitgesluit te wees nie.

Kommunikasie. Die belangrikste gevolg van doofheid is die gebrek aan kommunikasie.
(Tracy, 1970:15) Gesproke taal is die normale en aan= vaarbare metode van kommunikasie. Normaalweg word 'n persoon se taalvermoë ontwikkel deur sy gehoor. Sonder die nodige opleiding beteken die doofgeborene se onver= moë om te hoor, ook 'n onvermoë om te kan praat en met ander persone te kommunikeer. (Roos, 1978:47-48)

Suran en Rizzo beklemtoon dat probleme by jong kinders kan ontstaan deurdat hulle nie in staat is om die aspekte van emosionaliteit wat verbaal gekommunikeer word, te verstaan nie. Hierdie emosionaliteit is vol= gens Suran en Rizzo 'n belangrike deel van die moeder-kind-verhouding. (1979:122)

Die maatskaplike implikasies, waar daar nie gemaklike kommunikasiepatrone geskep kan word nie, word op veler=lei terreine waargeneem. Die dowe kind deel nie in die meer subtiele gesinsinteraksie nie, en word derhalwe groot met gapings in sy sosialisering sowel as sy wêreldbelewing. (Elwell, 1975:53) Roos noem dat, as gevolg van gebrek aan begrip binne gesinsverband, dit hier is waar die dowe kind dikwels die meeste ly. (1978:54) Vernon kom tot die gevolgtrekking dat die meerderheid ouers van dowe kinders nie met hul kinders kan kommunikeer tensy dit op die mees oppervlakkige wyse geskied nie. Die enigste werklike kommunikasie, volgens Vernon, vind plaas wanneer ouers gebaretaal aanleer, en min ouers doen dit. Vernon beskou hierdie gebrek aan ouer-kind kommunikasie as: "...devastating and the result is that many deaf adults function in our society as isolates, ignorant of much about the world in which they live." ( (a), 1976:3) Volgens hom is dit nie nodig dat hierdie situasie bestaan nie, aangesien gebaretaal 'n oplossing in hierdie verband bied.

Geestelik kan die dowe beskou word as 'n geïsoleerde wese, weens sy gebrek aan 'n omgangsmedium met ander. (Nieuwoudt, 1958:29) Die grootste leemte in die dowe persoon se lewe is daarin geleë dat hy 'n gebrek aan taal het. Hy kan homself nie verstaanbaar maak nie en dit bring frustrasie mee. Die verwerwing van taal is derhalwe van uiterste belang vir die dowe, ten einde daartoe in staat te wees om sinvol met ander persone te kommunikeer.

Furth het reeds in 1966 tot die gevolgtrekking gekom dat die oorgrote meerderheid persone, wat doof gebore is, "do not acquire functional language competence, even after undergoing many years of intensive training." (1966:13)

Conrad het tot dieselfde gevolgtrekking gekom ten opsigte van die prestasies van dowes in Engeland. (1979:300) Dit wil voorkom of die prestasies van dowes in Suid-Afrika ook onder verdenking kom want Dr.Hamilton, Hoof van die De la Bat-skool bevraagteken die leesvermoë van dowe skoolverlaters. (1979:2)

Lilly Bruck bepleit die instelling van 'n "Disabeled Con= sumer Bill of Rights" en sê dat dowes die reg moet hê om te kommunikeer. Sy wys daarop dat dowes nie net inter= persoonlike kommunikasie ontneem word nie, maar ook uitgesluit is van die boodskappe en inligting wat die horende persoon daagliks, deur middel van sy gehoor, ontvang. (Goldensen, et al.,(Eds), 1978:141)

Godsdiensbelewing. Volgens Engelbrecht is dowes op hul gelukkigste in organisasies wat spesiaal geskep is om in hul besondere behoeftes te voorsien. (1956:25) Sutcliffe, self ook 'n dowe, wys daarop dat die dowes ook besondere behoeftes het ten opsigte van hul gods= diensbeoefening. (1979:1-9)

Ds. P. de la Bat, vroeëre skoolhoof van die Worcesterse Skool vir Dowes, was van mening dat 'n gewone erediens vir die dowe slegs uit twee stampe op die vloer bestaan, eerstens as die gebed gedurende die diens begin, en tweedens as daar "Amen" gesê word. (De la Bat, 1969:48)

Gesien in die lig van die dowe kind se taalgestremdheid, is 'n groot bron van inligting ook op die gebied van die godsdiens vir die dowe kind ontoeganklik. Die dowe se begrip van 'n onsigbare godheid, waarmee die mens kan kommunikeer sonder dat dié wese gesien word, ont= wikkel stadiger as dié van die horende persoon. By 'n groot aantal dowes is kommunikasie met 'n persoon wat nie gesien kan word nie, 'n vreemde en onnatuurlike situasie. (Sutcliffe, 1979:7)

Godsdiens berus dikwels op simboliek, beeldspraak en woordspeling. Vir die dowe is dit dikwels nie moontlik om die simboliek ten volle te begryp nie. Sutcliffe noem dat hy nooit die verbasing op sy dowe gemeentelede se gesigte sal vergeet toe hy eenmaal 'n pak sout op die preekstoel neergesit het, en sy teks: "Julle is die sout van die aarde" aangekondig het nie. (1979:7)

In Suid-Afrika is dit ook duidelik dat dowes ver= kies om saam met ander dowes te aanbid. Daarvan is die gemeentes wat gedurende die afgelope jare ontstaan het, 'n bewys. In Johannesburg hou vader Cyril Axelrod gereeld dienste vir Engelssprekende dowes, sowel as vir swart dowes. Ds. Nel het ook dienste vir dowes gehou in Germiston, en dit is goed ondersteun. In Pretoria word daar ook spesiale dienste gehou vir dowes deur ds. Van Heerden. Ook in die Wes-Transvaal word maandeliks 'n diens gehou vir die dowes van die omtrek. In die Wes-Kaap bestaan daar 'n volwaardige gemeente van die Nederduits Gereformeerde Kerk.

Houding van die samelewing. Tracy beskou die besondere gevolge van doofheid, as synde anders as die van ander gestremdhede. "...It was to be found in the attitude of those people who could hear, toward deafness." (1957:19)

Henderson meen dat dit vir die horende moeilik is om te verstaan wat doofheid behels. "It is very difficult for those with normal hearing to understand fully what deafness means; it can be truly appreciated only by the deaf themselves." (1974:51)

Moontlik is dit as gevolg van die bogenoemde onvermoë van die horende persoon om die dowe se leefwêreld te begryp, dat die houding van die samelewing elemente van jammerte, simpatie, oorbeskerming, nuuskierigheid, ont=

...../38

kenning, vrees, verwerping en diskriminasie bevat. (Roos, 1978:45-46)

Die houding van die dowe kind se ouers, teenoor die dowe kind en ook teenoor die kind se gehoorprobleem is van groot belang in die ontwikkeling van die dowe kind se persoonlikheid. Dunham (1978) wys daarop dat die vroeë identifisering van doofheid, veral indien dit by geboorte bekend word dat die kind doof is, 'n groter invloed het op die interpersoonlike verhouding wat die kind met sy ouers het, as wanneer die baba se doofheid later ontdek word. Dit word veronderstel dat, indien die ouers se vrees vir die moontlikheid daarvan om 'n gestremde kind te hê, nie onmiddellik opgewek word nie, word verhoudings meer natuurlik en spontaan gevorm tussen ouer en kind. (Goldensen, et al (Eds), 1978:22)

Dunham maak ook daarvan melding dat gesinne dikwels toegewyd daaraan werk om aan die gestremde kind in die gesin die nodige geleenthede vir ontwikkeling te skep. Voorbeelde hiervan is die aanleer van gebaretaal as kommunikasiemedium, of die aanleer van Braille-skrif. (Goldensen, et al.,(Eds), 1978:22)

Dunham waarsku egter dat die toegewydheid van die gestremde kind se gesin nie van so 'n aard moet wees dat dit grens aan oorbeskerming nie. Ouers wat hul kind se gebrek nie aanvaar nie, of wat die kind onbe=wustelik verwerp weens sy gebrek, maak hulself dikwels skuldig aan oorbeskerming. (Goldensen et al.,(Eds), 1978:22)

Verwerping is 'n gesindheid waarmee die dowe voortdurend in aanraking kom. Nieder-Heitman maak melding daarvan dat 'n dowe kind, wat nie toegelaat word om die kommu=nikasiemedium van sy eie keuse te gebruik nie, nie aanvaar word nie, aangesien hy nie kan bewys dat hy

normaal is nie. (1969:37) Roos wys daarop dat die dowe verwerping ook ervaar in die diskriminasie wat daar bestaan teenoor dowes. Volgens Roos word die dowe beskou as 'n tweedeklasburger.. (1978:46)

Vernon maak ook melding van die tweedeklasburgerskap van die dowe. Hy noem dat dowes nie in 'n posisie geplaas word waar hulle besluite oor hul eie lot kan neem nie. Horendes formuleer die welsyns= en onderwys= beleid namens die dowes moontlik omdat dowes nie as bevoeg beskou word om deel te hê in die proses van besluitneming nie. ((b), 1976:5-6)

Professionele persone veroorsaak dikwels dat ouers van dowe kinders die verkeerde gesindheid ten opsigte van doofheid ontwikkel. In Amerika, waar die gebruik van totale kommunikasie reeds verskeie jare aanvaar word, vind onderwysers nog dikwels dat ouers weerstand bied teen die aanleer van gebaretaal, aangesien gerespek= teerde medici die ouers gewaarsku het, dat gebaretaal hul dowe kind se kanse om te leer praat,bemoeilik. Dunham wys daarop dat hierdie situasie nie net 'n hele aantal geslagte dowes daarvan weerhou het om essensiële konsepte te ontwikkel nie, maar die dowe ook laat voel het dat hulle, as persoon, nie saak maak nie en dat dit wat vir die dowe natuurlik is, nie aanvaarbaar is nie. Die idee, dat die aanleer van spraak= en lipleesvaardig= hede die enigste wyse is waarop die dowe aanvaar kan word binne die groter gemeenskap, was volgens Dunham jare lank 'n beperkende aspek in die rehabilitasie van dowes. (1978:24)

## 2.3 UITEENSETTING VAN DIE DOOFWESE IN SUID-AFRIKA

### 2.3.1 GESKIEDKUNDIGE ONTWIKKELING VAN DIE DOOFWESE

Die lewering van maatskaplikewerk-dienste aan dowes, strek oor 'n tydperk van byna veertig jaar. Dit vorm 'n skerp kontras met die bestaan van onderwysdienste, met 'n ontwikkelingsgeskiedenis van wel oor 'n honderd jaar.

Hoewel die daarstelling van professionele maatskaplike dienste eers hul beslag gekry het in 1940, was daar reeds in 1929 binne die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes erkenning gegee aan die besondere behoeftes van dowes. Tydens 'n konferensie op 4 April 1929, is die volgende mosie aanvaar, naamlik: "This conference is of the opinion that there should be, in the very large centra of the Union, a responsible committee to watch the interests of the local deaf, to provide suitable facilities for them and deaf members of their congre= gation".

Op die vierde tweejaarlikse kongres van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, gehou in Bloemfontein in 1935, het dr.A.W.Blaxall (toe die voor= sitter) die noodsaaklikheid van die aanstelling van maatskaplike werkers beklemtoon. Ook van die kant van die skole vir dowes is daar op hierdie stadium kommer uitgespreek oor die problematiek rondom werk= verskaffing aan dowes, asook die aanpassingsprobleme waarmee dowes te kampe het nadat hulle die skool ver= laat het. In die lig hiervan is mnr.Wright toe aange= stel om oud-leerlinge van die Worcesterse Skool vir Dowes te besoek. Mnr.Wright was nie 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker nie, en het 'n salaris van R20 per maand verdien.

...../41

Gedurende hierdie tyd was die behoeftes van dowes akuut, aangesien daar groot getalle ongeletterde dowes was, wat by familie gewoon het op plase in die plattelandse ge= biede. Hierdie persone was nie daartoe instaat om met hul gemeenskap te kommunikeer nie, behalwe met behulp van gebare. Aangesien hierdie persone ook geen beroeps= opleiding ontvang het nie, was hul ekonomiese en maatskaplike funksionering swak.

Enige dienslewering in hierdie stadium, wat as die pre-professionele stadium van maatskaplikewerk-dienslewering gesien kan word, was op 'n korttermynbasis gelewer. Dit was toegespits op die verligting van onmiddelike finansiële nood.

Gedurende hierdie tyd is die meeste liefdadigheidswerk deur die kerke en ander semi-kerkinstansies gedoen. Die kerk het dan ook 'n belangrike rol gespeel in die welsyns= dienste vir dowes.

Engelbrecht beskou die oningeligtheid van die publiek as een van die vernaamste faktore wat daartoe bygedra het dat welsynsdienste vir dowes stadig ontwikkel het. Verder was daar ook onkunde oor die sosio-ekonomiese posisie van die dowe en het die horende gemeenskap ook nie besef dat dowes gespesialiseerde dienslewering nodig het nie. (1980:3)

Die ontwikkeling van spesiale geriewe vir die onderwys van dowes tesame met die ontwikkeling van maatskaplike dienste vir dowes, het geleidelik daartoe bygedra dat die posisie van die dowe verbeter het. Engelbrecht beskou die ontstaan en ontwikkeling van die eerste verenigings vir dowes ook as een van die belangrike bydraende faktore tot die verbetering van die posisie van die dowe. (1980:3)

...../43

In 1940 is mnr S.J.Els aangestel as die eerste maatskap= like werker vir dowes. Sy kantoor was in Johannesburg. Hierdie was 'n belangrike mylpaal in die ontwikkeling van maatskaplikewerk-dienste vir dowes. In 1943 het die eerste swart maatskaplike werker, mnr. A.Boshomane, diens aanvaar as maatskaplike werker. Hy en mnr.Els is deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes aan die Johannesburgse Vereniging vir Dowes gesekondeer.

Tot in die laat sestigerjare was hierdie twee maatskap= like werkers die enigste gekwalifiseerde personeel wat dienste aan dowes gelewer het. Gedurende hierdie tyd het die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes ver= skeie kere behoeftebepalings gedoen ten einde die daar= stelling van poste by ander verenigings te ondersoek, maar die uitslag hiervan was telkens negatief. Die Vereniging vir Dowes in Pretoria, het later die dienste van mnr Kruger, 'n afgetrede staatsamptenaar, bekom. Hy het na die behoeftes van dowes in die Transvaal om= gesien. Sy dienste is op vrywillige basis gelewer.

In die laat sestigerjare het die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes 'n tak geopen in Mowbray, Kaapstad. 'n Gekwalifiseerde maatskaplike werker is hier aangestel in die persoon van mev. Been. Later is ook twee Kleurlingwerkers aangestel by die Kaapstad kantoor.

Gedurende die sewentigerjare, veral as gevolg van die onverpoosde pogings van mnr. N.A.Gaum, direkteur van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, het maat= skaplikewerk-dienslewering vinnig uitgebrei. Tans is daar 15 maatskaplike werkers in diens van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes en bestaan daar ook takkantore in Port Elizabeth en Pretoria. In Durban, soos ook in Oos-Londen, is die kantore van die maatskaplike werkers verbonde aan die plaaslike vereni=

...../43

gings vir dowes. Salarisse van maatskaplike werkers word deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes gedra en deur die Staat gesubsidieer.

### 2.3.2 DIENSLEWERING AAN DIE DOWE IN SUID-AFRIKA

Spesifieke dienste vir dowes tel onder die oudste vorms van hulpverlening op die terrein van die maatskaplike sorg in Suid-Afrika en was aanvanklik veral toegespits op die daarstelling van onderwysfasiliteite vir hier= die groep. In 1863 het die Grimley Institute in Kaapstad, onder die beheer van die Dominikaanse Orde van die Rooms-Katolieke Kerk, tot stand gekom. Hierdie skool was veral met die onderrig van blankes gemoeid. Vir 'n geruime tyd was hierdie die enigste inrigting van die aard in die land, totdat die Doofstomme en Blinde Instituut, onder die beheer van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, in 1881 met formele onderwys vir dowes in Worcester begin is.

Die instituut in Worcester het voorsiening gemaak vir die onderwys van beide dowe en blinde leerlinge, maar in 1925 is dit in twee aparte skole omskep, omdat dit geblyk het dat die onderrig van hierdie twee groepe spesifieke onderwysmetodes verg. In 1926 het die destydse Departement van Unie-onderwys oorgegaan tot die subsidiëring van hierdie inrigtings. Met die aan= vaarding van die Beroepsonderwys en Spesiale Skole Wet in 1928, het spesiale onderwys vir die eerste keer sta= tutêre beslag verkry, ook ten opsigte van dowes. Hier= die wet is later gewysig deur die Wet op Spesiale Skole in 1948 en 1951 en later ook deur die Wet op Onderwys= dienste van 1967. (Potgieter, 1970:213)

In 1945 het die verslag van die Interdepartementêre Komitee oor Afwykende Kinders verskyn. Hierdie komitee

...../44

het onder andere aandag geskenk aan die besondere behoeftes en probleme van dowes. Hierdie komitee het veral klem gelê op die verbetering van spesiale onder=wysgeriewe.

Dienslewering aan dowes, op nasionale grondslag, is aansienlik bevorder met die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes in 1929. Hierdie Raad het onder meer aandag geskenk aan die beplanning en koördinering van dienslewering aan dowes. (Engelbrecht, 1980:3)

By geleentheid van twee Nasionale Konferensies is ook aandag gegee aan die hulpverlening aan dowes, te wete dié oor die Gestremde Kind, wat in 1967 in Pretoria gehou is, asook dié oor die Werkverskaffingsprobleme van Gestremdes, wat in 1970 in Johannesburg plaasgevind het.

Wetgewing in belang van dowes. Daar bestaan geen spesifieke wetgewing wat die dowes as groep raak nie. Die daaglikse lewe van dowes word gereël deur dieselfde wetgewing wat van toepassing is op elke burger in hier=die land. Geen spesiale voorregte is op dowes van toe=passing nie.

Aangesien dit wil voorkom of dowes in 'n groot mate hande-arbeid verrig (kyk supra 2.2.2) sal die Wet op Vakleerlinge van 1944 van belang wees vir die dowe. Hierdie wet maak voorsiening vir die opleiding van vak=leerlinge, wat ook van toepassing is op die opleiding van dowes vir sekere ambagte. Hierdie wet maak voor=siening vir skale van besoldiging, dit bepaal die aard van die praktiese opleiding sowel as die duur van die opleiding. Dit maak egter voorsiening daarvoor dat dowes vrygestel kan word van mondelinge en sekere teo=retiese eksamens. (Peters, (b), 1978:1-7)

...../45

Ook in die Kinderwet van 1960 word daar nie spesifiek voorsiening gemaak vir die spesiale behoeftes van die dowe kind nie. Daar is egter met die Sekretariaat van die Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene ooreengekom dat sorgbehoewende dowe kinders na 'n Kinderhuis gekomiteer kan word en dat die kind dan 'n skool vir dowes kan besoek ôf as dagskolier ôf as kos= ganger. Laasgenoemde groep kinders sal dan gedurende skoolvakansies na die Kinderhuis terugkeer en daar ver= sorg word. Die koste verbonde aan die versorging en opvoeding van die sorgbehoewende dowes sal gedeel word deur die Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene en die Departement van Nasionale Opvoeding. In die verlede is dikwels probleme ondervind deurdat geskikte pleegouers nie vir 'n dowe kind gevind kon word nie en Kinderhuise nie gewillig was om dowe kinders te aanvaar nie. Vakansie-ouers moes dan vir sorgbehoewende dowe kinders, wat gedurende die kwartaal in die koshuis woon, gevind word en ook hier is dikwels ernstige probleme ondervind. (Peters, (a), 1978:1-2)

<u>Bydrae van die Staat ten opsigte van die Versorging van Dowes</u>. Die Departement van Mannekragbenutting is in die breë gemoeid met die beroepsrehabilitasie van gestremde persone, en in soverre dit dowes aangaan, ook verantwoordelik vir indiensplasing van dowes. Indien moontlik word dowes in die ope arbeidsmark geplaas, maar indien so 'n plasing nie moontlik is nie, word die persoon in diens van beskutte arbeidsondernemings geplaas.

Dowes word in hierdie verband egter moontlik benadeel indien arbeidsbeamptes nie met dowes kan kommunikeer nie, en aanlegtoetse 'n sekere mate van taalvaardigheid vereis terwyl die dowe waarskynlik weinig taalvaardig= heid besit en moontlik slegs sinvol deur middel van gebaretaal kan kommunikeer. Dikwels word gevind dat

hierdie persone verwys word na die maatskaplike werker wat in diens van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes is. Hierdie persone is egter nie toegerus of op= gelei om arbeidsrehabilitasie te behartig nie en ervaar hierdie taak waarskynlik as 'n tydrowende las.

Die Departement van Nasionale Opvoeding is verantwoor= delik vir skole vir dowes. Daar bestaan tans ses spe= siale skole vir blanke dowes in die land sowel as een skool vir hardhorende leerlinge. Skole vir dowes word deur hierdie departement gesubsidieer ingevolge die Wet op Onderwysdienste van 1967. Met die uitsondering van die Fulton Skool vir Dowes in Natal, 'n Junior Skool, bied al hierdie skole onderrig aan dowes, vanaf die kleuterstadium tot standerd 10.

Die Departement Gesondheid, Welsyn en Pensioene maak voorsiening vir die beskikbaarstelling van gratis genees= kundige behandeling vir behoeftige dowes wat hospitalisa= sie nodig het. Mediese hulpmiddels in die vorm van gehooraparate word aan dowes verskaf in samewerking met die Departement van Nasionale Opvoeding. Die maatskap= like werkers, verbonde aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes onderneem die nodige veldondersoeke in hierdie verband en help dowes ook om die nodige aansoeke in te dien.

Die Col Rowland-tehuis vir dowe bejaardes word deur bg. departement gesubsidieer. Hierdie tehuis word beheer deur die Johannesburgse Vereniging vir Dowes en het 'n inwonertal van plus-minus twintig bejaardes.

<u>Bydrae van vrywillige welsynsorganisasies tot die versorging van dowes</u>. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes is die koördinerende liggaam ten opsigte van dienslewering aan dowes in Suid-Afrika. Die doel= stellings van hierdie Raad is as volg:

- Om die stigting van plaaslike verenigings vir dowes aan te moedig en die nodige leiding te gee.

- Om ondersoek in te stel na die omstandighede van dowes in Suid-Afrika en hulle belange te bevorder en te beskerm.

- Om kennis aangaande die dowes te versamel, uit te ruil en te versprei deur middel van pamflette en brosjures, deur die uitgee van 'n kwartaalblad en skakeling met die media.

- Om betroubare statistieke in verband met dowes daar te stel.

- Om advies en bystand van watter aard ookal te ver= leen aan dowes sowel as aan diegene wat met die opvoeding, opleiding, werk en welsyn van die dowe gemoeid is.

- Om as amptelike mondstuk van die geaffilieerde lede op te tree.

- Om met die regering saam te werk in aangeleenthede rakende die welsyn van dowes (Grondwet van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes).

Daar bestaan tans 13 verenigings vir dowes en die Raad beskik oor die dienste van 15 maatskaplike werkers en een supervisor. (Herbst, 1980:8) Maatskaplike werkers se salarisse word deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes en die Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene gesubsidieer. Plaaslike verenigings het egter geen beheer oor hierdie maatskaplike werkers nie, daar hulle werknemers van die Nasionale Raad is en beleid aldaar neergelê word.

...../48

### 2.3.3 LEEMTES IN DIE DIENSLEWERING AAN DOWES

Indien dowes nie beskik oor kommunikasievaardighede wat hulle in staat stel om sinvol met hul omgewing te kommunikeer nie, is die grootste leemte ten opsigte van dienslewering aan die dowes waarskynlik dat bronne in die gemeenskap vir dowes ontoeganklik is. Dit is ook moontlik dat bronne wat tot die beskikking van die dowe gemeenskap is, nie aan hulle bekend is nie en hulle derhalwe nie daarvan gebruik maak nie.

Die dowe persoon wat nie daartoe in staat is om gemak= lik te liplees nie, of wat nie gemaklik verstaan kan word deur die horende gemeenskap nie, omdat die persoon se spraakvermoë swak is, mag bronne ontoeganklik vind omdat so 'n persoon nie met persone wat hierdie bronne administreer en versprei,kan kommunikeer nie. (Polakoff, 1980:88)

Maatskaplike werkers wat dienste lewer aan die dowe gemeenskap het daarop gewys dat dowes dikwels nie van die bronne in die gemeenskap gebruik kan maak nie daar hulle nie in 'n ander medium as gebaretaal kan kommuni= keer nie. Volgens Conrad word ondervind dat dowes byvoorbeeld nie met verpleegpersoneel in die hospitaal kan kommunikeer nie. (1979:1) As maatskaplike werker in Johannesburg was hierdie ontoeganklikheid van bronne vir die skrywer dikwels 'n bron van frustrasie aangesien dit so moeilik is om byvoorbeeld 'n psigiater of siel= kundige te vind wat die kommunikasiegebreke van die dowe kliënt kan oorkom en behandeling suksesvol kan toepas. Telkens het sodanige persone gepoog om dienste te lewer aan die dowes, maar dienslewering is telkens gestaak as gevolg van gebrekkige kommunikasie tussen kliënt en terapeut.

...../49

Dit wil voorkom asof tolkdienste hierdie probleme ten opsigte van die ontoeganklikheid van bronne, kan verlig. Daar bestaan egter nie georganiseerde tolkdienste vir dowes nie en laat 'n leemte binne die veld van diensle= wering in die doofwese.

'n Verdere leemte in die dienslewering van dowes word gevind op die gebied van bejaardesorg. Daar bestaan slegs twee tehuise waar vir die spesifieke behoeftes van dowe bejaardes voorsiening gemaak word, terwyl daar tien sulke tehuise vir blindes opgerig is. Dowes, met hul gemeenskaplike kommunikasiemedium, gebaretaal en hul klaarblyklike onvermoë om met die horende gemeenskap te kommunikeer, het moontlik behoefte daaraan dat dien= ste in hierdie verband uitgebrei word.

Ook op die gebied van dienslewering aan meervoudig-gestremde dowe persone word daar 'n leemte ondervind. Daar bestaan slegs een werkswinkel waar hierdie persone in diens is. In Wes-Transvaal is vyftien meervoudig-gestremde persone gedurende 1979 opgespoor. Hierdie persone se families wou egter nie instem dat hierdie dowes in diens geplaas word by die bestaande werkswinkel in Worcester nie, omdat hulle nie daarvoor kans sien dat die betrokke familielid so ver weg gaan nie. Fasiliteite van hierdie aard behoort in groter mate tot die beskikking van dowes gestel te word.

Die behoeftes van dowes is relatief onbekend aan die horende gemeenskap. Die rede hiervoor is waarskynlik daarin geleë dat doofheid nie 'n sigbare gestremdheid is nie. Die persoonlikheidseienskappe, eie aan dowes, naamlik gebrek aan selfvertroue, hipersensitiwiteit, gevoelens van skaamte en minderwaardigheid en wantroue dra moontlik ook verder daartoe by dat dowes nie promi= nensie binne die gemeenskap geniet nie. Hierdie persoon= likheidseienskappe, gekoppel aan die dowe se probleme

ten opsigte van kommunikasie met die horende wêreld, verskaf moontlik die rede vir die onbekendheid van dowes se probleme en behoeftes. Ten einde hierdie situasie, wat waarskynlik aanleiding gee tot leemtes in dienslewering, die hoof te beid, sal 'n daadwerklike bekendstellingsprogram moontlik nodig wees. Dowes be= hoort die geleentheid te kry om hul behoeftes en pro= bleme bekend te maak. Hoewel daar liggame bestaan wat die belange van dowes dien, naamlik die Verenigings vir Dowes en die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, is dowes veral in laasgenoemde Raad, moontlik nie na wense verteenwoordig nie. Daar is byvoorbeeld slegs twee dowe persone verkies op die dagbestuur van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes. Hierdie Raad, bestaande uit dertien lede, behoort daarna te streef om groter verteenwoordiging aan dowes te gee. In die lig van die ingewikkeldheid van die probleem van doofheid, is dowes waarskynlik die mees bevoegde persone om dienslewering te beplan, aangesien hulle in noue kontak is met dowes en hul behoeftes.

'n Uitgebreide studie wat doofheid in alle fasette ondersoek, ten einde probleme en behoeftes wat dowes ondervind uit te lig, is nodig sodat dienslewering beplan kan word en leemtes uitgeskakel word.

# HOOFSTUK 3

# DIE SPRAAKBENADERING VAN ONDERWYS VIR DOWE KINDERS

## 3.1 INLEIDING

Die spraakbenadering word as beleid in Blanke, Kleurling en Indiërskole vir dowes in Suid-Afrika aanvaar. (Van der Merwe, 1980:79) Hierdie beleid vereis dat dowe kinders so vroeg as moontlik spraakopleiding moet ontvang. Volgens Naudé word taal deur middel van spraak en liplees aan die kind geleer en die gebruik van gebare word nie toegelaat nie. (1979:13)

Die vroeë identifisering van doofheid by 'n kind asook die gebruik van gehooraparate word binne hierdie benadering beklemtoon. Die beginsel wat geld is dat dowe babas vanaf so vroeg moontlik, gehooropleiding moet ontvang. Geen kind is so doof dat daar geen klank gehoor kan word nie. By die oorgrote meerderheid dowe kinders is daar gehoorreste wat ontwikkel kan word. (Gouws, 1978:3)

'n Besinning oor die invloed van hierdie benadering, die sukses wat daarmee behaal is en die gevolge daarvan, is van die uiter=ste belang. Die sukses of mislukking van hierdie benadering raak die dowe in sy totale menswees, aangesien die vermoë om te kommunikeer die grondslag vorm vir die mense se bestaan. Die mate waartoe die spraakbenadering die dowe toerus of nie toerus met die nodige kommunikasievaardighede nie, is van be=lang.

Dit wil voorkom of die spraakbenadering nie so suksesvol is as wat aanvanklik gemeen is nie. Die meer onlangse publikasies oor doofheid toon 'n groterwordende ontnugtering met die spraak=benadering en begin al meer wys op die behoefte vir meer buig=baarheid in die onderwysbeleid. (Conrad, 1979; Goldensen, 1978; Cohen, 1978; Stokoe, 1978 en Brown, 1977)

...../52

Daar bestaan uiteenlopende menings onder kenners van die doof=wese ten opsigte van die verskillende onderwysbenaderings. Uitsprake is dikwels emosioneel gelaai en nie gegrond op empi=riese navorsing nie. Vervolgens sal die spraakbenadering uit=eengesit word in terme van die aannames waarop dit gebaseer is en die doelstellings wat dit voorhou, waarna 'n evaluasie van bestaande literatuur sal volg. Ten slotte sal die skrywer dan 'n kritiese evaluasie van die spraakbenadering maak, in die lig van die situasie van die dowe in Suid-Afrika.

## 3.2 DIE SPRAAKBENADERING VAN ONDERWYS

Binne die spraakbenadering van onderwys kan die volgende ken=merke uitgelig word, naamlik dat die dowe kind so gou as moont=lik opgespoor en van 'n gehoorapparaat voorsien moet word. Alle moontlike gehoorreste, soos deur oudiologiese toetse bepaal, word ontwikkel en die dowe kind word geleer om te lui=ster en sodoende te hoor. Die gebruik van 'n gehoorapparaat word derhalwe beskou as een van die basiese hulpmiddels. (Nieuwoudt, 1980:19)

Nadat die dowe kind 'n gehoorapparaat ontvang het, begin die kind se spraakopleiding. Onder leiding van die spraakterapeut word die kind geleer om woorde te sê. Ouers ontvang ook leiding ten opsigte van die hantering van hul kind ten einde te verseker dat die kind die nodige spraakoefening kry en ook om te verseker dat die kind so ver moontlik gestimuleer word om te praat. Enige invloed wat die moontlikheid van spraakontwikkeling kan strem, word waar moontlik uitgeskakel en woordopleiding geniet voorrang gedurende die voorskoolse stadium. Die rol van die ouers as onderwyser, word gedurende hierdie stadium beklemtoon. (Du Toit, 1980:13-16)

Daar word aanbeveel dat dowe kinders so vroeg moontlik, selfs so vroeg as op tweejarige leeftyd, tot 'n skool vir dowes toe=gelaat word. Die kind word dan tot die kleuterafdeling van

die skool toegelaat waar hy verder kommunikasie opleiding ont= vang. Die program in hierdie afdeling bestaan daaruit dat die onderwyser in eenvoudige taal met die kleuter praat. Dit kos egter baie tyd en geduld voordat die kind leer om woorde na te boots en self met die lippe te vorm. Die basis vir liplees, spraak, taal, getalle, skrif en teken word hier gelê. (Nieuwoudt, 1980:19)

Na drie tot vier jaar bywoning van die voorskoolse afdeling word die dowe kind oorgeplaas na die primêre afdeling en voor= taan word akademiese materiaal deur middel van spraak en lip= lees aan die dowe kind oorgedra.

Onderwysers gee ook aandag aan die persoonlikheidsontwikkeling van die dowe kind. Aspekte soos goeie maniere, onderskeiding tussen reg en verkeerd, netheid op die persoon, om te gee en te neem en hoe om met maats te verkeer, geniet aandag. (Nieuwoudt, 1980:20)

Die meeste van die skole vir dowes het ook sekondêre afdelings waar meestal praktiesgerigte kursusse gevolg word, aangesien die oorgroter meerderheid van die leerlinge weens hulle taal= beperking nie in 'n suiwer akademiese rigting so ver as die normale leerling kan vorder nie. (Nieuwoudt, 1980:21)

Die klem val derhalwe op die praktiese vakke. Vir die leerlinge wat oor die verstandsvermoë beskik en die aanleg daarvoor het, word daar wel voorsiening gemaak om in 'n akademiese rigting te studeer, in uitsonderlike gevalle ook tot op universiteits= vlak.

## 3.3 AANNAMES WAAROP DIE SPRAAKBENADERING GEBASEER IS

3.3.1 Ekspressiewe en reseptiewe (ontvangs-) kommunikasie is een entiteit. Beide vaardighede is aanwesig by elke dowe kind en moet ontwikkel word.

3.3.2 Alle dowe kinders kan leer praat en liplees. Crouter skryf: "Any deaf child that cannot be instructed orally, cannot be instructed at all". (1911:226)

3.3.3 Die dowe kind het nie 'n basiese kennis van taal nodig ten einde daartoe in staat te wees om te leer liplees nie. Thompson beweer dat spraak slegs deur middel van liplees aangeleer kan word. Hy meen verder dat, indien daar van kleins af met 'n dowe gepraat word, hy later sal terugantwoord. (Nieder-Heitman, 1969:23)

3.3.4 As die dowe kind gebaretaal gebruik, veroorsaak dit taalverwarring. Dit is die sogenaamde "dofie"-taal waarna dikwels verwys word. Die dowe maak na bewering gereeld daarvan gebruik. (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes Omsendbrief 33/76:4)

3.3.5 Die gebruik van gebaretaal sal die ontwikkeling van spraak en liplees inhibeer. As 'n persoon die geleent=heid het om gebaretaal te gebruik, sal hy nie probeer om van spraakkommunikasie gebruik te maak nie. Die pad van minste weerstand sal gevolg word. (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes Omsendbrief 33/76)

3.3.6 Die gebruik van gebare as kommunikasiemiddel sal tot gevolg hê dat die dowe kind se gedagtewêreld stagneer op die konkreet-visuele, en sal veroorsaak dat latere ontwikkeling met betrekking tot spraak en liplees asook verwerwing van akademiese kennis, vertraag word. (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes Omsendbrief 33/76)

## 3.4 DOELSTELLINGS VAN DIE SPRAAKBENADERING

3.4.1 Spraak sal aan die dowe gebied word as primêre kommuni=kasiemiddel. Daar word allerweë 'n hoë prioriteit

geplaas op die verwerwing van spraakvaardigheid by die dowe. Ouers is veral gretig dat hul dowe kind moet leer praat. Dit wil voorkom asof daar veel waarde geheg word aan die vermoë om te praat. Volgens die destydse Romeinse Reg, het 'n persoon slegs volle wetlike status verkry indien hy kon praat. Dit het veral gegeld ten opsigte van dowes. (Strydom, 1971:24) Die vermoë om te kan praat het dus van vroeg af status verleen aan die individu. Binne die spraakbenadering word dan by uitstek gepoog om aan die dowe die status van "pratende burger" te gee.

3.4.2 Die doel van skoolopleiding is om akademiese materiaal deur middel van spraak aan die dowe kind oor te dra. (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes Omsendbrief 33/76)

3.4.3 Alle dowe persone is deel van 'n "horende wêreld" en moet daarby aanpas. Die integrasie van dowes in die horende samelewing is 'n saak wat hoë prioriteit geniet in die programme van skole en inrigtings wat dowes se belange bevorder. Daar die wêreld van die horende as dominant beskou word, word die dowe die kommunikasiemedium van die horende wêreld gegee ten einde daarbinne aan te pas. (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes Omsendbrief 33/76)

## 3.5 DIE UITSPRAKE VAN KENNERS OP DIE GEBIED VAN DIE DOOFWESE MET BETREKKING TOT DIE SPRAAKBENADERING

In 1870 skryf Cochrane dat leerlinge wat deur middel van die spraakbenadering onderwys ontvang, vroeër moet skool toe kom en dat hulle ook drie of vier jaar langer sal moet bly. (Nieder-Heitman, 1969:23) In 1959 wys Engelbrecht daarop dat dowes drie tot vier jaar langer neem om dieselfde opvoedkundige peil te bereik as horendes. (1956:296)

...../56

Emma Garret skryf in 1881 dat die dowes ook verstandelik ontwikkel kan word deur liplees en spraak aan hulle te leer. Bell beweer eg= ter dat taal nie deur liplees alleen aangeleer kan word nie. Elliot (1893) het die gebruik van gebare en vingerspel verdoem. As daar dowes is wat nie spraak kan behartig nie, moet hulle nog= tans deur die "spraakmetode" onderrig word Dit sal volgens Elliot vir die dowe net so waardevol wees as die gebaremetode en dit sal die dowes met die horende wêreld vertroud maak. Thompson meen dat taal slegs deur spraak en liplees aangeleer kan word. Volgens hom is van al die oorspronklike onderrig-metodes, die gebarebenadering eers later in gebruik geneem. Donaldson skryf dat dowes binne die spraakbenadering veel beter kontak met die wêreld maak; dat hulle instruksies van hul werkgewer kan liplees, dat hulle met hul medewerkers kan praat en selfs in persoonlike gesprekke met hulle betrokke kan raak. (Nieder-Heitman, 1969:23)

Orcutt maan egter tot versigtigheid aangesien hy van mening is dat daar tog plek vir gebare gelaat moet word. Hy waarsku dat 'n dowe na skoolverlating in 'n moeilike posisie kan beland indien sy kommunikasie faal. (Nieder-Heitman, 1969:23)

In 1908 skryf Tillinghast van "oral-failures" en benadruk dat onderwysers behoort "to study each child as it develops and always sacrifice the method to the child and never the child for the method". Crouter (1911) was van mening dat die spraak= benadering vir alle klasse bedoel is. Al voorwaarde is 'n intelligente onderwyser en 'n opvoedbare kind. Volgens hom is artikulasie belangriker as spraak-verstaanbaarheid. Hy sê dat spraak 'n dowe se brein ook beter ontwikkel. Volgens hom is liplees die hoeksteen van die spraakbenadering en dit is nie van belang of die kind se gedagtes uitgespreek word in spraak, skrif of spel nie. (Nieder-Heitman, 1969:24)

In 1920 bied Wheeler tien redes aan waarom artikulasie nie by die Hartford-Skool gebruik word nie. Wood (1939) beveel die gebruik van gehoorapparate aan vir die ontwikkeling van die

...../57

kind se spraak. Sy skrywe dat leerlinge altwee hul hande op die onderwyser se gesig moet hou tydens spraakopleiding. Stevenson waarsku dat te veel tyd aan spraak ten koste van lees en taal bestee word. Nelsa wys daarop dat, hoewel daar groot wetenskaplike vooruitgang gemaak word op die gebied van die klankwetenskap, daar maar min vordering met die verstaanbaar= heid van dowes se spraak te bespeur is. (Nieder-Heitman, 1969:25)

Van Uden en Van Uden (1956), Ewing (1964) en Dale (1969) neem sterk standpunt in teen die gebruik van gebare en tekens deur ouers wanneer hulle hul dowe kind aanspreek. Hulle beveel aan dat ouers hul stem en veral hul gesigsuitdrukkings moet gebruik as leidrade gedurende sodanige kommunikasie. Van Uden en Van Uden is van mening dat die dowe kinders onder sulke omstan= dighede, waar gebare gebruik word, die gewoonte sal aanleer om gebare te gebruik en nie sy stem nie. "Such a child will be rendered dumb as a result of the use of sign language." (Gouws, 1978:5) Dassen (1962) meen dat indien 'n kind volhard in die gebruik van gebare, sy gedagtes sal stagneer op die vlak van die konkreet visuele, wat sy latere ontwikkeling sal vertraag. Van Uden beskou die voorkoming van die aanleer van gebaretaal in die geval van die jong dowe kind as een van die belangrikste aspekte van 'n suksesvolle tuisopleidingsprogram vir dowe kinders. (Gouws, 1978:5-6)

In 1970 sê Van Uden dat indien dowe kinders deur middel van die spraakbenadering op die verkeerde manier geleer word om te kommunikeer, hulle met mekaar in gebare sal kommunikeer. Hy sê dat hulle 'n primitiewe gebaretaal van hul eie opbou. Daar= mee saam bou hulle ook 'n eie lewensuitkyk, anders as dié van die horende op. Hoe verder hierdie situasie toegelaat word om te ontwikkel, hoe moeiliker sal die onderrig van spraakkommu= nikasie en taal word. (Gouws, 1978:5-6)

In 1968 verwys Du Toit, prinsipaal van die Worcester Skool vir Dowes, tydens 'n nasionale kongres oor die gestremde kind,

...../58

na William Stokoe se bevindinge oor die gebruik van gebaretaal. Hy het bevind dat gebaretaal geen sintaktiese reëls het nie en swak vergelyk met gesproke taal ten opsigte van uitdrukkings=vermoë. Verder is gebaretaal ook gebonde tot die konkrete en kan nie die vlak van konstruktiewe rasionalisasie en abstraksie bereik nie. Gebaretaal word verder ook beskou as 'n eie/ander taal, wat nie die funksie van gesproke taal kan vervul nie, en wat ook nie daarmee saam gebruik kan word nie. Du Toit beskou die verwerwing van verbale taal derhalwe as een van die mees basiese behoeftes van die dowe kind. (1968:93-94)

Ook Nieuwoudt merk in hierdie verband op dat die doel van die spraakbenadering "is to try to bring the deaf as near as possible to the social conditions of their hearing fellow-men". Volgens hom kan gebaretaal nie tot bogenoemde proses bydra nie. (1958:31)

Professor William Stokoe, professor in Linguistiek en Engels aan Gallaudet College, verklaar egter in 1977, tydens 'n kon=gres oor gebaretaal, dat: "Sign must be given central impor=tance - I repeat, central importance - if education of the deaf is ever to achieve more than the lamentable effect." (1978:5)

Kritiek op die spraakbenadering word in toenemende mate deel van die literatuur wat tans beskikbaar word. Veral die standaarde wat by skole gehandhaaf word waar die spraakbenade=ring toegepas word, word deur skrywers gekritiseer.

Watson (1976:6) noem dat daar algemene ontevredenheid bestaan met die eindresultaat wat behaal word binne die spraakbenade=ring. Hy vra vir 'n metode om die sisteem beter te laat funk=sioneer. Dr. Denton van die Maryland Skool vir Dowes sê: "If we find speech and lipreading adequate, it is not necessary to add any other method. With many hard-of-hearing children and perhaps a few deaf ones this is the case." (Nieder-Heitman, 1969:37)

...../59

In 'n referaat, aangebied tydens die kongres van die British Deaf Association in Eastbourne, het dr. Conrad van die Mediese Navorsingsraad van die Departement Eksperimentele Psigologie in Oxford, die bevindinge bekend gemaak van die navorsing wat die Mediese Navorsingsraad die afgelope jare onderneem het. Hierdie navorsing was daarop gemik om die kommunikasievermoë van dowe skoolkinders te toets. Conrad sê dat aanvaar word dat kinders in skole vir dowes minstens sal leer om met ander mense te kommunikeer, al leer hulle niks anders op skool nie. Aangesien die meeste ander mense horend is beteken dit dat die kommunikasievermoëns wat nodig is, bestaan uit spraak, liplees, lees en skryf. Hierdie navorsing is onderneem omdat die resultate wat in skole vir dowes behaal word nog nie voorheen empiries ondersoek is nie.

Conrad se navorsing het bestaan uit drie hoofgroepe toetse waarin leesvermoë, lipleesvermoë en laastens spraakkwaliteit getoets is. Conrad merk dat indien daar suksesgevalle (persone wat met sukses deur die spraakbenadering onderrig is) is, hulle nie in Engeland in skole vir dowes te vinde is nie. Hy noem verder dat in al die Engelse skole vir dowes, hy slegs 'n halfdosyn dowe kinders gevind het wat die leesvermoë van horende kinders ewenaar. Wat die lipleesvermoë van dowe kinders betref, het Conrad bevind dat dowe kinders ernstige probleme ondervind met liplees. Hy skryf dit toe aan swak taalkennis. Bevindinge ten opsigte van die spraakvermoë van dowe kinders en die verstaanbaarheid daarvan, wys dat 70% van die kinders se spraak, òf moeilik is om te verstaan, òf onmoontlik is om te verstaan.

Verder noem Conrad dat daar algemeen deur die betrokkenes by die spraakbenadering aanvaar word dat kinders wat gebaretaal gebruik gedurende die kleuterstadium, spraak= en lipleesvaardig=hede moeilik baasraak. Conrad het bevind dat daar geen verskil is tussen die spraak van dowe kinders wat voorskools leer praat en liplees het, en dowe kinders wat voorskools gebaretaal aan=geleer het nie. Daar is egter gevind dat kinders wat gebare=taal aangeleer het, beter liplees en ook beter lees. Studies

...../60

van Meadows (1967), Stuckles en Birch (1966) en ook White en Stevenson (1975) en Smith (1975) ondersteun Conrad se bevinding.

Conrad wys ten slotte daarop dat daar dikwels beweer word dat 'n klein minderheid dowe kinders nie baat vind by die spraak= benadering nie. Sy navorsing toon dat hierdie minderheid in werklikheid 57% van die kinders insluit - in werklikheid dus 'n meerderheid. ((b), 1979:2-5)

Mary Courtman-Davies wys daarop dat ouers dikwels tevrede is wanneer onderwysers hulle die versekering gee dat hul dowe kind goed vorder. Sy verwys na 'n voorval waar ouers verseker is dat hul sewejarige dowe dogtertjie "Was doing very well indeed" terwyl gestandardiseerde spraak= en taaltoetse daardie selfde dag gewys het dat sy soveel van spraak en taal snap as 'n kind van twee-en-'n-driekwart jaar oud en dat sy haarself op dieselfde vlak kan uitdruk. (1979:86-87) Standaarde vir spraak= en taalvermoë is ook volgens Courtman-Davies nie hoog genoeg nie. Sy skryf dit toe daaraan dat onderwysers te gewoond raak aan lae standaarde en die kriteria waarmee hul meet dus nie voldoen aan die vereiste standaard nie.

Naudé wys daarop dat kritiek op die spraakbenadering nie soseer gemik is op die metode nie, en dat dit daarom nie gaan om die meriete van die spraakbenadering nie, maar dat die kritiek eerder gemik is op die omstandighede wat kan verhinder dat die benadering met sukses toegepas word. (1979:13)

Wanneer die literatuur oor die spraakbenadering ontleed word, blyk dit dat uitsprake oor die wenslikheid van die spraakbena= dering nie vergesel word van empiriese studies nie. Min navor= sing is gedoen oor die sukses wat behaal kan word met die spraakbenadering tot laat in die sestiger jare. Selfs tóé het navorsing nie werklik die sukses of mislukking ondersoek nie, maar het dit gesentreer rondom aspekte soos: die invloed van gebaretaal op die ontwikkeling en prestasies van die dowe kinders. In hierdie verband word verwys na die werk van

Quigley en Frisina (1961) wat feitlik geen verskil in die spraak= en taalvermoë van kinders wat voorskools handgebare gebruik het en die voorskoolse kinders met wie slegs gepraat is, kon vind nie. Hulle het in werklikheid bevind dat die eersgenoemde groep 'n beter woordeskat besit. Die navorsingsresultate van Stuckles en Birch (1966 - twee navorsingsverslae) het gewys dat dowe kinders wat vroeg reeds gebaretaal aangeleer het 'n voorsprong het ten opsigte van leesvaardigheid (ses maande van lees-ouder= dom) en ook dieselfde voorsprong toon ten opsigte van liplees-vaardigheid. Op hierdie trant het navorsing in die V.S.A.al meer verfynd geraak en het die resultaat van die opvoedings= metodes al meer na vore gekom. Die resultate wat behaal is in skole vir dowes is meer en meer vergelyk met die vermoëns van horende kinders ten opsigte van leesvermoë en ook spraak en liplees en die lae standaard van prestasies van die dowe kind het al meer die onderwerp van studie geword.

Gedurende die sewentiger jare is al meer gevra na die resultate van die spraakbenadering, aangesien daar in Amerika in 'n hele aantal skole 'n verandering in beleid gekom het, en gebare en vingerspel deel geword het van die kommunikasiemedium by die skole. Hierdie skole sluit in Maryland Skool vir Dowes, in Kendall Green Skool vir Dowes, California Skool vir Dowes in Los Angeles, California Skool vir Dowes in San Francisco en Gallaudet Kollege Universiteit vir Dowes in Washington, D.C. Ook in Australië is die spraakbenadering by twee skole, naamlik die New South Wales Skool vir Dowes in Sidney, asook die Victoria Skool vir Dowes in Melbourne gewysig, deurdat gebare en vingerspel daarin toegevoeg is. (Nieder-Heitman, 1969:6)

In die laat sewentiger jare het Conrad sy navorsing oor die resultate van die onderwysstelsel in Engeland voltooi en dit het aan die lig gebring dat dowe kinders nie noemenswaardige kommunikasievaardighede het wanneer hulle die skool verlaat nie. Conrad sê in sy jongste boek dat dit tot op hede nie nodig was vir die spraakbenaderingentoesiaste om hierdie benadering te verdedig nie, maar dat die situasie nou verander

het. Hy noem dat daar ter verduideliking van die probleme binne die spraakbenadering aangevoer word dat hierdie benade= ring nie suksesvol is nie aangesien doofheid nie vroeg genoeg ontdek word nie, en aangesien dit te duur is om genoegsame klankversterkers in die vorm van gehoorapparate en luidspreker= stelsels in die skole aan te bring. Conrad wys dan daarop dat doofheid, in die helfte van die gevalle waar kinders doof gebore word, eers gediagnoseer word wanneer die kind omtrent drie jaar oud is. Verder wys hy daarop dat die gebruik van klankversterking ook beperkinge het en dat daar 'n stadium in klankversterking bereik word veral waar die gehoorverlies groot is, dat verdere versterking geen bruikbare informasie kan verskaf nie en in werklikheid selfs fisiese pyn veroorsaak. Conrad merk dan op dat geen opvoedkundige stelsel kan voortbe= staan indien die omstandighede wat noodsaaklik is vir die korrekte implimentering daarvan nie geskep kan word nie. ( (a), 1979:304-305)

'n Hele aantal skrywers wys egter nie net op die feit dat resultate behaal met die spraakbenadering van onderwys nie na wense is nie, maar wys ook op die moontlike sielkundige gevolge van hierdie benadering. Skrywers wat in hierdie verband 'n bydrae gelewer het, is Furth (1966), Nieder-Heitman (1969), Sussman en Stewart (1978) en ook Cohen (1978). Dit wil voor= kom of die sielkundige gevolge wat deur hierdie skrywers aangesny word ook vir die maatskaplike werk belangrik is en dit sal dan in die lig daarvan bespreek word.

Furth (1966:13) noem dat die oorgrote meerderheid doofgeborenes onder die huidige onderwysstelsel nie funksionele taalvaardig= heid verwerf nie. Selfs na baie jare van intensiewe opleiding in spraak en liplees, toon die dowe nie noemenswaardige taal= vaardighede nie. Furth wys verder ook daarop dat die spraak= benadering moontlike sielkundige skade tot gevolg kan hê.

Persone wat leiding gee aan ouers van dowe kinders, oorbeklem= toon dikwels die absolute noodsaaklikheid daarvan dat dowe

kinders moet leer praat en dat dit so vroeg moontlik moet geskied. Na sy wete word ouers van dowe kinders nie aangemoe= dig om die gebaretaal van die dowe aan te leer nie. So word die dowe kind en sy ouers gelei om spraak en liplees te beoefen en ontmoedig om gebare te gebruik, en word dus sonder 'n medium van kommunikasie gelaat. Ouers probeer om in hierdie omstandig= hede die persoon wat leiding gee, gewoonlik 'n onderwyser, se advies getrou navolg aangesien hulle die kind se belange op die hart dra. In die tussentyd word die kind ouer, vyf of ses jaar oud, en in hierdie stadium is die vlak van moontlike kommu= nikasie primitief, en skaars verhewe bo die tekens wat mense gebruik ten einde met hul troeteldiere te kommunikeer. Die kind verstaan by implikasie dat die horende gemeenskap en ook sy ouers hom nie lief het soos hy is nie, maar dat hulle hom net sal aanvaar indien hy leer praat. Hy is dus ontneem van die onvoorwaardelike aanvaarding wat die grondslag is van nor= male, gesonde ontwikkeling by enige kind. (Furth, 1966:205)

Ook Nieder-Heitman wys daarop dat dowe kinders nie onvoorwaar= delik aanvaar word nie. Binne die spraakbenadering word vol= gens hom, by implikasie aan die kind gesê: "As jy nie kan bewys dat jy normaal is deur te praat en te liplees nie, sal ek jou verwerp deur te weier om met jou te kommunikeer." Vol= gens hom is dit die boodskap wat ouers en onderwysers aan kinders oordra indien hulle die spraakbenadering onversetlik afdwing op die dowe kind. (1969:37)

Sussman en Stewart (1978:9) wys daarop dat ouers dikwels bedreig voel deur hul kind se doofheid en dat hulle dan oorkom= penseer deur te hoë verwagtinge te koester ten opsigte van hul kind se spraak en lipleesvermoëns. Hierdie onrealistiese doel= stellings lei tot frustrasie aangesien dit selde bereik word. Sussman en Stewart verwys na 'n gevallestudie wat volgens hulle verteenwoordigend is van 'n groot persentasie gevalle waar dowes binne 'n streng "spraak-milieu" grootword, en beklemtoon dat die fondamente van self-verwerping nie maklik uitgeruk word as dit gedurende die kinderjare gelê word nie.

Hulle siening is dat dit belangrik is vir die dowe om die nodige aanpassings in sy lewe as 'n dowe persoon, eerder as 'n swak voorstelling van 'n horende persoon te maak. (Kyk Aanhangsel B)

Die aanpassing van die dowe by die wêreld van die horende word as 'n belangrike aspek van die spraakbenadering beskou. Hier= die aanpassing in die horende wêreld is dan ook een van die doelstellings wat die spraakbenadering nastreef. Dowes bevind hulle egter nie uitsluitlik <u>in</u> 'n horende wêreld nie. (Nieder-Heitman, 1969:50) Dowes trou gewoonlik met mekaar. 'n Sekere aantal het dowe kinders, maar 'n groot aantal het horende kinders. Sommige dowes het dowe families, maar die meeste het ook horende familie. Die bure is meestal horend, die dowes werk meestal saam met horendes, maar die grootste aantal dowes verkeer die grootste deel van hul sosiale lewe saam met ander dowes. Verder is gevind dat dowes, as hulle betrokke raak by georganiseerde godsdiensbeoefening, dit saam met ander dowes deur middel van gebaretaal doen ten einde dit verstaanbaar te kan maak. (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes Omsendbrief 33/76)

Binne die spraakbenadering word aanvaar, indien daar probleme van 'n sielkundige of emosionele aard, as gevolg van beperkte kommunikasie tussen ouer en kind bestaan, is hierdie probleme nie so belangrik nie mits 'n suiwer spraakomgewing vir die dowe kind gehandhaaf word. In hierdie verband het ondervind= ing en navorsing aangetoon dat ernstige sielkundige en emo= sionele probleme ontstaan wanneer gebrekkige kommunikasie tussen ouer en kind bestaan. (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes Omsendbrief 33/76) Sussman en Stewart wys verder op die gevaar van bestraffing, wanneer van handgebare gebruik gemaak word. Die kind voel dat sy ouers hom verwerp, en later verwerp hy ook homself. (1978:1-4)

Conrad wys ook op 'n aspek van die spraakbenadering wat ver= melding verdien, aangesien dit ook binne die Suid-Afrikaanse

opset van toepassing is. Hy sê dat daar 'n fantasie binne die spraakbenadering bestaan, naamlik dat daar nie beter prestasies van dowe kinders verwag kan word nie, aangesien die meeste van hulle multi-gestrem is. Conrad het bevind dat 80% van alle dowe kinders in Engeland geen bykomende gestremdheid het nie. Volgens hom word 'n hele aantal deur hul onderwysers as kinders met emosionele probleme of met breinbeskadiging geklassifiseer. Hy reken dat onderwysers gekwalifiseer is om onderwys te gee en nie om die dowe kind te evalueer nie, anders word daar op die gebied van die psigiater en die neuroloog oortree. Ook sê hy dat dit vir die onderwyser gerieflik is om swak presta= sies toe te skryf aan breinbeserings of ander bykomende gebreke of probleme. ((b), 1979:2-5)

Die volgende gevallestudie illustreer Conrad se uitgangspunt:

Willie (26 jaar oud) het onder die maatskaplike werker se aan= dag gekom toe hy op Klerksdorp beland het. Hy het van Durban af daarheen geryloop aangesien hy dowe vriende op Klerksdorp en Orkney gehad het.

Voorheen het Willie by 'n mallemeule gewerk. Hy het een van die stalletjies beman. Na 'n argument met die bestuurder het hy sy werk verloor. In sy soektog na werk beland hy toe op Klerksdorp, hopende dat sy vriende hom kan help.

Willie was 'n leerling aan die Trans Oranje Skool vir Dowes en daar is toe navraag gedoen na sy agtergrond en opleiding. Volgens Willie se skoolrekords is hy multi-gestrem. Hy is nie net doof nie, maar ook verstandelik gestrem en het vermoe= delik 'n I.K.van 70. Willie het sy opleiding in boekbindery en elementêre sweiswerk ontvang en volgens die skoolhoof het Willie 'n akademiese standaard van standerd ses bereik.

Willie het 'n tyd lank by 'n gesin in Klerksdorp gewoon en dit het gou aan die lig gekom dat hy kan kommunikeer deur middel van gebaretaal. Hy kon lang en soms ingewikkelde gesprekke

voer met die mense by wie hy ingewoon het en die gedagte het ontstaan dat Willie moontlik nie verstandelik gestrem is nie. Sielkundige toetse by 'n sentrum vir verstandelik gestremde kinders het aan die lig gebring dat Willie se intelligensie moontlik normaal is, maar dat hy beslis milieu-gestrem is.

Conrad beweer dat dowe kinders se prestasies op skool deur twee faktore bepaal word. Hierdie faktore is: graad van doofheid, en die kind se intelligensie. Volgens hom is die enigste omstandighede wat waarborg dat 'n kind sukses behaal binne die spraakbenadering, dat die kind hoogs intelligent en nie baie doof moet wees nie. ((b), 1979:2-5)

Altshuler wys daarop dat psigiaters in die verlede dikwels 'n dowe gediagnoseer het as: "psychotic with mental deficiency", maar dat hierdie diagnoses foutief blyk te wees nadat hierdie psigiaters gebaretaal aangeleer het, en dus met hul pasiënte kon kommunikeer. (Shoenberg, et al., 1970:150)

Wanneer daar 'n studie gemaak word van die beskikbare litera= tuur is dit betekenisvol om daarop te let dat persone wat die spraakbenadering aanhang en propageer, skrywers uit die ses= tiger- en selfs ook vyftigerjare aanhaal. Persone wat hierdie benadering kritiseer, haal daarenteen skrywers uit die laat sestiger-, en laat sewentigerjare aan. 'n Verdere waarneming wat vermelding verdien, is dat persone wat die spraakbenadering kritiseer, in 'n toenemende mate verwys empiriese navorsing, terwyl dit nie die geval is met persone wat die spraakbenadering ondersteun nie.

Die spraakbenadering is in 'n paar lande besig om veld te ver= loor. In die V.S.A. het 'n groot aantal skole sedert die laat sestiger jare die suiwer spraakbenadering aangepas en ook gebaretaal en vingerspel bygevoeg. (Nieder-Heitman, 1969:6) Ook in Europa word daar in 'n toenemende mate gevra na die moontlikheid wat gebaretaal en vingerspel bied as aanvulling vir spraak en liplees. Veral in Swede en Denemarke is vorde=

ring gemaak op hierdie gebied. (Bergman, 1979:1-4). Selfs die Russiese onderwysstelsel het gedurende die afgelope dekade, ten opsigte van die spraakbenadering, 'n aanpassing gemaak. 'n Stelsel wat bekend staan as "neo-oralism" is aanvaar en dit behels onder andere die toevoeging van vingerspel tot spraak en liplees. (Moores, 1972:377) Volgens die Russiese owerheid gee die suiwer spraakbenadering aanleiding tot swak woordeskat en sinsbou. Ook in Australië is daar in die laat sestiger jare begin met die toevoeging van gebaretaal en vingerspel tot spraak en liplees. 'n Hele aantal skole was in 1969 òf van plan om te verander, òf het dit reeds gedoen. (Nieder-Heitman, 1969:56-57)

In Suid-Afrika word daar in 'n toenemende mate gevoel dat die spraakbenadering van onderwys te veel beperkinge plaas op die onderwys en dat daar "iets meer" nodig is. Onderwysers het dit tydens die Goue Jubileum Kongres van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, duidelik gestel dat hulle 'n behoefte daaraan het om met hul dowe leerlinge te kommunikeer, maar nie die vermoë daartoe het nie.

Wat betref die skole vir Swart dowes is daar aanvanklik ook van die spraakmetode van onderrig gebruik gemaak. Met die tot=standkoming van die destydse Departement van Bantoeonderwys is 'n Interdepartementele Komitee aangestel om 'n ondersoek te doen na die onderwys van Swart dowe kinders. Hierdie komitee het in 1959 aanbeveel dat 'n vorm van gebaretaal saam met vingerspelling en spraak gebruik word. In 1961, met die oordra van die Swart skole vir dowes na die Departement van Bantoe-onderwys, was hierdie stelsel reeds in gebruik. (Van der Merwe, 1980:80)

Mnr. van der Merwe, huidige Inspekteur van Buitengewone Onderwys in die Departement van Onderwys en Opleiding meld, nadat hier=die Gekombineerde Metode van onderrig reeds vir 'n periode van 20 jaar binne Swart Skole vir Dowes toegepas word, dat die Gekombineerde Metode steeds suksesvol in Swart Skole toegepas

word. Hy haal 'n dowe aan wat sê: "You can cut off the fingers of deaf people and they will sign with their arms, and you can cut off their arms and they will sign with their shoulders." Sy standpunt is dat as gebaretaal die taal van die dowe is, dit tot die uiterste toe benut moet word. (1980:81)

Die skoolsielkundige van die De la Bat Skool vir Dowes in Worcester meld ook dat gebaretaal sonder twyfel die moedertaal van die dowe is en benut moet word. Hy reken dat die spraak=benadering, hoewel dit sinvol bydra tot die dowe kind se opvoe=ding, tog verryk kan word deur die toevoeging van 'n vorm van gebare. Die probleem, volgens hom, is egter dat daar geen gestandardiseerde gebaresisteem bestaan nie en voordat dit nie gebeur nie, kan die spraakbenadering nie aangepas word nie.

Die onderwysersielkundiges van vier ander skole vir dowes is dit eens dat die spraakbenadering van onderwys aangepas behoort te word ten einde die gebaretaal van die dowe te akkommodeer.

## 3.6 KRITIESE EVALUASIE VAN DIE SPRAAKBENADERING AAN DIE HAND VAN KENNERS OP DIE GEBIED VAN DIE DOOFWESE

Gedurende die 19de eeu het daar reeds meningsverskil bestaan in verband met die rol van gebare en vingerspel binne die onderwys van dowes. Daar is ook toe reeds besef dat hierdie benadering 'n aansienlik langer periode van opleiding verg. Die inskakeling van die dowe by die horende gemeenskap is egter as só belangrik beskou, dat skrywers gemeen het dat die spraakbenadering tog wel toegepas moet word ten spyte van die resultate wat daarmee behaal word. Dit wil voorkom of onderwysers die kind dikwels opgeoffer het ter wille van die metode en dat daar waarskynlik as gevolg van gebrekkige kennis nie veel individualisasie plaasgevind het nie.

Vroeg in die volgende eeu het onderwysers bewus geraak van die sogenaamde "mislukking van die spraakbenadering". Die spraak=benadering is egter gedurende hierdie tydperk ook gerugsteun

deur die ontwikkeling van die klankwetenskap. Die gebruik van gehoorapparate het vir vele dowe kinders moontlikhede ingehou maar het volgens Nelsa tog nie daartoe bygedra dat dowes se spraakvermoë noemenswaardig verbeter het nie. Hoewel gehoor= apparate tans as gesofistikeerde toerusting gesien kan word, is die resultate wat daarmee behaal kan word tog ook beperk. (Conrad, (a), 1979:304-305)

Gedurende die vyftigerjare het skrywers meer daadwerklik stand= punt begin inneem ten gunste van die spraakbenadering van onderrig aan dowe kinders. Daar is ook steeds meer verwys na die moontlike negatiewe gevolg van die gebruik van gebaretaal deur dowes. Hoewel hierdie standpunte nie gegrond is op empi= riese studies nie en daar in werklikheid ook empiries bewys is dat die gebruik van gebaretaal op voorskoolse vlak nie skade= lik is nie, het hierdie weerstand teen die gebruik van gebare en vingerspel tog voortgeduur tot die laat sestigerjare en dit is dikwels moeilik om te verstaan waarom weerstand, ten spyte van genoemde empiriese studies, tog nog voortbestaan het.

'n Interessante uitspraak word deur Stokoe, gedurende die laat sestigerjare gemaak, naamlik dat gebaretaal swak vergelyk met gesproke taal. Tien jaar later is dit egter duidelik dat hy van mening verander het aangesien hy nou van mening is dat gebaretaal 'n sentrale plek in die onderrig van die dowe kind moet beklee. Stokoe het, sedert sy uitsprake gedurende die sestigerjare , 'n linguistiese studie gemaak van die gebaretaal van die dowe en bevind dat hierdie taal as selfstandige taal funksioneer en erken behoort te word. (1979:1-7)

Die kommunikasievermoëns van dowe kinders was tot en met die laat sewentigerjare nog nie aan empiriese navorsing onderwerp nie. Hoewel verskeie skole vir dowes die spraakbenadering van onderrig verwerp het en oorgeskakel het na die totale kommuni= kasiebenadering , wil dit voorkom of hierdie besluite dikwels geneem is uit frustrasie aangesien die huidige benadering nie vir onderwysers bevredigend was nie en die betrokke onderwysers

waarskynlik bereid was om te eksperimenteer. Conrad se studie gedurende die laat sewentigerjare is dan ook die eerste weten= skaplik gefundeerde studie wat die spraakbenadering evaluatief ondersoek ten opsigte van die resultate wat daarmee behaal word binne die onderwysstelsel soos toegepas in die Verenigde Koninkryk. Conrad bevind dat dowe kinders wat onderrig ontvang binne die suiwer spraakbenadering nie noemenswaardige kommuni= kasievaardighede ontwikkel nie.

Indien die spraakbenadering nie daarin slaag om kommunikasie-vaardighede by die dowe kind te kweek nie, sal daar waarskynlik indringend gekyk moet word na die spraakbenadering en sal 'n evaluasie gemaak moet word ten opsigte van die maatskaplike funksionering van die dowe en hoe dit beïnvloed word deur die spraakbenadering. Verskeie skrywers wys daarop dat die toepas= sing van die spraakbenadering ook moontlik sielkundige probleme kan veroorsaak. Gebrekkige kommunikasie tussen ouer en kind word hier as grondoorsaak van sielkundige probleme gesien aan= gesien hierdie skrywers voel dat daar gebrekkige kommunikasie tussen ouers en hul dowe kinders bestaan. Die moontlikheid dat hierdie benadering ook daartoe aanleiding kan gee dat dowe kinders verwerp voel, bied waarskynlik 'n verdere motivering vir 'n dieptestudie na die wenslikheid van hierdie benadering.

Die spraakbenadering is besig om in verskeie lande veld te verloor en dit wil voorkom of gebaretaal, toenemend as die moedertaal van die dowe erken word. (Conrad, (a), 1979:318)

Die motivering, naamlik dat dowes in 'n wêreld van horendes leef en daarom moet leer om hulself binne hierdie wêreld te handhaaf, blyk die enigste beginsel, waarop die spraakbenade= ring berus, te wees wat nie empiries vals bewys is nie. Ver= skeie skrywers wys daarop dat dowes nie <u>in</u> 'n horende wêreld leef nie, maar <u>met</u> 'n horende wêreld. Hierdie bewerings is egter nog nie onomstootlik bewys nie. (Kyk supra 5.5)

In die lig van die moontlike skadelike of negatiewe gevolge van die spraakbenadering asook die moontlikheid dat spraakbe= nadering aanleiding gee tot swak kommunikasie- en taalvermoë, wil dit voorkom asof die kritiek op hierdie benadering nie lig= telik hanteer kan word nie.

## 3.7 KRITIESE EVALUASIE VAN DIE SPRAAKBENADERING MET VERWYSING NA DIE SITUASIE IN SUID-AFRIKA

Wanneer die onderwys van dowes, met die oog op 'n evaluasie van die spraakbenadering, binne die Suid-Afrikaanse situasie in oënskou geneem word, moet die eiesoortigheid van die situasie alhier nie uit die oog verloor word nie.

Daar is reeds vermeld dat algemeen aanvaar word dat die spraak= benadering nie met sukses uitgevoer kan word indien dowe babas nie vroeg as sulks geïdentifiseer kan word nie. Conrad meld dat 50% van alle dowe babas in Engeland se doofheid nie ontdek sal word voordat hulle drie jaar oud is nie. (Kyk supra, p 62) Indien hierdie situasie in Engeland bestaan, kan dit moontlik wees dat die persentasie dowe babas in Suid-Afrika wat laat ontdek word, nog hoër sal wees. Die rede hiervoor is die uit= gestrektheid van die land en die daarmee gepaardgaande probleem om bestaande dienste toeganklike te maak vir dowe kinders wat op die platteland woon. Te dikwels word 'n dowe kind ook nog beskou as 'n kind wat stadig ontwikkel, of selfs ook beskou as hardkoppig. (Moojen, 1956:146) Die moontlikheid dat kinders se doofheid laat ontdek word, is derhalwe 'n probleem wat binne die Suid-Afrikaanse situasie deur eksterne faktore geskep word. Omdat hierdie faktore nie maklik verander kan word nie, moet daar moontlik 'n heroorweging kom van die onderwysbenadering, aangesien een van die belangrikste voorvereistes vir die sukses van die betrokke benadering waarskynlik nie aan voldoen kan word nie.

Gesien in die lig van die uitgestrektheid van die land en die groot afstande wat dikwels afgelê moet word ten einde oudioloë en kinderleidingklinieke te raadpleeg. Dit is ook moeiliker om binne die Suid-Afrikaanse situasie 'n voor= skoolse program vir dowe kinders só aan te bied dat ouers die nodige opleiding kan ontvang ten einde hul dowe kind spraak= en lipleesvaardighede aan te leer. Die moontlikheid dat 'n dowe kind, wanneer sy opname in 'n skool vir dowes uiteindelik plaasvind, geen noemenswaardige kommunikasievaardighede besit nie, blyk as gevolg hiervan soveel groter te wees. Die aanleer van taal deur middel van liplees blyk 'n ingewikkelde proses te wees en volgens Conrad ( (b), 1979:1-5) slaag gespesiali= seerde onderwys vir dowes selde daarin om gewensde resultate te bereik. Dit is derhalwe te betwyfel of die ouers van dowe kinders toegerus is om hierdie verantwoordelikheid te aanvaar sonder die nodige leiding.

Wanneer die doelstellings van die spraakbenadering in oënskou geneem word met betrekking tot die vraag: "...bereik die spraakbenadering die doelstellings wat daar gestel word?" moet daarop gewys word dat daar nog nie soortgelyke navorsing, as dié van Conrad en andere, gedoen is ten einde die spraakvermoë, lipleesvermoë òf leesvermoë van dowe kinders te bepaal nie.

Die eerste doelstelling van die spraakbenadering, naamlik om spraak aan die dowe te bied as primêre kommunikasiemedium was egter slegs by enkele dowes met wie die skrywer kontak gehad het, bereik. Die skrywer het in die bestek van twee jaar, plus-minus vierhonderd na vyfhonderd dowes ontmoet, en wel aan die Witwatersrand, Wes-Transvaal, Pretoria en ook uit die Vrystaat en Wes-Kaapland. Met enkele van hierdie dowes kon gesprekke deur middel van spraak gevoer word, maar by slegs een dowe persoon is spraak die primêre kommunikasiemedium. Dit wil dus voorkom of dowes wat leer praat, nie van spraak gebruik maak as primêre kommunikasiemedium, soos wat die spraakbenadering dit ten doel stel nie.

Die doelstelling, naamlik dat akademiese materiaal deur middel van spraak oorgedra moet word, word wel bereik.
Kinders wat binne die spraakbenadering onderrig ontvang, ontvang alle lesings deur middel van 'n onder= wyser wat met hulle praat en daar word van die leerling verwag om inligting te versamel deur middel van liplees en lees. Die vlak van akademiese prestasie word egter nie binne die doel= stelling vermeld nie en dit wil voorkom of dit nie belangrik is hoeveel akademiese materiaal die kind bemeester nie, solank die akademiese materiaal deur middel van spraak en liplees oor= gedra word. Die akademiese prestasies van dowe kinders is reeds vermeld (Hoofstuk 2), waaruit dit ook duidelik blyk dat dowe kinders nie goed presteer op akademiese gebied nie en dat min dowes akademies so ver ontwikkel dat hulle as universiteits= materiaal beskou kan word.

Die derde doelstelling van die spraakbenadering, naamlik dat dowes by die horende samelewing geïntegreer moet word, blyk deur die spraakbenadering self bemoeilik te word. Dit wil dus voorkom of die spraakbenadering in werklikheid teenproduktief is. Wanneer die gevallestudie van Mary in gedagte gehou word en gesien teen die agtergrond van die skadelikheid, soos 'n hele aantal skrywers in hierdie hoofstuk dit beskryf het, van 'n onbuigbare onderwysbeleid waar die dowe kind leer dat hy nie deur die horende gemeenskap aanvaar word nie, is dit te betwy= fel of die dowe wél suksesvol geïntegreer sal word voordat daar nie aanvaar word dat die dowe graag handgebare gebruik ten einde homself verstaanbaar te maak nie.

...../74

# HOOFSTUK 4

# DIE INVLOED VAN DIE SPRAAKBENADERING OP DIE SOSIALISERING VAN DIE DOWE

## 4.1 INLEIDING

Wanneer persoonlikheidstrekke soos introversie, gevoelens van minderwaardigheid, gevoelens van skaamte en wantroue, hiper=sensitiwiteit en andere aan die dowe toegeskryf word (kyk supra 2.2.1), ontstaan die vraag onwillekeurig: "Waarom?"

Dit is moontlik dat die antwoord op bogenoemde vraag, opgesluit lê in die sosialiseringsproses waaraan die dowe onderwerp word. As dit in ag geneem word dat daar ernstige kommunikasiegebreke bestaan binne die sosialiseringsmilieu van die kind, indien hy nie vrylik met sy ouers en ander gesinsgenote kan kommunikeer nie, wil dit voorkom . of die dowe gesosialiseer word deur middel van 'n proses wat taal uitsluit.

Nel beklemtoon dat die dowe kind .se sedelike vorming verwaarloos word, en hy skryf dit toe aan die dowe kind se tekort ten opsigte van kommunikasie. (1964:42) Hy maak die stelling dat psigiese ryping en die proses van intellek=tualisering tot sedelike vorming lei. Indien die spraakbenade=ring van onderwys nie daarin slaag om vir die dowe kind 'n kommunikasiemedium te bied waarbinne sosialisering met die belangrike komponent van sedelike vorming kan plaasvind nie, sal die dowe se maatskaplike funksionering waarskynlik ernstig gestrem word.

In die afwesigheid van 'n kommunikasiemedium, waarin gesproke, geskrewe of gebaretaal 'n rol speel, is dit moontlik dat sosia=lisering kan plaasvind deur middel van die enigste ander kommu=nikasiemedium wat bestaan, naamlik fisiese kommunikasie. Hier=die tipe kommunikasie sal waarskynlik bestaan uit elemente van

...../75

straf en beloning, rolspel en mimiek, sonder dat die menslike rede 'n rol hoef te speel. Die kind hoef nie te verstaan waar= om sekere gedrag goedgekeur word en ander weer afgekeur word nie, solank die reëls gehoorsaam word. Die geestelike inhoud van die sosialiseringsproses gaan dus by die kind verby, en so kan by die dowe kind 'n toestand van geestelike armoede ont= staan.

Biezans en Biezans (1978:77) beskou die doel van sosialisering as die aanleer van die waardes, norme en gesindhede van die groep waarbinne die individu hom bevind. Op hierdie manier leer die individu watter posisie hy binne die groep beklee, en hy leer wat daar van hom verwag word binne daardie spesifieke posisie. Deur middel van sosialisering ontwikkel die individu ook 'n persoonlikheid. Ten einde hierdie doelstellings te bereik, is dit noodsaaklik dat daar kommunikasie tussen ouer en kind moet plaasvind.

Erikson het 'n sosialiseringsmodel ontwikkel waarvolgens hy die ontstaan van emosies soos wantroue, skaamte, skuld en minderwaardigheid verklaar. Aangesien hierdie emosies ook by die dowe voorkom, is Erikson se model gebruik om 'n moontlike verklaring te vind vir die persoonlikheidsbeeld van die dowe. Daar is in hierdie hoofstuk ook veral klem gelê op die rol wat gebrekkige kommunikasie speel in die lewe van die dowe kind, veral ten opsigte van die sosialiseringsproses.

## 4.2 DIE PROSES VAN SOSIALISERING

Die proses van sosialisering kan gesien word as die proses waardeur elke gemeenskap poog om die nuwe en jong lewe te vorm en voor te berei vir 'n suksesvolle aanpassing in die groeplewe. Dit vind plaas deur middel van die ontwikkeling van aangebore eienskappe en die toevoeging van 'n reeks inhoude wat deur die individu aangeleer en opgeneem word. (Roode, 1968:72)

Popenoe definieer sosialisering as: "The process by which a group or society is instilled or internalized in the indivi=duals who live in that group or society". (1971:99) Die proses behels dus dat persone geleer, of opgelei word om 'n gegewe kultuur te bemeester en te aanvaar. Hulle ontwikkel 'n per=soonlikheid asook 'n "sense of self" (selfwaardering), en word ook opgelei om hul rol binne die samelewing, op die korrekte wyse te vervul.

Elkin en Handel sien die sosialiseringsproses as 'n leerproses. Die leerproses veronderstel dat verandering plaasvind, dit geskied soms deur onderwys, en vereis dat daar kommunikasie plaasvind. Hierdie leer, onderrig en kommunikasie, vind plaas binne betekenisvolle verhoudings. (1960:28)

Verbale kommunikasie, wat gesien word as 'n vereiste vir sosia=lisering (Popenoe, 1971:100), ontbreek by die dowe kind. Hier=uit kan afgelei word dat 'n dowe kind anders gesosialiseer word as 'n horende kind. Kultuurinhoud word op 'n ander wyse aan die dowe kind oorgedra.

Elkin en Handel voer aan dat, hoewel taalvaardigheid een van die gevolge is van sosialisering, die verwerwing van taal ook van primêre belang is vir die proses van sosialisering. (1961:28) Die kompleksiteit van die samelewing waarin die individu hom bevind, is direk afhanklik van taal, vir die onderhoud daarvan. Die vraag ontstaan dan: "Indien taal so belangrik is vir die proses van sosialisering, en hierdie aspek afwesig is by die dowe kind, hoe word dowe kinders dan gesosialiseer?"

Dit wil voorkom asof dowe kinders deur middel van gedragsmodi=fikasietegnieke gesosialiseer word. Skole vir dowes bied ook ouerleiding kursusse aan in hierdie verband. (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes Omsendbrief 62/77) Dit is moontlik dat die dowe, as gevolg van hierdie sosialiseringsproses waar=aan hulle onderwerp word, 'n ander kultuurinhoud as horendes

...../77

verkry en derhalwe ook 'n ander waardesisteem ontwikkel. Hier= die waardesisteem sal dan essensieel 'n sisteem wees wat ont= wikkel uit die gedragsmodifikasiereëls waaraan hulle onderwerp word. Dit is moontlik dat die dowe kind, onder hierdie omstan= dighede, nooit leer verstaan waarom sekere gedragswyses "reg" of "verkeerd" is nie. Die wet van oorsaak en gevolg geld binne die gedragsmodifikasiebenadering, sonder dat die individu betrek word by 'n leerproses wat sy wêreld sinvol maak.

Erikson beskryf die proses van sosialisering in terme van agt lewensfases. Hy reken dat die mens in elk van hierdie agt lewensfases gekonfronteer word met 'n krisis. Die wyse waarop hierdie krisis hanteer en verwerk word, sal persoonlik= heidsontwikkeling grootliks bepaal. (1959:52) Die agt lewens= fases waaruit Erikson se model bestaan is: Vertroue versus Wantroue (die periode vanaf geboorte tot op 18 maande), Outonomie versus Skaamte en Twyfel (vanaf 18 maande tot onge= veer 3 jaar), Inisiatief versus Skuld (vanaf 3 jaar tot 6 jaar), Ywer versus Minderwaardigheid (vanaf 6 jaar tot 11 jaar), Identiteit versus Rolverwarring (die tydperk van adolessensie), Intimiteit versus Isolasie (die jong volwassestadium ), Voort= planting versus Stagnasie (die volwassestadium ), Volledigheid versus Wanhoop (bejaardheid).

## 4.3 DIE VERLOOP VAN DIE SOSIALISERINGSPROSES

### 4.3.1 VERTROUE VERSUS WANTROUE

Die hoeksteen van die ontwikkeling van persoonlikheid, is geleë in die baba se vermoë om 'n gevoel van vertroue te ontwikkel. In die babastadium het die baba fisiese versorging nodig. Ook is dit belangrik dat die baba nie blootgestel word aan vrees en onsekerheid nie, en dat 'n sielkundige verbondenheid met die kind se primêre versorger, gewoonlik die moeder, ontstaan. Wanneer

...../78

hierdie basiese vertroue bestaan, bied dit aan die baba gevoelens van welsyn, en skep dit by die baba die bereid=willigheid om later nuwe, onbekende ondervindinge te beleef. (Suran en Rizzo, 1979:33)

Erikson reken dat kinders, wat in hierdie stadium bloot=gestel word aan frustrasie en onsekerheid, in hul ont=wikkeling gestrem mag word aangesien 'n basiese gevoel van wantroue by hulle geskep word. Hierdie gevoel van wantroue beperk die kind se vermoë om behoeftebevre=diging te ervaar. (Suran en Rizzo, 1979:33)

Die baba wat nie kan hoor nie, ervaar heel moontlik frus=trasie en onsekerheid gedurende hierdie lewensfase. Indien die moeder sonder waarskuwing verdwyn en verskyn, sonder dat die baba haar kan hoor beweeg of praat, wek dit onsekerheid by die kind. Stone en Church beskryf hoe 'n baba, gedurende hierdie fase, slegs permanensie verleen aan voorwerpe wat gesien kan word. Indien 'n voorwerp nie deur die baba gesien kan word nie, bestaan dit nie vir hom nie. (1973:77) Wanneer die baba sy moeder dus nie kan sien nie, is dit moontlik dat die kind mag dink dat die moeder nou nie meer bestaan nie. Die vrees wat dié moontlikheid vir die dowe baba inhou is moeilik om te bepaal, maar die moontlikheid dat dit traumaties kan wees, is nie uitgesluit nie. So word die dowe baba miskien te dikwels aan onsekerheid bloot=gestel as gevolg van sy onvermoë om te hoor.

Erikson wys daarop dat die moeder nie net vir die baba 'n innerlike sekerheid moet wees nie, maar ook 'n uiter=like voorspelbaarheid. Hy stel hierdie twee aspekte van die moeder-kind verhouding as voorvereiste vir die gesonde ontwikkeling van die baba. (1950:231) Dit wil egter voorkom of die moeder vir die dowe baba nie 'n innerlike sekerheid óf uiterlike voorspelbaarheid word nie.

In hoofstuk twee is verwys na Dunham se bevinding, naam= lik dat die vroeë identifikasie van doofheid spanning kan bring in die ouer-kind verhouding as gevolg van die ouers se vrese. (1978:22) Indien die vrese van die ouers, ten opsigte van die implikasies wat hul kind se gestremdheid meebring, ook oorgedra word op die dowe baba, veroorsaak dit ook gevoelens van vrees of onseker= heid by die kind.

Wanneer 'n dowe baba in sy wiegie lê, is daar geen mega= nisme wat die kind 'n aanduiding gee dat iemand hom nader nie. Skielik verskyn 'n persoon in sy gesigsveld, en dit kan die baba laat skrik. Op hierdie manier kan vrees by die dowe baba ontwikkel. Hierdie vrees kan ontwikkel in 'n vrees vir die onbekende.

Dit blyk moonlik om die afleiding te maak, dat dowe kinders 'n gesindheid van wantroue ontwikkel as gevolg van hul doofheid. Hierdie gesindheid van wantroue blyk verskerp te word wanneer die kind se doofheid ontdek word by geboorte. Wantroue word deur Engelbrecht (1956:233), Nel (1964:48) en Roos (1978:41) beskryf as 'n karaktereienskap wat dikwels by dowes voorkom. Die dowe is ook liggeraak of hipersensitief, 'n kenmerk wat volgens Engelbrecth toegeskryf kan word aan die feit dat die dowe nie op normale wyse kan verneem wat om hom aangaan nie. (Kyk supra hoofstuk 2)

### 4.3.2 OUTONOMIE VERSUS SKAAMTE EN TWYFEL

Elkin en Handel beskryf die ontwikkeling van die tweede fase van die kind se lewe, as een van vinnige groei, visuele en ouditiewe diskriminasie en verbalisering. Hierdie ontwikkeling gee aan die kind die gevoel van bemeestering en manipulering van sy omgewing, en hy begin 'n "sense of autonomous will" ervaar. (1960:56)

Elkin noem dat die groeiende kind vertroue ontwikkel in sy ouers en leer dat die omgewing voorspelbaar is, en nou 'n bewustheid van die "self" ontwikkel. Die kind begin as 'n onafhanklike eenheid funksioneer. Te veel kontrole deur ouers in hierdie stadium, kan by die kind gevoelens van skaamte en twyfel laat ontstaan. Die kind se kleinheid oorweldig hom en gevoelens van hulpeloos=heid tree na vore. (Elkin en Handel, 1960:56)

Gedurende die tweede fase van die kind se lewe ontstaan daar ook dikwels probleme ten opsigte van gedragsbeheer. Schlesinger en Meadow gaan sover as om dit "power struggles" te noem. (1972:464) Die kind se gedrag word dikwels beskryf as koppig, en Erikson wys daarop dat die kind in hierdie fase gehelp moet word om op eie voete te staan en selfbeheer te ontwikkel, anders ont=staan gevoelens van skaamte en twyfel by die kind. (Elkin en Handel, 1960:56)

Doofheid beïnvloed ook die ontwikkeling van outonomiteit by die dowe kind. Net soos "toilet training" 'n mag=stryd tussen die kind en sy ouer kan word, so word woord=opleiding dit ook. Dowe kinders is soms stom omdat hulle dié magstryd ten alle koste probeer wen. (Schlesinger en Meadow, 1972:465) Sharoff waarsku ouers van dowe kinders dat hulle nie beperkinge moet plaas op die metode van kommunikasie wat die kind gebruik nie. In=dien dowe kinders beperk word en hulle sekere media van kommunikasie nie mag gebruik nie, kan hul groei tot emosionele en maatskaplike volwassenheid ernstig beperk word. (1959:443-446)

Dowe kinders skep dikwels probleme, in hierdie outonomie-versus skaamte-en-twyfelfase , ten opsigte van die aan=leer van selfbeheer. Ouers is nie net geneig om die kind se bewegingsvryheid te beperk nie (Gregory, 1976:58), maar ondervind ook probleme ten opsigte van

...../81

dissipline. Ouers vind dit moeilik om 'n kind te dissiplineer sonder dat hulle met die kind kan kommuni= keer. Gregory maak melding van ouers se sienings: "You've got to smack him to show him that it's wrong." "They don't understand and they think they're bad." "They don't understand what it's all about." (1976:87)

Dit is moeilik om te bepaal wanneer ouers se dissipli= nering te streng, of aan die ander kant, nie streng genoeg is nie. Wanneer dissipline egter te streng, of nie streng genoeg toegepas word nie, ontwikkel die kind gevoelens van skaamte en skuld.

Gregory het die gedrag van 122 dowe kinders ondersoek en haar bevinding was: "No deaf children between 2.0-3.5 years never have tantrums." (1976:91) Woede-uitbarstings kom dikwels voor by die dowe kind. Frus= trasie is moontlik die oorsaak hiervan. Ouers wat hier= die gedrag op geen ander manier kan hanteer as om gedrags= modifikasietegnieke te gebruik nie, kan gevoelens van skaamte en skuld by die kind laat ontstaan.

### 4.3.3 INISIATIEF VERSUS SKULD

In hierdie derde lewensfase (3 tot 6 jaar) kan die kind loop en praat en verstaan hy sy wêreld in terme van die taal wat hy bemeester het. Die kind ondersoek en ontdek sy wêreld toenemend. Fantasie en spel speel nou 'n belangrike rol in die kind se lewe. Erikson merk op: "The emphasis is on initiative in the sense that the child is passionately preoccupied in reality and fantasy with what he wants to get at, where he wants to go, what he wants to see and touch, what questions he wants to understand." (1971:177)

Dowe kinders se aktiwiteite, net soos dié van horende kinders, toon ook sterk elemente van fantasie. Ouers van dowe kinders beskryf hul speletjies, waar fantasie 'n rol in speel, as volg:

"She pretends to drink tea out of cups of sand and soil!"
- dogtertjie van 3 jaar oud.

"She pretends a post office. She always liked the post office. She pretends to stamp..."
- dogtertjie van 4 jaar oud.

"He pretends a motorway. He has pile-ups - everything. It's the MI all over the front room when he starts. Ambulances, police cars... It's imagination - he's never really seen it."
- seuntjie van 4 jaar oud. (Gregory, 1976:40-41)

Dowe kinders is in hierdie stadium dikwels meer aktief as horende kinders. Die kind kan sy wêreld nie verbaal verken nie en is daarop aangewese om dit fisies te ver=ken. Indien die kind gedurende hierdie stadium in so 'n mate beperk word, dat hy vrees ontwikkel vir sy eie inisiatief, ontwikkel die kind 'n té streng gewete en word gedomineer deur skuldgevoelens. (Elkin en Handel, 1960:58)

Indien die dowe kind onderwerp word aan gedragsmodifika=sietegnieke gedurende hierdie fase van inisiatief, word die kind se ervaringsveld beperk, sonder dat hy kan begryp waarom. Die dowe kind wat sy wêreld fisies ver=ken, vat, ruik en proe aan alles wat hy sien. Ouers vind dit moeilik om potensiële gevare aan die kind te verduidelik. (Gregory, 1976:80) Indien die dowe kind, beperk in sy verkenningspogings, nie kan verstaan waarom nie, kan woede-uitbarstings voorkom. (Ewing en Ewing,

1971:62) Katan skryf hierdie gedrag toe aan: "Deprived of the ability or opportunity to express powerful fee= lings in words...usually erupt in actions." (1961:184)

Gregory het bevind dat dowe kinders gedurende hierdie fase (vanaf 3 jaar tot 6 jaar oud) dikwels woede-uit= barstings kry. 55% van die dowe kinders in haar steek= proef van 122, het byna elke dag hierdie gedrag geopen= baar en 72% van die kinders in hierdie ouderdomsgroep het gereeld woede-uitbarstings gekry. (1976:90) Hier= die uitbarstings word in 'n groot mate beheer deurdat ouers van gedragsmodifikasietegnieke gebruik maak. Hierdie tegnieke sluit straf, beloning vir goeie gedrag, afsondering, en modellering in.

Die dowe kind word gedurende hierdie derde lewensfase met 'n verdere probleem gekonfronteer. Die dowe kleu= ter word ná sy derde jaar toegelaat tot 'n skool vir dowes. Indien die kind gedurende die tyd, wat skooltoe= lating vooraf gaan, gevoelens van skuld ontwikkel, mag die verwydering wat die skool tussen ouer en kind ver= oorsaak, as straf ervaar word. Die dowe kleuter word in Suid-Afrika dikwels in die skoolkoshuis opgeneem. Die kind wat hierdie derde fase, sowel as die vorige twee fases nie positief verwerk nie, en daarom gevoelens van wantroue, skaamte, twyfel sowel as skuld saamneem skool toe, ervaar die verwydering uit die ouerhuis soveel te meer traumaties.

Pikunas wys daarop dat die kind wat vir die eerste maal skool toe gaan, gevoelens van vrees ervaar, omdat hy uit sy omgewing geneem word en nie daarheen kan terug= keer voordat die skooldag verby is nie. (1969:191) Die vrees van die dowe kleuter wat op die ouderdom van drie of vier jaar oud moet skool toe gaan sonder dat hy kan verstaan wanneer sy ouers hom weer gaan kom haal, ôf wat na die koshuis moet gaan en nie

kan verstaan dat sy ouers hom wél weer sal kom haal nie, kan dus soveel groter wees. Oliver spreek ook haar kommer hieroor uit veral in die lig daarvan dat kinders, komende uit gesinne waar versteurde gesinsverhoudinge voorkom, selfs vroeër as die ouderdom van drie jaar in skole opgeneem word. (1965:34)

### 4.3.4 YWER VERSUS MINDERWAARDIGHEID

Erikson beskou die skooljare as die tydperk waarin emo= sionaliteit by uitstek gevorm word. Biologiese ontwik= keling is nou minder dramaties en die kind leer die vreugde van produktiewe werkverrigting ken. Gesonde ontwikkeling vereis beide die aanleer van basiese vaar= dighede soos lees en skryf, en sosiale vaardighede. Kinders wat nie na wense presteer op hierdie gebiede nie, kan 'n gevoel van minderwaardigheid ontwikkel. (Suran en Rizzo, 1979:33)

Die dowe kind op die ouderdom van drie of vier jaar, is nog nie ryp vir skool nie. Mislukking in taalverwerwing en liplees is waarskynlik die volgende probleem waarmee die dowe kind gekonfronteer word. Veral die kind wat nie die vermoë het om deur middel van die spraakbenade= ring te vorder nie (volgens Conrad behels dit die groot= ste meerderheid dowe kinders - verwys na hoofstuk drie), is blootgestel aan mislukking en hierdie mislukking vorm later deel van die kind se daaglikse lewenspatroon. (Schlesinger en Meadow, 1972:466)

Die gevoelens van minderwaardigheid waarna Erikson verwys, ontwikkel derhalwe binne die skoolopset indien die dowe kind sy wêreld nie kan leer bemeester deur mid= del van die gesproke woord alleen nie. Die ontwikkeling van die vermoë om te lees, te skryf, te spel en wiskunde te doen, is vir die dowe kind van uiterste belang, aan=

gesien die bemeestering van akademiese vakmateriaal, in die latere skooljare, daarvan afhang. Indien dit wêl so is dat die spraakbenadering nie die basis vir die aanleer van effektiewe kommunikasie bied nie, en kinders derhalwe nie presteer soos daar van hulle ver= wag kan word nie, is dit moontlik dat gevoelens van minderwaardigheid by dowe skoliere voorkom.

Gedurende hierdie fase van die kind se lewe vra hy gedurig vrae, omdat hy belangstel in die praktiese toe= passing van die kennis wat hy verwerf het. Indien die dowe kind in hierdie verband beperk is in sy taal= en spraakvermoë, gee dit aanleiding tot frustrasie as die kind nie 'n medium tot sy beskikking het waarin hy hom= self kan uitdruk nie. 'n Dowe seuntjie het eendag in trane uitgebars en gesê: "I why'ed and why'ed but she did not because!" nadat hy homself nie aan sy onderwy= seres verstaanbaar kon maak nie. (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes Omsendbrief 33/76)

Indien aanvaar word dat dowe skoliere swak presteer op die gebied van spraak en liplees, en indien hulle as gevolg daarvan ook swak presteer op akademiese gebied, is dit moontlik dat onderwysers die leeromgewing met negatiewe verwagtinge benader en sodoende die kinders se swak prestasies versterk. Stokoe wys daarop dat onderwysers dikwels te min van dowe kinders verwag: "...in the training of teachers of the deaf, entirely too much time is wasted promoting the base slander that profoundly deaf children are slow, deficient in cogni= tive and language skills, and that they may (despite the attempts to make talkers of them) grow up to be deaf adults who sign in stead of talk. Time is wasted too in repeating until it is a conditioned response the twin slander that Sign has no grammar, that it is unfit for precise or abstract expression, that it is useful as a last resort but infinitely inferior to English and so

on and on. The result is that too many teachers start with a contempt for their pupils instead of the respect and expectations that every human child merits." (1979:6)

Dit is ook moontlik dat onderwysers die ouers van dowe kinders kan beïnvloed ten opsigte van die verwagtinge wat hulle van hul kinders het en dat die ouers later dieselfde lae verwagtinge van die onderwyser deel.

Volgens Conrad skryf onderwysers hierdie swak prestasies van dowe kinders dikwels daaraan toe dat die kinders sogenaamd "multi-gestrem" is. Daar word aanvaar dat die kind nie net doof is nie, maar dat daar ook breinbeska= diging of verstandelike vertraagdheid teenwoordig is. Op hierdie manier word die kind se swak prestasies dan verklaar. ((b), 1979:1-5)

Conrad het in sy studies egter bevinddat slegs 10% van alle dowe kinders in hierdie kategorie val.

Indien die dowe kind op skool misluk as gevolg van kom= munikasiegebreke, en ook as gevolg van die feit dat te lae verwagtinge van hom gekoester word en swak presta= sies dan ook gelewer word, kan gevoelens van min= derwaardigheid by die dowe ontwikkel.

Dit is moontlik dat die dowe kind die einde van hierdie ywer-versus minderwaardigheidsfases met emosies van minderwaardigheid, maar moontlik ook met emosies soos wantroue, skaamte, twyfel en skuld, bereik. Dit wil voorkom asof die dowe kind derhalwe nie sy omgewing leer bemeester en begryp soos wat verwag kan word van 'n kind wanneer hy die einde van hierdie fase bereik nie. Die kind leer moontlik nie dat die omgewing waar= binne ons ons bevind, verstaan kan word en ook gemanipu=

leer kan word nie.As gevolg van herhaaldelike mislukking wanneer hy probeer om sy omgewing te beheer kan die dowe kind ook gevoelens van hulpeloosheid ervaar.

Schlesinger en Meadow merk op: "Thus by the time the hearing child is ready to deal with the crisis of iden= tity resolusion, as an adolescent, the deaf child has lagged behind in maturing to adulthood." (1972:466)

Die dowe kind betree die fase van adolossensie waar= skynlik met 'n agterstand ten opsigte van emosionele volwassenheid maar moontlik ook met 'n agterstand in akademiese volwassenheid.

## 4.3.5 IDENTITEIT VERSUS ROLVERWARRING

Die fase van identiteit versus rolverwarring bied 'n handige beskrywing van die tydperk van adolessensie. Erikson praat van die "identiteitskrisis" waarmee die adolessente te kampe het. Met die aanvang van fisiolo= giese puberteit kom die stadium van kindwees tot 'n einde en begin die jeugjare. Die ontwikkelende en groeiende jong mens, te midde van die fisiologiese revo= lusie in hul liggaam en met die uitdagings van volwassen= heid voor hulle, is nou besorg oor ander persone se mening in vergelyking met hul eie gevoel omtrent hulself. Hulle is ook besorg oor die manier waarop hulle reeds= verworwe kennis en vaardighede kan verbind met die rol= en arbeidsverwagtinge, waaraan hulle moet voldoen. (Erikson, 1963:261)

Pikunas sien hierdie stadium ook as een van verhoogde emosionaliteit met ambivalente emosies as 'n werklikheid in die lewe van die jong mens. Die adolessent begin vra na sy identiteit en toekoms. (Pikunas, 1969:247)

Persoonlikheidsprobleme ontwikkel as die kind nie 'n gevoel van identiteit gedurende hierdie lewensfase ont= wikkel nie. Coleman sien die ontwikkeling van identi= teitsgevoelens as essensieel vir die individu, anders ervaar die persoon nie 'n gevoel van selfkeuse en self-rigtinggewing ten opsigte van sy toekoms nie. (Coleman, 1972:166) Indien die dowe kind binne die spraakbenadering in so 'n mate beperk word dat die grootste meerderheid akademiese studierigtings vir hom gesluit is en hy beperk word tot praktiese of tegniese beroepsrigtings (Smit, 1978:1) is dit moontlik dat die dowe adolessent nie hierdie gevoel van selfbe= skikking ontwikkel nie.

In punt 4.2.4 word verwys na die lae verwagtinge wat van dowe kinders gekoester word en hoe dit hul prestasies beïnvloed. Dit is moontlik dat die dowe kind om hierdie rede ook nie die reg op selfbeskikking gegun word nie, aangesien ouers en onderwysers die kind nie as bevoeg beskou om keuses te maak nie, of omdat die kind se pres= tasies van so 'n aard is dat beroepskeuses reeds op 'n vroeë ouderdom namens die kind gemaak word, ten einde die dowe kind so lank as moontlik binne die spesifieke vakrigting op te lei. Wanneer die kind dan die behoefte aan selfbeskikking ontwikkel, is hy reeds in 'n spesifieke vakrigting geplaas en word hy geen keuse gelaat nie. (Lane, 1979:345)

In hul soeke na identiteit kom die dowe adolessent ook te staan voor die keuse van 'n wêreld. Die adolessent moet kies tussen 'n "dowe wêreld" en 'n "horende wêreld". Sommige adolessente, veral die kinders van dowe ouers, identifiseer maklik met die dowe as groep, maar die meer= derheid vermy hierdie groep deur daadwerklik te poog om in te skakel by die horende gemeenskap. Hierdeur streef die dowe adolessent in werklikheid om horend te wees. Hul doofheid word ontken en Cohen wys daarop dat hierdie

ontkenning van doofheid patologies kan word. (1978:273) Volgens Schroeder (1970:28) kan kontak tussen gesinne met 'n dowe kind en die dowe gemeenskap daar= toe lei dat die dowe kind gebaretaal aanleer, dat sy ouers sy doofheid leer aanvaar en meer realisties leer hanteer.

Cohen maak verder melding van adolessente wat 'n dubbele lewe lei. "Some adolescents live double lives while they attempt to reconcile old attitudes with their new per= ceptions. For these and other reasons many deaf adoles= cents move toward deaf peers and away from hearing friends. Some of these friends will have limited oral skills and may be dependant on manual communication." (1978:273) Afhangende van ouers en onderwysers se han= tering van die dowe adolessent se soeke na dowe vriende en die mate waartoe ouers en onderwysers die kind se reg respekteer om 'n keuse te maak, sal bepaal hoe die dowe adolessent ook op hierdie persone se leiding sal reageer. Daar vind dikwels 'n verwydering plaas tussen die adolessent en sy ouers gedurende die fase van iden= titeit versus rolverwarring. By die dowe adolessent kan hierdie verwydering vergroot word deurdat die jong dowe voel: "I am not like you, because you are an adult and you are hearing." (Cohen, 1978:267)

Die adolessent, in sy soeke na 'n identifikasiemodel, word gekonfronteer met modelle wat in 'n groot mate van homself verskil. Cohen wys daarop dat dowe adoles= sente weinig kontak maak met dowe volwassenes en dat ouers en onderwysers die wêreld van doofheid verwerp. Cohen merk dan op dat onderwysers moontlik identifika= siemodelle mag wees, maar dat dit waarskynlik net so moeilik is vir dowe kinders om met horende onderwysers te identifiseer as wat dit is vir swart kinders om met blanke onderwysers te identifiseer. (1978:272)

Cohen maak 'n verdere waarneming, dat dowe adolessente 'n selfbeeld van "non-citizenship" openbaar. Hy skryf dit toe daaraan dat die jongmense verwerp voel deur die horende gemeenskap en dit daarom ook verwerp. Volgens hom is hulle nie besorg oor sake van nasionale belang nie. Dowe adolessente in Amerika het weinig belang gestel in die Vietnam-oorlog toe ander adolessente groot betogings in hierdie verband gehou het. Die dowe adolessente se verweer was: "It is a hearing person's war and not our concern." (1978:272)

Schlesinger en Meadow (1972:461) wys daarop dat die dowe kind die fase van adolessensie betree met gevoelens van wantroue, skaamte, twyfel, skuld en minderwaardigheid. Hulle glo verder dat swak taalontwikkeling akademiese leervermoë en konseptualisering asook die vermoë om te leer omtrent interpersoonlike verhoudinge, ernstig strem.

Coleman wys daarop dat "the task of shaping one's own identity, finding satisfying values, and living a con= structive life are seemingly more difficult today than ever before ." (1972:254) Vir die dowe adolessent met emosies soos wantroue, skuld, skaamte, twyfel en minder= waardigheid is hierdie fase soveel moeiliker en die adolessente wat nie daarin slaag om hierdie fase van "identiteitsverwerwing" suksesvol te verwerk nie, ont= wikkel volgens Erikson, 'n toestand van rolverwarring.

### 4.3.6 INTIMITEIT VERSUS ISOLASIE

Die fase van jong volwassenheid is 'n belangrike een vir die bewuswording van die waarde van intimiteit vir die individu. Indien intimiteit in hierdie stadium vermy word, as gevolg van swak ego-ontwikkeling, kan isolasie en oordrewe selfbewustheid ontstaan. Die vermoë tot intimiteit bied die moontlikheid van wedersydse liefde

wat weer noodsaaklik is vir die sukses in 'n huwelik. (Erikson, 1950:230)

Dit wil voorkom of die jong volwasse dowe blootge= stel is aan die moontlikheid van isolasie. Die dowe adolessent wat gevoelens van rolverwarring ervaar omdat die identiteitskrisis van die adolessente jare nie ver= werk is nie, kan daartoe geneig wees om intimiteit te vermy. Vir die jong dowe volwassene wat die wêreld van die horende as verwerpend ervaar en vir wie die wêreld van die dowe as minderwaardig voorgehou is, word 'n dilemma geskep. Die dowe jongmens wil graag verhoudings aanknoop met horendes, maar dit wil voorkom of gebrek= kige kommunikasie in hierdie verband ernstige probleme kan skep. Die dowe jongmens wat aan die ander kant ook graag verhoudings wil aanknoop met dowes kan probleme ondervind indien hierdie verhoudings nie deur hul ouers goedgekeur word nie en skuldgevoelens by die dowe jong= mens geskep word. (Cohen, 1978:267) Dit is ook moont= lik dat die dowe jongmens nie verhoudings met dowes wil aanknoop nie, maar daartoe gedwing word aangesien die vermoë om verhoudings met horendes te handhaaf, ontbreek. Die dowe wat homself onder sulke omstandighede na die dowe gemeenskap wend, doen dit waarskynlik met 'n gevoel van mislukking.

Die ouderdom waarop dowes die vermoë tot intimiteit ontwikkel is waarskynlik hoër as die ouderdom waarop horendes hierdie vermoë ontwikkel, aangesien dit wil voorkom of dowes op 'n later stadium as horendes in die huwelik tree. (Kyk supra hoofstuk 2) Huwelike waar dowes met mekaar trou, is stabiel en dit blyk dat dowes wel daartoe in staat is om intieme verhoudings te handhaaf, maar dat hulle later as horende persone daar= toe in staat is, moontlik ook as gevolg van gevoelens van wantroue, skaamte, skuld, minderwaardigheid en rol= verwarring wat in vorige lewensfases verwerf is.

### 4.3.7 SKEPPING VERSUS STAGNASIE

Hierdie fase sluit die stadium van volwassenheid sowel as die middeljare in. Die volwassene en middeljarige het behoefte daaraan om aan die ontwikkeling van die volgen= de geslag rigting te gee. Erikson meen dat die individu stagneer wanneer daar nie op een of ander wyse 'n be= trokkenheid by ontwikkeling is nie. (Elkin en Handel, 1972:60)

Indien ouers en familielede daaraan gewoond geraak het om namens die dowe te praat, sy keuse vir hom te maak en ook verantwoordelikheid namens hom te aanvaar, is dit moontlik dat die dowe nie die geleentheid gegun sal word om self verantwoordelikheid te aanvaar vir die opvoeding van sy kinders nie. Veral die dowe egpaar wat hulself tuis voel binne die wêreld van die dowe en dikwels sosiaal met ander dowes verkeer, kan blootge= stel word aan inmenging van familielede wat hierdie "dowe wêreld" as minderwaardig en daarom ook skadelik vir die dowe egpaar se kinders sien. Veral waar dowe ouers horende kinders het, is dit maklik om inmenging te regverdig deur aan te voer dat die horende kinders nie sal leer praat as hulle slegs in aanraking kom met dowes nie. Ouers wat voel dat hulle geen deel het in die opvoeding van hul kinders nie, kan stagneer en tekens van persoonlikheidsverarming en kinderagtigheid begin toon.

Waar die dowe ouers se kommunikasievermoë van so 'n aard is dat hulle nie deur horende persone verstaan kan word nie, of as hulle lipleesvermoë van so 'n aard is dat hulle nie daartoe in staat is om horende persone te verstaan nie, is dit moontlik dat dowe ouers hul horende kinders as tolke sal gebruik ten einde kontak met die buitewêreld te behou. Dit is moontlik dat dowe ouers onder hierdie omstandighede, afhanklik kan raak van hul

...../93

kinders. Die horende kind wat homself in hierdie situa= sie bevind, dra te vroeg te veel verantwoordelikhede.

'n Dogter (13 jaar oud) is tydens haar ouers se egskei= ding deur beide ouers se prokureurs as tolk gebruik. Daar was lang debatte gevoer oor egskeidingsgronde en toesig en beheer oor die kinders. Die dogter het later aan die maatskaplike werker vertel dat sy jare later nog elke gesprek in detail kan onthou en dit op dertig jarige ouderdom, nog nooit kon verwerk nie.

Die vrou se dowe moeder het weer vertel dat hul dogter altyd die een was wat vir haar en haar man moes verdui= delik wat om hul aangaan aangesien hul kommunikasiever= moë swak was. Gedurende die debatte rondom die egskei= ding het sy minderwaardig gevoel teenoor haar dogter van dertien. "Sy was die ma, en ek was die kind wat verkeerd gedoen het", was haar woorde.

'n Egpaar op Klerksdorp het vertel dat hulle graag 'n polis wou uitneem. As gevolg van hul swak kommunikasie= en leesvermoë, was hulle totaal afhanklik van hul tien= derjarige seun se interpretasie van die assuransie- agent se aanbod. Ook toe die egpaar 'n motor wou koop was hulle totaal afhanklik van die seun se interpre= tasie van die huurkoopkontrak. Mnr.V. het opgemerk dat hy dikwels voel dat hý die kind is en sy seun die pa.

Wanneer die situasie bestaan waar dowe ouers weinig of geen kommunikasievaardighede besit nie, is dit blykbaar moontlik dat die kinders die besluitnemende rol in die gesin kan oorneem. Die ouers voel dan asof hulle die rol van afhanklike kind beklee. Hierdie situasie ver= oorsaak vir beide ouer en kind probleme ten opsigte van rolvervulling. Die ouers wat voel dat hulle geen rol speel in die ontwikkeling van hul kind nie, mag stagneer en die kind wat te veel verantwoordelikhede op 'n vroeë

ouderdom dra kan persoonlikheidsprobleme ontwikkel.

4.3.8 EGO VOLLEDIGHEID VERSUS WANHOOP

Erikson beskou die stadium van laat middeljare en bejaardheid as 'n tydperk waarin die individu òf erva= rings van volledigheid met gepaardgaande ontwikkeling van lewenswysheid beleef, òf wanhoop beleef. Die per= soon besef dat dit te laat is om 'n nuwe lewe te begin en ook dat sy lewe kort raak. (Elkin en Handel, 1972:60)

Die dowe persoon wat homself meestal binne die ongeskool= de, halfgeskoolde en geskoolde arbeidsituasie bevind, het moontlik nie die geleentheid of insig om voorsiening te maak vir die tydperk van bejaardheid nie. Hierdie groep word dikwels weekliks betaal en verskeie dowes vind dit moeilik om te spaar aangesien die weeklikse bedrag te klein lyk indien dit in kontant uitbetaal word.

'n Dowe man van Orkney het ernstige finansiële probleme ondervind. 'n Ontleding van die gesin se finansies het aan die lig gebring dat die vader 'n bedrag van R120 per week verdien. Ten spyte hiervan, kon die gesin, bestaan= de uit vader, moeder en baba, nie uit die finansiële verknorsing bly nie. 'n Dowe vrywilliger wat die gesin se finansies help beplan het, het aangevoer dat dit moeilik is om so 'n groot kontantbedrag te ontvang en dit dan nie te bestee nie. Die oplossing van die pro= bleem het daarin gelê dat die vader se weeklikse loon, deur sy werkgewer, in 'n bankrekening inbetaal is. Geen finansiële probleme is daarna ondervind nie.

Die fase van bejaardheid is 'n tydperk wat vir die individu veel spanning kan meebring. Friedlander en Apte noem dat persoonlikheidstrekke nie met die jare

verander nie, maar dat dit eerder meer intens word. Die bejaarde bring al sy vermoëns of gebreke saam met hom, as hy die fase van bejaardheid betree. (Friedlander en Apte, 1980:247) Die dowe kind wat emosies soos wantroue, skuld, skaamte, minderwaardigheid, rolverwar= ring en isolasie verwerf het, sal heel moontlik 'n bejaarde word wat hierdie selfde emosies openbaar.

Friedlander en Apte wys daarop dat die spanning en ont= bering wat gepaard gaan met bejaardheid, tesame met die agteruitgang van breinfunksie, aanleiding kan gee tot psigose by die bejaarde. (Friedlander en Apte, 1980:247) Die dowe bejaarde het te kampe met die bogenoemde pro= bleem, maar hieraan word die verdere probleem van nega= tiewe emosies, in die kinderjare verwerf, toegevoeg. Dit wil daarom voorkom of die dowe bejaarde blootge= stel mag wees aan 'n situasie wat geestesafwykinge en selfs psigose kan veroorsaak.

Daar is slegs een tehuis vir dowe bejaardes in Suid-Afrika, naamlik die Col. Rowland Tehuis vir Bejaardes. Dit wil dus voorkom of dowe bejaardes in ouetehuise, saam met horende bejaardes, opgeneem word. 'n Bejaarde wat nie daartoe in staat is om gemaklik met horendes te kommunikeer nie, kan onder sulke omstandighede vereen= saam. Dit is moontlik dat ander inwoners van die tehuis waar die bejaarde woon, nie gebaretaal magtig is nie. Die bejaarde het nou ook nie meer die hulp van hul kinders, wat in die verlede moontlik as tolke gebruik is nie. 'n Neëntigjarige dowe dame het tydens die maatskaplike werker se eerste besoek aan haar, in trane uitgebars toe laasgenoemde haar in gebaretaal "aanspreek".

Niemand in die ouetehuis waar sy gewoon het, was gebare= taal magtig nie, en die matrone het opgemerk dat die ander inwoners haar vermy omdat hulle nie weet hoe om met haar te kommunikeer nie. Sy het later meestal in

...../96

haar kamer gesit en wou geen kontak met die ander inwoners maak nie.

## 4.4 DIE MOONTLIKE INVLOED VAN DIE SPRAAKBENA= DERING OP DIE PROSES VAN SOSIALISERING

Indien die spraakbenadering vanaf die vroegste kinderjare die grondslag lê vir sinvolle kommunikasie tussen ouer en kind, sal die kind eienskappe soos basiese vertroue, outono= mie, inisiatief, ywer, identiteit en vermoë tot intimiteit ontwikkel. Hierdie eienskappe ontwikkel egter nie waar kom= munikasie ontbreek nie. 'n Onderrigbenadering wat derhalwe nie daarin slaag om 'n grondslag vir vroeë ouer-kindkommunikasie kasie te lê nie, kan skadelik wees vir die dowe kind se per= soonlikheidsontwikkeling.

Indien daar nie noemenswaardige kommunikasiepatrone tussen ouer en kind opgebou word nie, en kinders nie vroeg reeds kan verstaan wat hul ouers aan hulle sê nie, word probleme geskep ten opsigte van sosialisering. 'n Sosialiseringsproses wat verloop sonder dat kommunikasie plaasvind, is waarskynlik nie 'n sosialiseringsproses nie, maar eerder 'n afrigtingsproses. Sonder kommunikasie kan die dowe kind nie leer waarom sekere gedrag verkeerd is en ander reg is nie. Die waardesisteem wat die proses van sosialisering ten grondslag lê, is verlore vir die kind wat nie kan kommunikeer nie.

Dit wil voorkom of die dowe kind, binne 'n sisteem wat nie vrye kommunikasie op 'n vroeë ouderdom moontlik maak nie, afgerig word om sekere gedragswyses te openbaar. Daar bestaan 'n ooreenkoms tussen hierdie tipe van afrigting en die afrig= ting van diere. In beide gevalle reageer die leerling op bevele wat hulle nie noodwendig verstaan nie en vorm 'n sisteem van straf en beloning die grondslag van die kind of die dier se prestasies in hierdie verband.

Dit wil voorkom of die spraakbenadering, wat oënskynlik nie daarin slaag om hierdie vroeë ouer-kind kommunikasiegrondslag te lê nie, neig om 'n verontmenslikende invloed op die dowe kind uit te oefen deurdat die sosialiseringsproses bloot 'n afrigtingsproses word met negatiewe gevolge vir die persoon=likheidsontwikkeling sowel as vir die normatiewe ontwikkeling van die dowe kind. (Harris en Hartley, 1979:13)

Dit blyk dat dowe kinders twee tot drie jaar jonger is as horende kinders wanneer hulle skool toe gaan en dat hulle waar=skynlik op skool vir die eerste keer leer kommunikeer. Hierdie situasie skep die moontlikheid dat die skool en die onderwyser, die gesin as primêre sosialiseringsagent kan verdring. Volgens Roode word selfbeheersing, waardes en rolgedrag binne die gesin aangeleer. Hier bestaan emosionele bande wat ouer en kind aan mekaar bind en waarbinne die sosialiseringsproses ten beste plaasvind. (Roode en Viljoen, 1974:74)

Indien die dowe kind nie, terwyl hy op skool is, deur sy ouers verstaan word nie en die onderwyser die enigste persoon is wat die kind se spraak verstaan, is dit moontlik dat ouers kontak met hul dowe kind kan verloor.

Roode wys ook daarop dat die portuurgroep 'n belangrike rol speel in die proses van sosialisering. Waardes en norme wat binne die gesin geleer word, word deur die portuurgroep ver=sterk indien die portuurgroep dieselfde waardes as die gesin onderskryf. Onderskryf die portuurgroep egter ander waardes as die gesin, kan konflik by die kind ontstaan. (Roode en Viljoen, 1974:75) Dit wil voorkom of dowe kinders moontlik aan hierdie konflik blootgestel word indien ouers en onderwy=sers die gebruik van gebaretaal afkeur en die portuurgroep die gebruik van gebaretaal aanmoedig. Volgens Cohen (kyk supra 4.2.5) is die adolessent en die jong volwassene blootge=stel aan hierdie konflik.

# HOOFSTUK 5

# DIE INVLOED VAN DIE SPRAAKBENADERING OP DIE STATUS VAN DIE DOWE

## 5.1 INLEIDING

Terme soos " second-class citizenship ", " non-citizenship", " disadvantaged deaf ", " minority group aspects " en " discrimination " skep onmiddelik die in= druk dat die dowe gemeenskap moontlik nie die status in die breë gemeenskap geniet wat hulle toekom nie.

Gestremde persone, hetsy liggaamlik gestrem of sintuiglik gestrem, ervaar 'n mindere of meerdere mate van diskriminasie in hul omgang met die gemeenskap, waardeur hul status dikwels nie gerespekteer word nie, en hul regte dikwels misken word. Volgens skrywers wat hierdie situasie in die verlede ontleed het, en tans heelwat aandag daaraan skenk, blyk dit dat dowes meer blootgestel is aan diskriminasie, dat hul regte meer dikwels en op veel meer terreine misken word, met die moontlike gevolg van maatskaplike wanfunksionering. (Elwell, 1975; Heider, 1967; Rainer, 1969; Vernon, 1970, 1971, 1976; Dunham, 1978 en Conrad, 1979)

Die gebied waar daar, volgens die grootste meerderheid skrywers, die meeste tekens van minderbevoorregting, diskriminasie en tweedeklasburgerskap bestaan, is die gebied van die onderwys vir dowe kinders. Dowes behoort meer invloed te hê oor die onderwys van dowe kinders en hulle behoort nie uitgesluit te word van beleidmakende prosesse ten opsigte van die onderwys vir dowes nie. (Vernon, (a), 1976:1)

Die onderwysbeleid in skole vir dowes is ook 'n aspek wat deur verskeie skrywers aangeraak word. Merril merk in hierdie ver= band op: "The total subjection of a deaf child to a means of

communications which he cannot understand...is not only unpro= fessional and usually ineffective, but it could well be viewed as a violation of the rights of another human being." ((b), 1979:3)

Dit wil al meer voorkom of die gebruik van gebaretaal aanvaar= baar word by 'n groter wordende groep professionele persone. Dikwels gaan skrywers selfs sover as om die gebruik van gebare= taal, as natuurlike kommunikasiemedium van die dowe, as die dowe se reg te beskou. (Elwell, 1975:56)

Gebaretaal word ook deur 'n groter wordende groep linguiste erken as 'n volwaardige taal, gelykstaande aan tale soos Afrikaans en Engels. Dit word beskou as 'n taal met al die moontlikhede vir die formulering van idees en konsepte. (Stokoe, 1979:1-7) Volgens Stokoe behoort dowes die reg te hê om hul taal te gebruik en daarin onderrig te ontvang.

Wanneer 'n eie, onafhanklike taal ter sprake kom, ontstaan die vraag na 'n eie onafhanklike kultuur ook. Indien die dowe, as groep, hul eie taal het, het hulle ook 'n eie kultuur? Indien die dowes 'n eie kultuur het, kan hulle gesien word as 'n subkultuur Indien die dowes 'n subkultuur blyk te vorm, en hul status en regte in so 'n mate aangetas word soos ver= skeie skrywers dit beskryf, kan die dowes, as groep, gesien word as 'n minderheidsgroep? Wat veroorsaak dat dowes se regte aangetas word en is dit 'n probleem wat meer akuut is by dowes as by ander gestremdes? Hoe sal die dowe se maatskaplike funksionering beïnvloed word indien die dowe wél onderhewig is aan diskriminasie, minderbevoorregting, tweedeklasburgerskap en ander aspekte wat die bestaan van 'n minderheidsgroep ken= merk?

Hierdie hoofstuk sal, soekend na antwoorde op bogenoemde vrae, eerstens 'n uiteensetting gee van die menings van bekende skrywers op die gebied van die doofwese, ten opsigte van die status van die dowe, en dit evalueer. Die ontstaan en kenmerke

van etniese groepe sal bespreek word ten einde te bepaal of daar ooreenstemmende kenmerke is, en 'n uiteensetting van die ontstaan en kenmerke van 'n minderheidsgroep sal gemaak word ten einde vas te stel of daar ooreenstemmende kenmerke tussen die status van die dowe en die status van minderheidsgroepe bestaan. Ten slotte sal die moontlike oorsake van die dowe se statusverlies bespreek word en daar sal ook op die moontlike gevolge van statusverlies gewys word.

## 5.2 DIE STATUS VAN DIE DOWE

Dr Edward Merril, president van Gallaudet Kollege, die univer= siteit vir dowes in Maryland in die V.S.A.wys daarop dat daar tekens van tweedeklasburgerskap by die dowe persoon voorkom. Hy beskryf vyf tekens van tweedeklasburgerskap naamlik gebrek aan toegang tot inligting, uitsluiting uit gebeure in die gemeen= skap, gebrek aan sensitiwiteit vir dowes, uitsluiting uit professionele arbeidsrigtings, uitsluiting uit beleidmakende prosesse en laastens gebrek aan selfbeskikkingsreg. Merril wys dan daarop dat, hoewel dowes toegang het tot sekere massa-kommunikasiemedia soos die geskrewe woord, hulle nie toegang het tot die mees gevorderde kommunikasietegnologie nie. Dit skep die moontlikheid dat belangrike boodskappe die dowe nie betyds bereik nie en voorkom dat dowes toegang het tot basiese inligting, wat hul lewensloop kan beïnvloed. Volgens Merril ontvang dowes ook nie kennisgewings van open= bare vergaderings nie, en indien hulle dit wel ontvang, word daar nie tolke voorsien nie. Volgens hom wys dit dat dowes nie belangrik genoeg geag word om insluiting in hierdie gebeure te regverdig nie. Terme soos "deaf and dumb", "deaf mutes" waarby ook die Afrikaanse term "doofstom" gevoeg kan word, word dikwels deur die horende publiek gebruik. Hierdie terme is kwetsend en spreek van gebrek aan sensitiwiteit. Merril noem ook dat dowes weens hul doofheid dikwels nie oorweeg word vir professionele opleiding nie aangesien bloot aanvaar word dat dowes sekere arbeid nie kan verrig nie. Verder word dowes

ook nie betrek by beleidmaking nie en neem horende persone dik=wels besluite namens dowes sonder dat hierdie groep geraadpleeg word ten opsigte van hul mening omtrent die saak wat ter sprake is. Dowes is ook nie vry om self te besluit met wie hulle wil assosieer, waar hulle wil skoolgaan, watter geloof hulle wil aanhang, waar hulle wil woon en watter politieke denkrigting hulle wil ondersteun nie. (1979:1-6)

"Curtailment of self-determination is done through limiting choices, inadequate funding of programmes, and perpetuating assumptions about the abilities of deaf people and the kind of work they should and should not do." (Merril, (b), 1979:5)

Vernon reken dat die dowe as tweedeklasburger beskryf kan word in die lig van die akademiese minderbevoorregte situasie van die dowe skolier. Kinders word volgens hom gedwing om skole vir dowes by te woon en kan nie die onderwysbeleid van hierdie skole bepaal nie, aangesien dowes nie besluitnemende posisies binne hierdie struktuur kan beklee nie. Hy reken dat dowes derhalwe hul selfbeskikkingsreg ontneem word. ((b), 1976:5)

Ook meen Veron dat die dowe kind geleer word dat die gebruik van vingerspel en handgebare onaanvaarbaar is. Hierdie moda=liteite is egter waarskynlik die enigste wat sinvolle kommuni=kasie vir die jong dowe kind moontlik maak. Vernon sê: "...the children are frequently denied the opportunity to learn academic material through the help of the modality they understand. The entire theory of 'begining where the child is' is ignored." ((b), 1976:5)

Vernon maak ook daarvan melding dat dowe kinders nie deur dowe onderwysers onderrig word nie, daar die beleidsverklaring met betrekking tot die keuring van onderwysers vir dowes, dowe kandidate uitsluit. ((b), 1976:5) In Australië word daar op dieselfde wyse teen dowes gediskrimineer: "We in New South

Wales have an education system where no hearing impaired persons are employed as teachers of the deaf, counsellors or social workers." (Galvin, 1979:1)

Fibush wys ook daarop dat beperkinge dikwels op dowes geplaas word "some of these limitations are imposed by society in the form of legal restrictions, occupational discrimintaion, cultu= ral prejudice and lack of acceptance into group activity". (1955:51)

Dit wil voorkom of skrywers verder die erkenning van gebare= taal en die status wat die dowe geniet in 'n groter wordende mate verbind. Vernon se siening is reeds vermeld maar ook Bellugi verwys daarna. Sy maak die bewering dat: "...atti= tudes toward a language reflect attitudes toward the person using the language." (1979:1) Indien gebaretaal derhalwe beskryf word as 'n minderwaardige taal is dit moontlik dat die dowe ook gesien word as 'n minderwaardige persoon, aange= sien dowes handgebare gebruik wanneer hulle met mekaar kommu= nikeer. Elwell maak in hierdie verband die opmerking, naamlik: "A derogatory attitude toward sign language, which is the natural cultural development of creative people deprived of sound, is a part of this failure to value the deaf for their distinct individuality." (1975:56)

Merril skryf in hierdie verband dat die onderwerping van 'n dowe kind aan 'n medium van kommunikasie wat die kind nie kan verstaan nie, is nie net onprofessioneel nie, maar kan ook beskou word as 'n skending van 'n persoon se menseregte. ((b), 1979:1) Hy meld: "In the past, young deaf children have been forced to adapt to programmes which do not meet their needs and to learn as best they can." ((b), 1979:3)

Stokoe verwys ook na die klaarblyklike verbondenheid van gebaretaal en status: "...we saw the language in actual use; we saw the deaf participants glowing with the deserved grati= fication - no longer the second-class citizens at a convention

of pedantic talkers but the respected and appreciated possessors of a language that the hearing participants were humbly striving to learn more about." (1979:2)

Uit voorafgaande kan afgelei word dat dowes blootgestel is aan toestande wat aanleiding daartoe gee dat hulle as tweedeklas= burgers beskou word. Minderbevoorregting en diskriminasie op die gebied van die onderwys is moontlik die ernstigste probleem waarmee die dowe te kampe het en die erkenning van hul taal, gebaretaal, speel hierin waarskynlik 'n sentrale rol. Dit wil voorkom of die miskenning van gebaretaal as die taal waarin die dowe homself tuis voel, deur 'n hele aantal skrywers beskou word as 'n miskenning van die status van die dowe.

## 5.3 OOREENSTEMMENDE EIENSKAPPE VAN DIE DOWE AS GROEP EN ETNIESE GROEPE

'n Etniese groep is 'n groep persone wat sosiaal onderskei kan word van die lede van ander groepe. So 'n groep het 'n eie subkultuur gevorm met 'n gedeelde gevoel van "behoort tot"die groep. 'n Woordeboek vir Sosiologie beskryf 'n etniese groep as 'n groep met 'n gedeelde kulturele tradisie en 'n gevoel van iden= titeit. Hierdie groep bestaan as 'n subgroep van die breër gemeenskap. Hierdie groeplede verskil van ander lede van die gemeenskap daarin dat hulle moontlik 'n eie taal praat, 'n eie godsdiens beoefen en eie gebruike en tradisies het. Die belangrikste kenmerk van 'n etniese groep is egter die gevoel van identifikasie met die groep, wat daar by die lede van die groep bestaan. (Theodorson en Theodorson, 1969:135)

Popenoe noem spesifieke eienskappe wat kenmerkend is van etniese groepe:

- Ander persone, van buite die groep, kan sekere sosiale ver= skille uitwys. Die groep praat byvoorbeeld 'n ander taal, kook sekere disse, het 'n sekere kerverband, ensovoorts.

- Die groeplede beskou hulself as anders as die breë gemeen= skap en is geneig om kontak met buitestaanders te ontmoedig, veral op sosiale gebied.

- Streng sanksies kan aan die groep se sosialiseringsproses rigting gee en die veronderstelling kan gemaak word dat lede van die groep op dieselfde manier, volgens dieselfde waardes en norme, gesosialiseer word.

- 'n Gevoel van "my mense" bestaan by die lede van 'n etniese groep. Die groeplede identifiseer dus met die groep. (1971:267)

As groep word die dowes met 'n teenstrydigheid gekonfronteer. Hulle word in sekere opsigte gesien as 'n onderskeibare groep, terwyl die bestaan van hierdie groep in ander opsigte moontlik misken word.

Wanneer dowe volwassenes met mekaar assosieer, gebruik hulle gebaretaal as kommunikasiemedium. Dowes gebruik dus 'n ander taal as die breë, horende gemeenskap. Stokoe sien gebaretaal as 'n onafhanklike taal met eie reëls, gelykstaande aan enige ander taal. (1979:1-7) Die taal van die dowe kan dus gesien word as gelykwaardig aan die taal van die breë gemeenskap.

In verskeie van die groter sentra in Suid-Afrika bestaan daar groepe dowes wat op gereelde grondslag met mekaar kontak het, deurdat hulle spesiale kerkdienste bywoon, of lid is van 'n vereniging vir dowes wat op gereelde grondslag vergader. Dit wil voorkom of dowes, as groep, tot so 'n mate erken word, dat skole vir hulle opgerig word, kerke vir hulle gebou word en verenigings gestig word om hul belange te bevorder.

Dit wil egter voorkom of dowes aan die ander kant nie as 'n groep erken word nie, daar die spraakbenadering van onderwys moontlik 'n gevoel van afkeer van gebaretaal, wat by die sosiale byeenkomste vir dowes gebruik word, kweek (kyk supra

5.2) en hierdie afkeer dan ook geld ten opsigte van die dowes as groep. Ontkenning van doofheid is 'n verskynsel wat voor= kom by dowes, veral jong dowes, en dit laat die gedagte ont= staan dat gepaardgaande met die ontkenning van doofheid deur ouers, onderwysers en ook dowes, die bestaan van die dowes as groep, ook ontken word. Op hierdie wyse kan gevoelens van ambivalensie by die dowe geskep word.

Dowes beleef hulself dikwels anders as die horende gemeenskap. Hulle kan nie hoor nie, hulle verstaan horende persone waar= skynlik moeilik, maak hulself moontlik moeilik verstaanbaar aan die horende gemeenskap, die horende beleidmakende gemeen= skap verstaan en respekteer hul taal, gebaretaal waarskynlik nie en dit wil voorkom asof hulle die horende gemeenskap nie vertrou nie. (Kyk supra 2.2.1) Dowes praat ook dikwels van "ons dowes" en "julle horendes" en dit laat die vermoede ont= staan dat dowes hulself as 'n onderskeibare groep sien.

Indien die spraakbenadering van onderrig nie aan ouers van dowe kinders die nodige kommunikasiegereedskap bied ten einde sosia= lisering op sinvolle wyse te voltrek nie, word dowe kinders waarskynlik gesosialiseer om persoonlikheidstrekke soos wan= troue, skaamte, skuld, twyfel en minderwaardigheid met mekaar te deel. Hulle het waarskynlik ook 'n waardesisteem wat gebasseer is op gedragsmodifikasie, met mekaar in gemeen.

Dit wil dus lyk asof dowes 'n eie taal gebruik, dikwels sosiaal met mekaar verkeer, hulself as 'n onderskeibare groep sien, persoonlikheidstrekke in gemeen het en waarskynlik 'n waarde= struktuur deel. Dowes, as groep, kan daarom moontlik gesien word as 'n tipe etniese groep, in die lig van genoemde ooreen= komste.

Hoewel daar verskeie ooreenkomste bestaan tussen die kenmerke van etniese groepe en verskynsels wat binne die dowe gemeenskap aangetref word, bestaan daar ook wesenlike verskille. Elwell maak daarvan melding dat lede van die dowe gemeenskap hulself nie werk=

...../106

lik kan afskei van die horende gemeenskap nie. Die meerderheid dowe persone het primêre verhoudings met persone binne die horende gemeenskap. 90% van die persone in die dowe gemeen= skap het waarskynlik horende ouers en ook 90% van alle dowe egpare het horende kinders. In 'n etniese groep is dit waarskynlik nie moontlik dat ouer en kind tot verskillende etniese groepe behoort nie, behalwe wanneer 'n ouer of kind uit eie keuse integreer met 'n ander etniese groep, terwyl dit dikwels voorkom by dowes, sonder dat eie keuse 'n rol speel. (1975:56)

Die vlak van integrasie tussen dowes en horendes verskil ook van die vlak van integrasie tussen etniese groepe en die breë gemeenskap. Sosiale afstand en taboes met betrekking tot inti= miteit bepaal verhoudings tussen etniese groepe en die breë gemeenskap terwyl gebrekkige kommunikasie by die dowe verhou= dings tussen dowes en die horende gemeenskap beperk.

## 5.4 OOREENSTEMMENDE EIENSKAPPE VAN DIE DOWE AS GROEP EN MINDERHEIDSGROEPE

Popenoe beskryf 'n minderheidsgroep as 'n groep, hetsy 'n etniese , rasse- of godsdienstige groep, wat op een of ander wyse aan minderbevoorregting blootgestel is as gevolg van dis= kriminasie en vooroordele. (1971:312) Theodorson en Theodorson wys daarop dat 'n minderheidsgroep nie noodwendig 'n groep òf 'n minderheid hoef te wees nie, maar dat die bepalende faktor daarin lê dat vooroordele en diskriminasie ten opsigte van hierdie groep bestaan. (1969:259)

Dit wil voorkom of die dowes as groep, beskou kan word as 'n minderheidsgroep aangesien minderbevoorregting, vooroordele en diskriminasie probleme is waarmee die dowe oënskynlik gereeld te doen kry. Verskeie skrywers is van mening dat dowes tot 'n <u>ernstige</u> mate blootgestel is aan minderbevoorreg= ting, vooroordele en diskriminasie. (Vernon, 1976; Merril,

1979; Stokoe, 1979; Galvin, 1976 en Elwell, 1975)

Volgens Vernon kom minderbevoorregting veral voor op die gebied van die onderwys: "As a group the deaf are seriously academically disadvantaged." ((b), 1976:5) Roos merk op dat hierdie situasie ook in Suid-Afrika bestaan. (Kyk supra 2.2.2) Volgens 'n navorsingstudie wat die Raad vir Geesteswetenskap= like Navorsing onderneem het, wil dit voorkom asof dowes in Suid-Afrika nie op tersiêre vlak presteer nie. (Kyk supra 2.2.2) Dit wil dus blyk of dowes in Suid-Afrika blootgestel is aan minderbevoorregting in die onderwys.

Elwell merk op dat dowes dikwels nie toegelaat word om dowes te onderrig nie: "Many localities have specific regulations that make it impossible for a deaf person to teach deaf chil= dren in spite of research which shows that deaf teachers are especially effective at this." (1975:56) Galvin merk in hier= die verband op dat dowes ook in Australië diskriminasie beleef: "The most sickening discrimination is shown by our Education Department, who will integrate you, educate you but will never let you become one of them. With this anachronistic and paternalistic attitude the way the Education Department treats its hearing impaired 'graduates' can be likened to the treat= ment of a dog by a kindly master." (1979:5)

In die spraakbenadering van onderrig vir dowe kinders, word gebaretaal nie erken as die taal van die dowe nie, en word daar vereis dat dowe kinders leer praat en liplees. (Kyk supra Hoofstuk 3) Stokoe sien gebaretaal egter as 'n volwaar= dige taal wat dieselfde respek verdien as ander tale. Elwell en Bellugi is dit met hom eens. (Kyk supra 5.2) Dit is der= halwe moontlik dat dowe kinders as minderbevoorreg beskou kan word as hulle nie toegelaat word om hul natuurlike kommu= nikasiegereedskap, hul hande en oë, te gebruik nie. Dit wil voorkom of daar vooroordele bestaan ten opsigte van gebare= taal as kommunikasiemedium vir die dowe. Stokoe merk dan ook op: "...but have you not like me been in a school for the deaf

...../108

and seen, or rather felt and smelled the attitude of the anti-sign teacher or administrator when you or one of the children dared to raise signing hands...?" (1979:6)

Die arbeidsituasie waarbinne die dowe hom bevind word ook deur verskeie skrywers as ontoereikend beskou. (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes Omsendbrief 32/76) Merril wys daarop dat daar vooroordele by die breë gemeenskap bestaan ten opsigte van arbeidsrigtings wat dowes behoort te volg of nie behoort te volg nie. (1979:3) Volgens hom word dowes nie veel keuse gelaat in hierdie verband nie. In Suid-Afrika waar 82,3% van die dowe arbeiders in geskoolde, semi-geskoolde, ongeskoolde en beskutte arbeid werksaam is, wil dit voorkom of die situa=sie waarvan Merril melding maak, moontlik ook hier bestaan. (Kyk supra 2.2.2)

Dit lyk asof dowes binne die Suid-Afrikaanse samelewing ook tot 'n mate selfbeskikkingsreg ontneem word. Wanneer die samestelling van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes bestudeer word, word dowes as 'n klein minderheid op die dag=bestuur van dié Raad gevind. (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Goue Jubileum Verslag 1979) Dowes het moontlik nie die geleentheid om in hierdie struktuur werklik hul wil te laat geld nie en horende persone neem waarskynlik besluite namens die dowes. Merril beskou so 'n situasie as 'n teken van tweedeklasburgerskap - dus, minderbevoorregting.

Dat dowes nie altyd toegelaat word om namens hulself op te tree nie, is 'n verskynsel wat in Australië blykbaar ook voor=kom. 'n Dowe vrou het in die Mike Walsh televisieprogram opge=tree nadat sy geboorte geskenk het aan 'n drieling en daar gemeen is dat laasgenoemde feit, tesame met die feit dat sy doof is, nuuswaardig is. Die dowe vrou is van haar moeder vergesel. Die dowe vrou is egter totaal uitgesluit uit die onderhoud en die gesprek omtrent haar belewing van die geboorte van 'n drieling is gevoer tussen die ondervraer en die dowe vrou se moeder. Die dowe vrou het daar gesit en soms ongemak=

lik vir die kameras geglimlag, sonder dat sy 'n idee gehad het wat daar van haar gesê is. Die skrywer van die berig sê dan: "At the end of the interview those watching the show could have been forgiven for thinking that deaf people are not able to think and 'talk' for themselves and need someone to do it for them." (Nuusbrief Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Julie 1977) Merril wys daarop dat hierdie gebrek aan sensiti= witeit ten opsigte van die dowe 'n teken van tweedeklasburger= skap is. Hierdie gebrek aan sensitiwiteit is waarskynlik die gevolg van wanbegrip vir dowes se vermoëns. (Kyk supra 5.2)

Dit wil voorkom of die dowe, as groep, inderdaad minder= bevoorreg is as die breë gemeenskap, dat daar moontlik vooroor= dele bestaan ten opsigte van dowes en dat daar waarskynlik teen dowes gediskrimineer word op grond van hul doofheid. Verder wil dit ook voorkom of dowes in Suid-Afrika ook bloot= gestel is aan hierdie situasie. Dit gee aanleiding daartoe dat die dowes in Suid-Afrika as 'n minderheidsgroep gesien kan word en hul situasie in die lig daarvan indringende navorsing verg ten einde te bepaal hoe skadelik hierdie minderheidsgroep status, wat die dowe waarskynlik beklee, is.

## 5.5 OORSAKE VAN DIE DOWES SE STATUSVERLIES

Die belangrikste oorsaak van diskriminasie en vooroordele ten opsigte van dowes, is waarskynlik 'n gebrek aan kennis. Dit is moeiliker om met dowes te kommunikeer as met ander gestrem= des. Dit is ook moeiliker om doofheid raak te sien as wat dit is om blindheid of ander gestremdhede op te merk. Om hierdie redes is daar waarskynlik ook minder navorsing gedoen op die gebied van die doofwese as op die gebied van blindheid en ander gestremdhede. Ten einde grondige navorsing ten opsigte van dowes te onderneem, is dit waarskynlik vir die navorser nodig om die gebaretaal van die dowe gemeenskap aan te leer. Die skrywer het ondervind dat die aanleer van gebaretaal moei= lik is en na twee jaar van intensiewe kontak met dowes en kon=

stante gebruik van gebaretaal, het misverstande nog dikwels voorgekom.

Die gesindheid van wantroue wat by meeste dowes voorkom (kyk supra 2.2.1) bemoeilik ook die navorser se taak. Dit wil voor= kom of dowes die horende gemeenskap nie vertrou nie. Hierdie gebrek aan vertroue bemoeilik die uitvoering van navorsingspro= gramme en maak dit ook moeilik vir horende persone om vriendskaps= bande met dowes aan te knoop. Ontoereikende kommunikasie bemoeilik kontak tussen dowes en horendes waarskynlik verder. Dit is daarom moontlik dat die horende gemeenskap nie bewus is van die dowes waarmee hulle elke dag in aanraking kom nie, of dat hulle min kennis dra van die behoeftes en probleme van dowes.

Die horende gemeenskap se gebrekkige kennis van doofheid word ook weerspieël in hul gebrekkige kennis van gebaretaal. Daar bestaan weinig navorsingstudies op die gebied van gebaretaal. Linguiste weet nog nie veel van hierdie taal nie en daar word dikwels nog bespiegel oor die vraag of gebaretaal 'n taal is of nie. Binne die doofwese word dikwels ook uitsprake gemaak ten opsigte van hierdie taal, deur persone wat weinig kennis dra van gebaretaal en wat nie na empiriese studies kan verwys nie. So word die gebruik van gebaretaal deur jong kinders gesien as skadelik vir die kind se taalontwikkeling terwyl empiriese studies aangetoon het dat daar geen gronde vir so 'n bewering is nie, en dat die teendeel in werklikheid geld. (Kyk supra Hoofstuk 3)

Indien meer as 80% van die dowes in die arbeidsmark, hulle bevind in posisies waar handearbeid verrig word, wil dit voorkom asof dowes moontlik nie beleidmakende of besluitnemende poste binne die samelewing beklee sodat hulle die dowes se beeld na buite kan verbeter nie. Indien horende amptenare met min kennis van die dowe gemeenskap, besluite namens hierdie groep neem, is die moontlikheid nie uitgesluit dat hierdie besluite op onkunde berus en moontlik nie in die beste belang van die dowes is nie.

...../111

'n Onderwysbenadering wat nie daarin slaag om die dowes se potensiaal ten beste te benut nie, en dowes daarvan weerhou dat hulle leer kommunikeer en sodoende hulself aanvaarbaar maak vir die breë gemeenskap, hoewel hulle nie dieselfde taal praat as die gemeenskap nie maar tog gelykwaardige prestasies behaal, gee waarskynlik aanleiding tot vooroordele en diskri= minasie.

## 5.6 MOONTLIKE GEVOLGE VAN DIE STATUSVERLIES VAN DIE DOWE

Indien dowes nie die status wat hulle toekom binne die gemeen= skap geniet nie, sal hul potensiaal waarskynlik nie benut word nie en kan 'n belangrike bron van arbeid verlore gaan. Dowes is waarskynlik daartoe in staat om hoogs gespesialiseerde arbeid te verrig aangesien hul intelligensie verspreiding ooreenstem met dié van horende persone. (Kyk supra 2.2.1) Hierdie bron van arbeid kan egter net ten volle ontwikkel word as dowes se minderbevoorregte posisie ten opsigte van die onderwys verbeter word en dowes die geleentheid gebied word om hulself te bewys.

As aanvaar word dat gesindhede omtrent doofheid gekoppel is aan gesindhede omtrent gebaretaal, soos Bellugi dit beskryf, (kyk supra 5.2) kan dit wees dat die dowe ook by implikasie verwerp word wanneer die horende gemeenskap gebaretaal verwerp. Die onaanvaarbaarheid van gebaretaal vir die onderwysstelsel, gebaseer op die spraakbenadering, het in die lig van Bellugi se bevinding en ook in die lig daarvan dat dit waarskynlik aanleiding gee tot selfverwerping deur die dowe (Aanhangsel B en Hoofstuk 4) moontlik die gevolg dat dowes nie aanvaar word deur die breë gemeenskap nie. Die moontlikheid word dan geskep dat die dowe die horende gemeenskap op sy beurt weer verwerp en dat hulle kan terugtrek in hul eie wêreld van doofheid sonder om pogings aan te wend om kontak te maak met die horende gemeenskap. Op hierdie manier mag die doelstelling van ver= hoogde integrasie van dowes by die horende gemeenskap, nooit bereik word nie.

...../112

Volgens Popenoe kan 'n groep se minderheidstatus, veral as dit gepaard gaan met diskriminasie, aanleiding gee tot verlies van selfrespek en ook selfhaat Dit is daarom ook moontlik dat hierdie verskynsels by dowes kan voorkom. Daar word volgens Sussman en Stewart ook tekens van hierdie verlies van selfre= spek en selfhaat gevind by dowes (Aanhangsel B).
Goldensen noem dat die spraakbenadering van onderrig vir dowe kinders primêr daarop gegrond is dat die kommunikasiemedium van die horende gemeenskap, naamlik gesproke taal, beskou word as verhewe bo 'n dowe gemeenskap wat gebaretaal as kommunika= siemedium gebruik. (1978:397)

Dit is moontlik dat daar as gevolg van bogenoemde gebrek aan aanvaarding van gebaretaal, ook by die dowe 'n situasie kan ontstaan waar hulle hul doofheid ontken. Elwell merk in hier= die verband op: "Our aim should not be to convert the deaf child into a somewhat fictitious version of a normal hearing child, but into a well-adjusted nonhearing child who is com= pletely managing the limitations of his sensory defect." (Elwell, 1975:56) Daar word onder hierdie omstandighede moont= lik aan dowes die boodskap oorgedra dat hulle nie doof behoort te wees nie, maar horend. Selfhaat en verlies aan selfrespek kan moontlik as gevolg hiervan voorkom. Op hierdie manier word die dowes, as groep, moontlik die geleentheid ontneem om 'n gesonde groepsgevoel soos etnosentrisme, 'n kenmerk van 'n suksesvolle etniese groep, op te bou.

...../113

# HOOFSTUK 6

# DIE INVLOED VAN DIE SPRAAKBENADERING OP DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE DOWE

## 6.1 INLEIDING

Die dowes bevind hulself binne 'n situasie waar hul status waarskynlik tot so 'n mate aangetas word, dat hulle deur ver= skeie skrywers met tweedeklasburgers vergelyk word. Dit wil voorkom of die dowe individu hierdie sogenaamde tweedeklas= burgerskap moontlik moet hanteer te midde van die bestaan van persoonlikheidstrekke soos wantroue, skaamte, skuld, twyfel, minderwaardigheid, rolverwarring, isolasie, stagnasie en wan= hoop. Die dowe het waarskynlik ook nie die nodige kommunika= sievaardighede om hierdie wêreld van die horende te hanteer nie.

Dowes is dikwels ook aan spanning en frustrasie blootgestel indien hulle hulself in 'n arbeidsituasie bevind waar hul po= tensiaal nie ten volle benut word nie. (Kyk supra 2.2.2) Dit wil voorkom of dowes nie die tersiêre opvoedingsinrig= tings in die land bereik nie en hul akademiese vermoëns nie tot hul reg kom nie. Hierdie spanning en frustrasie waaraan die dowe blootgestel word indien hulle onderbenut word, kan hul maatskaplike funksionering nadelig raak.

Indien die dowe nie toegerus word met 'n bruikbare kommunika= sievaardigheid nie, is dit moontlik dat dowes probleme onder= vind ten opsigte van die aanleer van rolgedrag. Die inhoud van rolle word waarskynlik oorgedra deur middel van kommunika= sie en aangesien dit wil voorkom asof dowes, binne die geldende spraakbenadering van onderrig vir dowes, moontlik nie toegerus word met noemenswaardige kommunikasievaardighede nie , word hul maatskaplike funksionering waarskynlik negatief beïnvloed.

Binne die raamwerk van hierdie hoofstuk sal die term, maatskap= like funksionering, omskryf word en tot die gevolgtrekking geraak word dat maatskaplike funksionering beskryf kan word in terme van die somtotaal van die rolle wat die individu beklee. Die rolvervulling van die dowe sal ondersoek word en faktore wat hierdie rolvervulling beïnvloed, sal uitgelig word.

## 6.2 OMSKRYWING VAN MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING

Maatskaplike funksionering is die fokus van maatskaplike werk en derhalwe is dit belangrik om faktore wat 'n negatiewe in= vloed hierop het, te identifiseer en te verwyder. Werner Boehm beskou die doel van die maatskaplike werk as: "the enhancement of social functioning of individuals, singly and in groups, by activities focused upon their social relationship which con= stitute the interaction between man and his environment. These activities can be grouped into three functions: resto= ration of impaired capacity, provision of individual and social disfunctioning." (1959:45)

Ook die moderne skrywers verwys na maatskaplike funksionering as die fokus van die maatskaplike werk. (Bartlett, 1970; Compton en Galaway, 1979)

Dit is dikwels nie heeltemal duidelik wat presies bedoel word met die begrip "maatskaplike funksionering" nie. Wanneer hier= die begrip egter ontleed word, word gevind dat die begrip "funksie", deur verskeie dissiplines gebruik word en daarom verskeie betekenisse het. (Merton, 1957:21) Binne die mens= wetenskappe word 'n betekenis aan die term "funksie" geheg, wat verband hou met die biologiese betekenis van die term, in die sin van lewensbelangrike of organiese prosesse soos dit tot die instandhouding van die organisme bydra.

Word hierdie analogie verder gevoer, aldus Merton, kan gesien word dat die prosesse van funksionering in die samelewing deur

'n wye reeks opeenvolgende stappe voltrek word. In die eerste plek word voorsiening gemaak vir die bevrediging van basiese behoeftes, noodsaaklik vir die voortbestaan van die organisme. Dit word moontlik gemaak deur 'n ingewikkelde organisasie (strukture en prosesse) waardeur die behoeftes in normale ge= valle bevredig word. Wanneer sommige van die meganismes waar= deur behoeftes gewoonlik bevredig word, vernietig word of nie behoorlik funksioneer nie, word (indien moontlik) kompenserende meganismes daargestel om die nodige funksie te vervul. Die mens soek egter nie net op organiese vlak bevrediging vir sy behoeftes nie, maar voer ook 'n hoër geestelike bestaan. (Van Rooyen, 1963:10) Vir doeltreffende maatskaplike funksio= nering is funksionering op alle vlakke van die mens se bestaan 'n vereiste.

Boehm sê dat maatskaplike funksionering 'n komplekse begrip is wat al die aktiwiteite omvat wat as die uitdrukking van die individu se integrerende kragte beskou word. Maatskaplike funksionering kan dus gesien word as gedrag wat uit ego-funk= sionering ontstaan. (Van Rooyen, 1963:10)

Maatskaplike funksionering kan dan gesien word as die totaal van die individu se aktiwiteite, op alle vlakke van sy lewens= bestaan, in interaksie met ander individue en situasies in sy geheelomgewing. Dit veronderstel interaksie, terwyl elke interaksie somatiese en psigiese faktore enersyds en maatskap= like faktore andersyds weerspieël.

Van Rooyen wys ook daarop dat maatskaplike funksionering ver= staan moet word in terme van maatskaplike, somatiese en psigo= logiese faktore in hulle kombinasies. Dit bepaal die kwaliteit van maatskaplike funksionering. Dit alles word vir Van Rooyen in die begrip,"interaksie", vervat waar interaksie betrekking het op daardie aktiwiteite wat binne die perke van maatskaplike en interpersoonlike verhoudings plaasvind. (1963:11)

...../116

Alle mense is in interaksie met mekaar, en hierdie interaksie dui op verhoudings tussen mense. Hierdie verhoudings varieer ten opsigte van intensiteit en duurte en ontwikkel wanneer interaksie lank genoeg aanhou om 'n stabiele stel verwagtinge te laat ontwikkel. (Popenoe, 1971:27)

Prakties gesproke is alle menslike handelinge dus uitinge van maatskaplike funksionering. Weens die ingewikkeldheid daarvan is "maatskaplike funksionering" dus 'n lomp begrip om te gebruik vir diagnose en behandeling. Daarom is dit nodig dat hierdie begrip opgebreek word in hanteerbare eenhede. Die rol= teorie, waar die persoon gesien word in terme van die rolle wat hy vervul en bestaan as 'n sisteem met 'n netwerk van rolle, bied 'n moontlikheid in hierdie verband.

Die term rol verwys volgens Biddle en Thomas (1966:86) na: "The socially expected behaviour prescribed for a person occu= pying a particular status or position in a social system." Norme bestaan ten opsigte van die gesindhede, gevoelens en gedrag wat toelaatbaar is, wat verwag word en wat verbied word. (Compton en Galaway, 1976:86) Hierdie rolverwagtinge en voor= skrifte is kultuurgebonde en word deur die sosialiseringsproses oorgedra.

Perlman reken dat die mislukking in die vervulling van 'n rol of rolkonflik onder andere veroorsaak word waar bronne, om 'n rol na behore te vervul, ontbreek of waar 'n sisteem homself binne 'n nuwe rolsituasie bevind en die rolverwagtinge wat hierdie nuwe rol inhou nie bekend is nie, of wanneer die indivi= du, as sisteem, ontoereikend of gestrem is in die fisiese, in= tellektuele of maatskaplike vermoëns wat van die rol verwag word. (1961:62)

Wanneer maatskaplike funksionering ter sprake kom, word aandag gegee aan die persoon se rolvervulling ten einde die omvattende begrip "maatskaplike funksionering" 'n meer hanteerbare een te maak. Klem val tans egter nie meer so direk op gedrag alleen

nie, maar op die balans tussen die persoon se "coping"-mega= nisme en die eise van die omgewing. Bartlett gebruik die "persoon-in-situasie" begrip.(1970:116) In hierdie lig gesien kan maatskaplike funksionering dan waarskynlik gesien word in terme van die persoon se rolvervulling in wisselwerking met die eise van die omgewing.

## 6.3 FAKTORE WAT ROLVERVULLING BEPAAL

'n Wye reeks faktore bepaal die rolvervulling van die individu. Faktore wat 'n rol speel, is fisiese faktore, ego-faktore en maatskaplike faktore. Die situasie van die dowe gemeenskap sal aan die hand van hierdie faktore bespreek word en daar sal gewys word op die invloed en eise van die omgewing, wat gestel word aan die dowe. Die "persoon-in-situasie"-begrip sal ook as faktor in die bepaling van die dowe se maatskaplike funksio= nering 'n rol speel.

### 6.3.1 FISIESE FAKTORE

Hieronder word nie soseer siektetoestande of liggaams= gebreke verstaan nie, maar die uitwerking daarvan op die geestelike toestand van die individu. Hierdie soma-psigologiese faktore bepaal tot 'n groot mate die kwali= teit van die individu se maatskaplike funksionering. (Van Rooyen, 1963:18)

Die dowe se fisiese funksionering kan beïnvloed word deur die persoon se spesifieke gehoorprobleme. Balans= versteurings kan voorkom as gevolg van defekte in die binne-oor en spesiale aandag is nodig om hierdie pro= bleme uit te stryk wanneer dit voorkom by 'n dowe kind.

Conrad (kyk supra 3.3) maak daarvan melding dat fisiese faktore dikwels verkeerdelik aangevoer word as veroor=

sakend van 'n dowe kind se swak maatskaplike funksionering. Dikwels word dowe kinders beskryf as kinders met breinbeserings, terwyl dit nie noodwendig so is nie. Kinders se swak prestasies word in terme van fisiese faktore verklaar, terwyl daar volgens hom slegs in 10% van die gevalle fisiese probleme voorkom, van so 'n aard dat kinders se leervermoë beperk word. ((b), 1979:3) .

6.3.2 EGO-FAKTORE

Die invloed van ego-faktore op die maatskaplike funksionering van die individu moet in samehang met ander dinamiese kragte van die persoonlikheid gesien word. Hierdie kragte word deur Freud beskryf as die "id" en die "superego ". Onder die "ego" word die intellektuele en emosionele aspekte van die persoonlikheid ingesluit. Hierdie besondere aspek van die persoonlikheid word in die maatskaplike werk beklemtoon omdat die ego beskou word as die krag in die persoonlikheid wat die interne mens in verband bring met die buitewêreld. (Van Rooyen, 1963:18)

Die superego word beskou as 'n dinamiese krag binne die persoonlikheidstruktuur van die individu. By die dowe mag hierdie superego wat ook beskou kan word as die "gewete", swak ontwikkel indien dowes nie die proses begryp nie weens kommunikasiegebreke of die superego kan moontlik oorontwikkel en aanleiding gee tot gevoelens van skaamte en ook skuld.

Die ego, wat in verband staan met die intellektuele en emosionele ontwikkeling, word binne 'n benadering waar kommunikasie nie taalverwerwing bevorder en intellektuele ontwikkeling aanmoedig nie, waarskynlik beperk. Die maatskaplike funksionering van die dowe word dus

moontlik beperk indien taalontwikkeling en konseptuali= sering nie na behore geskied nie. Hierdie situasie bestaan volgens 'n hele aantal skrywers (Conrad, 1979; en Schlesinger en Meadow, 1972), binne die raamwerk van die spraakbenadering. Dit wil voorkom of die ego, wat die interne mens in verband bring met die buite-wêreld, moontlik gebrekkig ontwikkel is by die dowe persoon. Verhoudings word onder hierdie omstandighede op intrapersoonlike sowel as interpersoonlike vlak beïnvloed. Dit blyk dat dowes se funksionering ook nie net deur intellektuele faktore beperk word nie, maar moontlik ook deur emosionele faktore. Dit wil voorkom of die spraakbenadering van onderrig vir dowe kinders en die daarmee gepaardgaande afkeuring van gebaretaal as kommunikasiemedium, aanleiding gee tot die ontstaan van emosies soos wantroue, skaamte, skuld, minderwaar= digheid en andere. (Kyk supra 4.5) Hierdie emosies word moontlik geïnternaliseer wanneer die sosialise= ringsproses nie 'n grondslag van sinvolle kommunikasie het nie. Indien hierdie emosies binne die persoonlik= heid gevorm word, word die egofunksionering en sodoende ook die maatskaplike funksionering van die individu beperk.

### 6.3.3 MAATSKAPLIKE FAKTORE

Hierdie faktore behels die fisiese, maatskaplike en kulturele toestande buite die mens, toestande wat gedu= rig op die individu inwerk en waarop hy 'n invloed uitoefen. Hierdie aspekte is van besondere belang, omdat maatskaplike werk tradisioneel met aspekte van die omgewing, die interaksie tussen individue en tussen individue en eksterne omstandighede te doen het.

Die maatskaplike omgewing word deur Boehm opgedeel in die volgende komponente:

- Die individu se maatskaplike situasie, of die persoon binne sy rolnetwerk.

- Die middele wat die individu tot sy beskikking het om hom in sy rolvervulling te help.

- Die ideologie wat in die breë gemeenskap, of in sekere segmente, algemene erkenning geniet.

- Ekonomiese, politieke, fisiese en tegnologiese veranderinge.

- Maatskaplike onverskilligheid teenoor omskrewe rolle of 'n laksheid om rolle van groepe te omskryf.

- Stratifikasie wat op die lidmaatskap van 'n sekere sosio-ekonomiese groep en die interaksie met lede van ander sosio-ekonomiese groepe betrekking het. (Van Rooyen, 1963:18)

Vir die dowe is rolgedrag binne die individu se <u>rolnet=werk</u> waarskynlik 'n probleem indien die adolessent 'n toestand van rolverwarring en nie 'n gevoel van identi=teit gedurende die adolessentejare ontwikkel het nie. Die dowe, wat taalgestremd is, ontvang nie die inligting omtrent die inhoud van rolle soos wat hierdie inligting aan horendes oorgedra word nie.

Die oordraging van rolverwagtinge en rolvoorskrifte vind plaas deur middel van die sosialiseringsproses. Indien die dowe kind nie 'n bruikbare kommunikasiemedium het nie, is dit moontlik dat hierdie leerervaring misge=loop word. Gebrekkige kommunikasie tussen ouer en kind, tussen onderwyser en kind en later ook tussen die dowe en die gemeenskap, mag veroorsaak dat rolinhoud nie aan dowes oorgedra word nie en hul maatskaplike funksione=ring beperk word.

Ideologieë wat in gemeenskappe erkenning geniet, word gevorm deur die kommunikasiemedium van die spesifieke groep. Binne die horende gemeenskap sal hierdie ideologieë waarskynlik van persoon tot persoon oorgedra word deur middel van taal. Indien die dowe nie taalvaardig= hede ontwikkel nie, is dit moontlik dat hierdie aspek van die maatskaplike omgewing nie vir die dowe toegank= lik is nie en moontlik nie deur hom hanteer kan word nie.

Ekonomiese, politieke, fisiese en tegnologiese verande= rings binne die samelewing vind teen 'n versnelde tempo plaas. Vernon merk op dat: "Educational requirements for employment are rapidly decreasing. The number of jobs open to the functionally illiterate are shrinking rapidly." ((a), 1976:4) Binne die Suid-Afrikaanse situasie word ook gevind dat dowes waarskynlik beperk word tot geskoolde, halfgeskoolde en ongeskoolde arbeid (kyk supra 2.2.2) terwyl die moontlikheid dat hierdie persone in die toekoms steeds hul ambag of beroep sal kan beoefen verminder aangesien die omgewing en samele= wing snel verander. Dit wil lyk asof dowes moontlik nie sal kan tred hou met veranderings, teen die tempo wat dit plaasvind nie, veral gesien in die lig van kommuni= kasieprobleme wat moontlik ondervind word en mag verhoed dat dowes toegang het tot die nodige inligting en bronne ten einde die nodige aanpassings te maak. Dit wil voor= kom of die spraakbenadering as grondslag vir die op= voeding van die dowe kind, moontlik nie die nodige geleenthede vir dowes kan bied sodat hulle tred kan hou met 'n snelveranderende samelewing nie, daar dit waar= skynlik nie daarin slaag om dowes se vermoëns tot 'n maksimum te ontwikkel nie.

Die wil voorkom of dowes blootgestel word aan minder= bevoorregting, vooroordele en diskriminasie binne die gemeenskap. Hierdie situasie kan die dowe se interaksie met die gemeenskap beïnvloed daar die dowe die gemeen=

skap as vyandig mag beleef. Indien hierdie situasie aanleiding gee tot selfhaat en gebrek aan selfrespek by die dowe (kyk supra Hoofstuk 5) word die individu se maatskaplike funksionering waarskynlik op 'n direkte wyse beperk.

...../123

# HOOFSTUK 7

# DIE ROL VAN DIE MAATSKAPLIKEWERK-PROFESSIE IN DIE DOOFWESE

## 7.1 INLEIDING

Die maatskaplike funksionering van die dowe word waarskynlik beperk of negatief beïnvloed deur verskeie faktore soos byvoor=beeld fisiese faktore naamlik breinskade en balansversteuring, egofaktore , naamlik intellektuele beperkinge en emosionele probleme wat veroorsaak word deur gebrekkige kommunikasie en maatskaplike faktore; naamlik statusverlies en gebrek aan bronne.

Die maatskaplike werker het 'n belangrike rol te vervul in die doofwese aangesien gebrekkige maatskaplike funksionering die werksveld van die maatskaplikewerk-professie is. Die maat=skaplike werker beskik oor die nodige vaardighede om die situa=sie van die dowes te diagnoseer en te evalueer. Verder beskik die maatskaplikewerk-professie oor metodes soos gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk, om verandering in die dowe se posisie 'n moontlikheid te maak.

Gevallewerk word waarskynlik effektief gebruik waar dowes per=soonlikheidsprobleme ervaar. Hierdie probleme bestaan waar=skynlik as gevolg van die geïnternaliseerde gevoelens van wan=troue, skuld, skaamte en minderwaardigheid. (Kyk supra Hoof=stuk 4)

Groepwerk word moontlik ten beste gebruik in die behandeling van ouers van dowe kinders. Gemeenskaplike probleme ten opsig=te van die hantering van 'n dowe kind kan so hanteer word, terwyl gemeenskapswerk die metode is wat die maatskaplike werker gebruik om bronne vir dowes te skep waar hierdie bronne ontbreek, wat bronne meer toeganklik maak vir dowes en die dowes se saak

help stel aan die breë publiek ten einde veranderings in gesind=heid te bewerkstellig.

Die maatskaplikewerk-professie het dus 'n belangrike rol te vervul met betrekking tot die dowe gemeenskap. Die rol van die maatskaplike werk binne die doofwese kan as die opvoeder, instaatsteller, makelaar (broker), bemiddelaar (mediator), en sosialiseringsagent geïdentifiseer word.

Die rol van die maatskaplike werker word ten beste binne die multispanbenadering vervul. Die maatskaplike werker kan die probleme van die dowe nooit in isolasie hanteer nie aangesien dit waarskynlik te kompleks van aard is. Die maatskaplike werker werk dus as lid van 'n span ten einde die dowe in sy totaliteit te kan dien.

## 7.2 DIE ROL VAN OPVOEDER

Die uitvoering van hierdie rol stem ooreen met dié van onderwyser, deurdat die maatskaplike werker die dowe help met besluitneming deur inligting te verskaf en alternatiewe uit te wys. (Compton en Galaway, 1979:340-341) Die verskaffing van inligting aan die dowe is belangrik omdat gebrekkige kommunikasie ook gebrek=kige kennis impliseer.

Die maatskaplike werker vervul die rol van opvoeder ook ten opsigte van die <u>ouers</u> van die dowe kind. Die opvoeding van 'n dowe kind binne die Suid-Afrikaanse situasie is veeleisend vir ouers en opleiding hierin (kommunikasie, dissipli=nering en beroepsvoorligting...) is noodsaaklik. (Roos, 1978:54)

Die maatskaplike werker het ook 'n opvoedingstaak ten opsigte van die <u>publiek</u>. Werkgewers het waarskynlik voorligting nodig in die hantering van hul dowe werkers. Die breë publiek het moontlik inligting nodig in verband met die behoeftes en pro=

...../125

bleme van dowes. Die onderwyssisteem het moontlik inligting nodig ten opsigte van die gevolge van die onderwysstelsel wat in gebruik is.

Die maatskaplike werker het dus 'n belangrike opvoedingstaak ten opsigte van die dowe, maar ook ten opsigte van die horende gemeenskap wat denkfoute maak in hul omgang met dowes. Voor= beelde van sulke denkfoute is waarskynlik:

- Dowes kan nie abstrak dink nie en kan daarom nie akademies presteer nie.
- Dowes wat handgebare gebruik is wanaangepas.
- Dowes is stom en daarom ook verstandelik gestremd.
- Dowes is tevrede met dienste wat hulle ontvang, want hulle kla nie.
- Dowes ontvang die beste moontlike opleiding en dienslewe= ring.

Hierdie denkfoute bestaan moontlik as gevolg van gebrekkige kennis van die dowe en as gevolg van gepaardgaande vooroordele. Hierdie vooroordele bestaan klaarblyklik nie net by persone wat weinig met dowes in aanraking kom nie, maar ook by persone wat daagliks met die dowe werk.

Die opvoedingsrol van die maatskaplike werker blyk dus duide= lik in hierdie verband, en kan uitgevoer word deur voorligting= seminare te organiseer, deur persoonlike kontak met onderwysers en ouers, deur inligting te verskaf aan onderwysowerhede en deur die nuusmedia bewus te maak van die probleme van die dowe. Die verspreiding van korrekte inligting behoort die doel te wees van so 'n aksie.

## 7.3 DIE ROL VAN ADVOKAAT

Die term advokaat is een wat geleen is van die regsprofessie. As advokaat word die maatskaplike werker 'n spreekbuis vir die

kliënt. Hy stel en verdedig die kliënt se saak namens hom. (Compton en Galaway, 1979:342)

In die doofwese vervul die maatskaplike werker waarskynlik hierdie rol in die lig van die dowe se kommunikasiegebrek. Die maatskaplike werker vervul hierdie rol wanneer 'n dowe sy werk verloor as gevolg van 'n misverstand en die werker namens die dowe pleit vir geleentheid vir die dowe om homself te bewys. Waar 'n dowe ouer van horende kinders nie verplig= tinge teenoor hul kinders se skoolloopbaan nakom nie en hulle deur onkunde dan in die moeilikheid beland, behoort die maat= skaplike werker namens die dowe op te tree en die skool gesag= struktuur te oorreed om meer begrip vir die persoon aan die dag te lê.

Die advokaatrol van die maatskaplike werker impliseer ook dat die maatskaplike werker die regte van die dowe sal beskerm en die publiek daarop atent sal maak as hierdie regte geskend word, deur daarop te wys dat dowes moontlik blootgestel word aan minderbevoorregting, vooroordele en diskriminasie.

Regte van die dowe kind wat geskend word in die opvoedingstel= sel wat gevolg word, is die volgende:

Die kind is daarop geregtig om onderwys te ontvang. Hierdie onderwys moet gratis en verpligtend wees, minstens in die ele= mentêre stadium. Hy sal 'n opvoeding ontvang wat sy algemene kultuur bevorder, hom daartoe in staat stel om sy vermoëns, individuele oordeel, en sy sin vir sosiale en morele verant= woordelikheid te ontwikkel ten einde 'n bruikbare lid van die gemeenskap te word. Die beste belange van die kind sal die rigtinggewende beginsels wees. (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes Omsendbrief 6/79)

Die maatskaplike werker het die verantwoordelikheid as advokaat om hierdie regte vir die dowe kind ook te beding. Derhalwe sal die werker onderwysowerhede daarvan bewus moet maak dat

die regte van die kind moontlik geskend word as dowe kinders nie toegelaat word om die kommunikasiemedium wat hulle die maklikste vind, te gebruik nie, en dat die beperking ten opsigte van dowe onderwysers in skole vir dowes waarskynlik nie daartoe bydra dat die opvoeding van die dowe kind sy kultuurvorming bevorder nie. Die dowe besig sy eie taal, gebaretaal, en het moontlik ook 'n eie kultuur. 'n Horende onderwyser kan die kultuur van die dowe waarskynlik nie aan die kind oordra soos 'n dowe onderwyser in staat is om dit te doen nie. (Merril, (a) 1979:3) Polakoff (1980:87) wys daarop dat hierdie probleem van identifikasie ook aangetref word in die maatskaplike werker/dowe kliënt-verhouding. Sy reken dat 'n dowe maatskaplike werker 'n voordeel het bó 'n horende maat=skaplike werker deurdat daar groter vertroue tussen werker en kliënt kan wees.

## 7.4 DIE ROL VAN DIE INSTAATSTELLER

Hierdie rol impliseer dat die maatskaplike werker die kliënt help om in sy eie persoonlikheid die kragte te vind om hul situasie te verander. Verandering vind plaas as gevolg van die kliënt se pogings. (Compton en Galaway, 1979:340)

Omdat die dowe vanweë sy ontoereikende kommunikasievermoë moontlik bevrees is vir kontak met horendes, vervul die maat=skaplike werker hierdie rol deur die dowe aan te moedig, en hom te leer om 'n horende te benader. Dikwels moet dowes ook gehelp word om verhoudingsprobleme met hul horende kinders op te los en die werker bied hulp aan ten einde die probleem te identifiseer en die kliënt te wys op alternatiewe wyses van optrede en die kliënt dan aan te moedig om hierdie alternatiewe optrede in werking te stel.

Die rol van instaatsteller word ook in die arbeidsituasie, waar die dowe gedrag openbaar wat sy verhoudings met sy mede-werkers en seniors vertroebel en moontlik sy loopbaan in gevaar

stel, vervul. Die dowe moet gehelp word om nie net die impli= kasies van sy optrede in te sien nie, maar ook om die persoon= likheidskragte te ontwikkel om veranderings in sy gedrag te kan maak en te kan volhou daarmee. Die instaatsteller help die kliënt om alternatiewe te ondersoek en die kliënt aan te moedig om 'n keuse te maak en die keuse uit te voer.

## 7.5 DIE ROL VAN DIE MAKELAAR

Die primêre funksie van die makelaar word beskou verbinding of bekendstelling ("linkage"). Die aktiwiteite van die make= laar is daarop gerig om die kliënt bekend te stel aan bronne binne die gemeenskap wat sal meehelp dat die kliënt se doelstellings ten opsigte van behandeling bereik kan word. (Compton en Galaway, 1979:337)

Die dowe, vanweë sy moontlike gestremdheid in kommunikasie en die daarmee gepaardgaande isolasie, is dikwels nie bewus van die bronne wat tot hul beskikking is nie, en indien hulle wel daarvan bewus is, is die spesifieke bronne moontlik nie vir hulle toeganklik nie. Die maatskaplike werker as makelaar kan die bronne en die kliënt aan mekaar bekend stel.

Voorbeelde van die uitvoering van hierdie rol is werkplasing van dowes. Hierdie taak word waarskynlik algemeen deur die maatskaplike werker, wat met dowes werk, onderneem. Die maat= skaplike werker bring die dowe kliënt ook in aanraking met die bronne wat die Staat in die vorm van toelaes aan die kliënt beskikbaar stel, ter bestaansbeveiling indien nodig.

'n Rol wat die maatskaplike werker ook in hierdie verband in die gemeenskap vervul, is die verskaffing van tolkdienste. Die werker is die persoon wat dikwels kennis dra van tolke wat nie net deur die dowe nie, maar ook deur die horende gemeenskap gebruik kan word.

## 7.6 DIE ROL VAN DIE BEMIDDELAAR

Compton en Galaway sien die rol van bemiddelaar as synde die besleg van geskille wat mag ontstaan tussen die kliëntsisteem en ander persone of organisasies. (1979:341) Volgens Young tree die maatskaplike werker dan dikwels op as buffer tussen die dowe en die horende wêreld. (1953:172)

Vanuit die dowe se ontoereikende kommunikasievaardighede ont= staan daar dikwels misverstande tussen dowes onderling, maar ook tussen dowes en horendes. In hierdie gevalle dien die maatskaplike werker moontlik as buffer of tussenganger. As die werker deur beide partye vertrou word, verminder dit nie net agterdog nie, maar patrone word ook daargestel waarvolgens probleme van dieselfde aard in die toekoms opgelos kan word.

Die agterdog van die dowe spruit in 'n groot mate uit die feit dat hy nie agter hom kan sien nie. Indien gesprekke nie gevolg kan word nie en die dowe nie kan verstaan wat plaasvind nie, ontstaan frustrasie en agterdog moontlik. Horende persone wat in kontak kom met dowes is dikwels nie daarvan bewus dat die dowe nie verstaan nie en misverstande kan dan verwydering ver= oorsaak. (Engelbrecht, 1956:234)

Hoewel die rol van bemiddelaar een is wat dikwels deur die maatskaplike werker vervul word, is dit 'n baie moeilike rol om te vervul. Takt en diplomasie en groot geduld moet aan die dag gelê word sodat die werker nie deur die bemiddeling, of as gevolg daarvan, deur die dowes verwerp word nie.

## 7.7 DIE ROL VAN SOSIALISERINGSAGENT

Wanneer chronologiese volwassenheid bereik word, is die meeste sosialiseringsprosesse reeds afgehandel. Daar bestaan reeds 'n selfbeeld (ware selfbeeld, sowel as ideale selfbeeld), 'n verbintenis aan die gemeenskaplike norme en waardes van die

gemeenskap, die vermoë om selfbeheersing aan die dag te lê en 'n gewilligheid om sekere persoonlike begeertes ondergeskik te stel aan die norme en verwagtinge van die gemeenskap. (Popenoe, 1971:122)

Op hierdie stadium word veronderstel dat die volwassene die basiese vaardighede van die leefwyse binne 'n sekere gemeenskap aangeleer het. Daar is vir die individu egter op hierdie stadium nog 'n hele aantal rolle wat hy moet leer bemeester. Elke nuwe werksomgewing, hetsy as gevolg van bevordering of verandering van werkgewer, elke nuwe situasie, byvoorbeeld huweliksluiting, verandering van woonplek, verandering in eko=nomiese status, ensovoorts vereis die aanleer van nuwe rolge=drag.

Vir die dowe kan dit dikwels moeilik wees om hierdie nuwe situasie te hanteer en nuwe rolgedrag aan te leer omdat kommu=nikasie 'n belangrike rol speel in die aanleer van rolgedrag. Die maatskaplike werker sal dikwels in hierdie verband aan die dowe moet verduidelik wat verwag word binne die nuwe rol wat die persoon vervul.

Binne gemeenskappe verander die definisie van rolle en ook die verwagtinge van spesifieke rolle en dit vereis dat individue van tyd tot tyd sekere rolle moet her-leer. (Popenoe, 1971:122) Ook hier het die maatskaplike werker die rol van opvoeder te vervul. Veranderende gesindhede moet aan die dowe geïnterpreteer word en nuwe gedragswyses moet aangeleer word.

Mc Broom sien die fokus van verandering as: die selfbeeld van die kliënt, sy geïnternaliseerde waardes, gedrag wat onvoldoen=de is vir die maatskaplike rol, en verwagtinge ten opsigte van die self en ander. Sy sien die rol van die maatskaplike werker as die van sosialiseringsagent, aktief as opvoeder, model en aanmoediger van samewerking. Die werker funksioneer dus as agent van verandering. (Roberts en Nee, 1970:320)

...../131

Die tegniek van direkte beïnvloeding en gedragsmodifikasie is in hierdie verband vir die maatskaplike werker waardevolle tegnieke in die proses van volwasse-sosialisering en her= sosialisering.

Dit sal van tyd tot tyd ook vir die maatskaplike werker nodig wees om 'n rol, wat vir die dowe onbekend is, aan die persoon te interpreteer en die persoon die nodige leiding te gee ten opsigte van die uitlewing van die spesifieke rol. Wanneer 'n dowe persoon byvoorbeeld aansluit by 'n klub vir dowes, moet die persoon die rolgedrag wat van toepassing is op klublede bemeester. Dikwels ondervind die klubs vir dowes probleme met hul lede, omdat die lede nooit die geleentheid gehad het om die vereiste rolgedrag aan te leer nie. Die persoon kan dan nie begryp waarom daar sekere persone is wat leiding neem en waarom hy/sy nie leiding kan neem tensy hy/sy lid is van die komitee nie. Hierdie gebrek aan kennis van die aanvaarbare gedragskode veroorsaak dan waarskynlik dat daar wrywing kom tussen lede en wanneer hierdie konfliksituasie nie reg hanteer word nie, kan die klub moontlik tot niet gaan.

Wanneer klubs vir dowes, of gemeenskappe waar dowes nou in kontak is met mekaar, konflik beleef, verstaan horende persone wat ingryp om die vrede te herstel, dikwels nie waarom die dowes so optree nie en laasgenoemde word dan bloot as "moeilik= heidmakers" gebrandmerk.

Die maatskaplike werker se rol as agent van verandering bestaan daaruit dat rolinhoud aan die dowe geïnterpreteer word en nuwe gedragswyses vir die dowe aangeleer word, byvoorbeeld voorsitter, komiteelede, asook die lede van die klubs vir dowes moet waar= skynlik geleer word watter rol hulle vervul en hoe hulle dit moet vervul.

Die maatskaplike werker moet hier in gedagte hou dat die dowe nie dieselfde toegang het tot kennis, wat die horende persoon opdoen deur sy gehoor en groter leesvermoë nie

en dat dit nie sonder meer aanvaar kan word dat 'n dowe wat hom binne 'n sekere rol bevind, weet hoe om daardie rol te vertolk nie. Die rol van vader, tuisteskepper, vriend, buur=man, komiteelid, voorman, kerklidmaat, broodwinner, en baie ander, wat vir die horende persoon bekend is omdat baie inlig=ting daaromtrent bekend word in die horende se daaglikse omgang met mense,is moontlik vir die dowe nie bekend nie, en daar moet spesiale aandag gegee word aan hierdie gebrekkige sosialisering by die dowe.

## 7.8 DIE ROL VAN MAATSKAPLIKE WERK IN DIE MULTIDISSIPLINêRE SPAN

Binne die doofwese behoort spanwerk 'n belangrike rol te speel. As komplekse probleem, maak doofheid en die behandeling daar=van, dit noodsaaklik dat 'n multidissiplinêre spanbenadering gevolg moet word.

### 7.8.1 OMSKRYWING VAN MULTIDISSIPLINêRE SPAN

Die eerste persoon wat waarskynlik kontak sal maak met 'n dowe kind, doofwordende persoon of hardhorende, is die <u>oudioloog</u>. Die toetsing van gehoor en bepaling van die presiese gehoorgebrek, asook die pas van 'n korrekte gehoorapparaat is die verantwoordelikheid van die oudioloog.

Na gelang van die graad van gehoorverlies en die behan=deling ten opsigte van spraakontwikkeling wat nodig is, word die <u>spraakterapeut</u> ook deel van die span.

Omdat die dowe kind spesiale onderwys ontvang, word die onderwyser asook die skoolsielkundige ingesluit in die multidissiplinêre span. Hierdie persone het gedurig kontak met die dowe kind en kan nie net 'n goeie verhou=

...../133

ding opbou met die kind nie, maar leer die kinders ook goed ken.

Die onderwyser is dikwels die persoon wat eerste bewus word van 'n probleem in die kind se funksionering en is derhalwe 'n waardevolle aanmel= dingsbron.

Die maatskaplike werker speel binne inrigtingsverband, waar 'n dowe kind 'n skool vir dowes bywoon, nie 'n definitiewe rol teenoor die kind nie, maar wel ten opsigte van die ouers van die dowe kind. Voorligtings= dienste en gesinsprobleme voortspruitende uit die aan= wesigheid van 'n dowe kind, val binne die veld wat die maatskaplike werker dek.

Ten opsigte van die volwasse dowe, is die rol van die maatskaplike werker uitgebrei tot hantering van werk= plasing, arbeidsaanpassing, gesinsprobleme, persoon= likheidsprobleme (verhoudings), ensovoorts.

Die mediese professie speel ook 'n rol in die rehabili= tasie van die dowe. Hul taak lê nie net op die vlak van voorkoming en vroeë opsporing en identifikasie nie, maar ook op die terrein van die chirurgiese behandeling van doofheid.

Hoewel genoemde professies meer dikwels lede van die multidissiplinêre span vorm, is die span buigbaar en probleemgeoriënteerd en kan ander dissiplines na gelang van die probleem inskakel. Aangesien dit duide= lik blyk dat die rehabilitasie van die dowe nie moont= lik is sonder die ondersteuning van die multidissipli= nêre span nie, sal voorts aandag gegee word aan: basie= se vereistes vir spanwerk binne die multidissiplinêre spanbenadering.

7.8.2 BASIESE VEREISTES VAN SPANWERK BINNE 'N MULTIDISSIPLINêRE SPANBENADERING

- Die daarstelling van programme en dienste vir dowes, is 'n verklaring van maatskaplike beleid deur die gemeenskap ten opsigte van sy dowe burgers. Sodra so 'n beleid geformuleer is, is dit essensieël dat professionele persone voorberei word om die dowes te dien en toegerus word om hierdie beleid en pro= gramme sinvol en effektief te maak. Slegs binne so 'n maatskaplike klimaat word spanwerk moontlik.

- Dit is van primêre belang dat die verskillende pro= fessionele persone in die span 'n duidelike begrip het van hul eie rol asook die rol van die ander professionele persone binne die span. Sonder hier= die begrip sal daar verwarring voorkom en dit sal lei tot gebrek aan onderlinge vertroue. Die komplek= siteit van die probleem van doofheid maak hierdie beginsels van uiterste belang ten einde verwarring, fragmentering en oorvleueling te voorkom.

- Spanlede moet die belang van die kliënt bo alle ander belange plaas. Die lid se verbondenheid aan sy pro= fessie of aan die spraakbenadering van onderwys moet nooit sy verbondenheid aan die kliënt se belange oor= skadu nie. Dit is die gesamentlike verbondenheid van die span, om die beste belange van die kliënt en sy gesin te dien, wat die span bymekaar hou. Binne die doofwese kan ernstige meningsverskille op hier= die gebied voorkom as daar nie tot 'n vergelyk gekom kan word of die benadering binne die span die van "suiwer spraak" of "totale kommunikasie" sal wees nie.

- Daar moet behoorlik koördinasie van dienslewering plaasvind binne spanverband om sodoende verwarring en oorvleueling te voorkom. Dit is noodsaaklik dat elke spanlid deelneem aan die formulering van 'n diagnose en ook aan 'n plan van behandeling, maar dit kan slegs na behore geskied deur middel van behoorlike koördinasie. Die koördinator speel 'n sentrale rol in die span, want dit is sy taak om inligting deur te voer na spanlede onderling. Die persoon moet as sodanig deur die ander spanlede aan=vaar word en gebruik word as 'n kommunikasieskakel in die periodes tussen spanbyeenkomste. (Peters, 1980:67)

7.8.3 STRUKTUURMODELLE VAN DIE TERAPEUTIESE SPAN

Die terapeutiese span kan gestruktureer word op verskil=lende wyses, naamlik:

Die Inrigtingspan. Die hele span is in diens of gehuisves binne 'n inrigting soos byvoorbeeld 'n hospi=taal of 'n skool. 'n Span van hierdie aard in 'n skool vir dowes het die voordeel dat die spesialiste in die span eerstehandse kennis en ervaring het van die hantering van die dowe asook kennis het van die individu se kommunikasieprobleem en dat hierdie probleem dan oorkom word deurdat die kliënt die terapeute goed ken en hulle sy spraak verstaan. Verder word die koördi=nering van dienste vergemaklik, konsultasiesessies word makliker gereël, die kliënt en sy familie kan enige van die spanlede spreek binne dieselfde geboukompleks en die terapie kan deur die mees geskikte persoon eerder as die mees toeganklike persoon aangebied word.

Nadele van hierdie tipe span is daarin geleë dat dit moontlik is dat die inrigtingspan kontak kan verloor

met ontwikkelinge buite die inrigting. Die inrigting=span sien ook dikwels nie weer die produk van hul pogings nadat die kind die skool verlaat nie.

Die lede van die span is ook selde in die posisie om tuisbesoeke by die gesin van die dowe kind af te lê en kan om hierdie rede ook moeilik nasorgdienste behartig. Die span moet hom dan wend tot 'n welsynsinstansie in die gemeenskap vir die verskaffing van agtergrondge=skiedenisse, inligting in verband met huislike omstan=dighede, inligting in verband met veranderings in die gemeenskap, asook die verskaffing van nasorgdienste.

Die Intern-eksternspan.. Hierdie span bestaan uit tera=peute op die personeel van die inrigting in samewerking met besoekende terapeute van buite-organisasies wat gereeld as 'n span ontmoet.

Die voordele van hierdie span is dat dit daartoe in staat is om tuisbesoeke af te lê, kan nasorgdienste lewer en die terapeute, wat buite inrigtingsverband deel word van die span, kan die span op hoogte hou van veranderings en ontwikkeling in die gemeenskap. Verder word kontinuïteit ook verseker deurdat dowe skoolver=later reeds binne skoolverband, voordat hy die skool verlaat, kennis maak met die buite-organisasie wat verantwoordelikheid aanvaar vir sy nasorg. Geografiese omstandighede maak die vorming van so 'n span soms egter onmoontlik, veral in die geval van koshuisinwoners wie se ouers ver van die skool af woon.

Die verspreide span. Hierdie tipe "spanwerk" kom meer dikwels voor binne dienslewering aan dowes en hierdie span is ôf geografies versprei, ôf organisasiegewys versprei. In die eerste geval sal die "span" 'n intern-ekstern tipe struktuur hê, maar sal waarskynlik nooit as 'n entiteit ontmoet nie. Dit sal 'n situasie wees

waar 'n aantal spesialiste mekaar sporadies sal raad= pleeg. Hoewel hierdie tipe konsultasie dikwels span= werk genoem kan word, voldoen dit nie aan die vereistes en beginsels wat gestel is aan spanwerk nie. In die <u>tweede</u> geval sal die "span" bestaan uit terapeute van verskillende organisasies in die gemeenskap wat mekaar sporadies kontak, maar nie as 'n entiteit vergader nie.

Hoewel hierdie kontak tussen spesialiste waardevol is, kan dit nie gesien word as spanwerk nie en maak dit oor= vleueling en/of fragmentering 'n groter moontlikheid.

Binne die omstandighede soos dit in Suid-Afrika onder= vind word, met groot afstande, ouers wat baie ver van die skool af woon, asook probleme ten opsigte van perso= neeltekorte , is dit dikwels moeilik om 'n volledige span in 'n inrigting te huisves of selfs om 'n intern-eksternspan op die been te bring.

Verspreide groepe spesialiste wat op 'n sporadiese kon= sultasiebasis fungeer,kan saamgesmee word in spanne. In die begin sal hierdie spanne werk deur die persone wat kennis dra van die hantering van die dowe sodat die spanlede geleidelik die nodige kennis hier opdoen. Koördinasie sal verder spesiale aandag moet geniet.

Die maatskaplike werker het in hierdie verband 'n beson= dere rol om te vervul, veral waar daar by individuele professionele persone wat met dieselfde kliënt werk, geen behoefte bestaan aan spanwerk nie, is dit die taak van die maatskaplike werker om hierdie individue te motiveer om 'n span te vorm en om die rol van koördina= tor te vervul ten einde elke lid op hoogte te hou van die vordering wat gemaak word en om nodige inligting te versprei onder spanlede.

# HOOFSTUK 8

## DIE TOTALE KOMMUNIKASIE BENADERING TOT DIE ONDERRIG VAN DIE DOWE KIND AS ALTERNATIEF VIR DIE SPRAAKBENADERING

### 8.1 INLEIDING

Dit is nodig om die spraakbenadering van onderwys sistematies te ondersoek, daar die toepassing daarvan moontlik betrekking het op die dowe in sy totale bestaan as mens. 'n Hele aantal skrywers en navorsers beweer dat die spraakbenadering van onderwys nie aan die vereistes wat gestel word vir die opvoeding van dowe kinders, voldoen nie. Dowe kinders word blykbaar nie toegerus met die nodige kommunikasievaardighede, wat suksesvolle maatskaplike funksionering vereis, nie. (Kyk supra Hoofstuk 3)

Die opvoedkundige benadering wat gevolg word ten opsigte van die dowe kind is waarskynlik van wesenlike belang vir die ontwikkeling van die dowe vanaf geboorte tot in bejaardheid aangesien dit wil voorkom of vele aspekte van die dowe se bestaan oor die volle spektrum van die lewenssiklus, hierdeur geraak word.

Alternatiewe vir die spraakbenadering behoort derhalwe ondersoek te word met die doel om 'n benadering te vind wat kommunikasie tussen ouer en kind, gedurende die eerste jare van die kind se lewe, moontlik maak. Daar behoort ook gepoog te word om 'n benadering te vind wat die moontlikheid kan bied van oordraging van waardes, norme en rolinhoude. 'n Alternatiewe benadering moet ook die moontlikheid dat taal verwerf word, vergroot en die moontlikheid bied dat konseptualisering kan plaasvind. Die kind moet binne 'n alternatiewe benadering die geleentheid gebied word om te leer praat, te leer liplees en ook te leer lees en skryf. 'n Alternatief tot die spraakbena=

dering moet dus die volle spektrum van die dowe se maatskaplike funksionering dek.

Die benadering wat as alternatief tot die spraakbenadering waarskynlik moontlikhede bied, is die totale kommunikasiebena= dering. Hierdie benadering sal voorts omskryf en geëvalueer word ten opsigte van die moontlikhede wat dit bied vir die dowe kind en probleme wat ondervind mag word in die toepassing van so 'n benadering.

## 8.2 DIE WAARDE VAN GEBARETAAL VIR DIE DOWE KIND

Kommunikasie bestaan nie uit spraak en spraaklees alleen nie. Dit is ook nie woordherkenning en woordeskatuitbouing alleen nie. Kommunikasie is die vermoë van die individu om sy taal te gebruik om idees, behoeftes en emosie uit te druk. Meadows wys daarop dat die gemiddelde horende kind, op die ouderdom van vier jaar, 'n woordeskat van bykans twee= tot drieduisend woorde het. Ook volg die gemiddelde, vierjarige horende kind die reëls van grammatika en sintaksis wat hom daatoe in staat stel om hierdie woorde sinvol te kombineer. Die dowe kind van dieselfde ouderdom wat binne die spraakbenadering grootword, het slegs 'n paar woorde tot sy beskikking en kan waarskynlik nie hierdie woorde gebruik om addisionele betekenisse te formu= leer nie. (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes Omstend= brief 33/76)

Meadows (1966:203) wys voorts op die belangrikheid van taalver= werwing op 'n vroeë ouderdom. Sy kom dan tot die gevolgtrekking dat alle metodes aangewend moet word ten einde te verseker dat konsepte, idees, woorde en uitdrukkings so vroeg as moontlik in die kind se gedagtes vasgelê word, sodat die kind die basiese gereedskap ontwikkel vir kommunikasie met ander asook die basiese gereedskap ontwikkel vir kognitiewe aktiwiteite. Die prestasies van dowe kinders van dowe ouers, wat hierdie basiese gereedskap in die vorm van gebaretaal ontvang, spreek

van die wenslikheid van die aanleer van hierdie taal op 'n vroeë ouderdom indien die dowe kind nie daartoe in staat blyk te wees om deur middel van spraakopleiding te leer kommunikeer nie.

Conrad verwys na 'n aantal studies wat uitgevoer is ten einde die invloed van gebaretaal op die voorskoolse kind te bepaal. In 'n studie wat die leesvermoë en sintaktiese vermoë van dowe kinders van dowe ouers en dowe kinders van horende ouers ver= gelyk, is gevind dat eersgenoemde groep 'n twee jaar voorsprong het ten opsigte van leesvermoë en dat hulle beter presteer in die toetse wat sintaktiese vermoë toets. Die twee groepe het bestaan uit dowe kinders met hoë I.K.'s (119-121) en alle kin= ders het 'n gehoorverlies van meer as 90 dB gehad. Die een groep het ouers wat ook doof is en hulle het gebaretaal ("Manual English") aangeleer sedert die babastadium.

Hierdie kinders het om en by die ouderdom van vier-en-'n-half jaar begin skool gaan. Die tweede groep het horende ouers, en het 'n intensiewe spraakopleiding ondergaan. Hulle het gemid= deld op die ouderdom van twee jaar en vroeër begin skool gaan. Aangesien die ouers opgelei was in die toepassing van die spraakbenadering, is hierdie benadering tuis ook intensief toegepas. Deurgaans is bevind dat dowe kinders met 'n gebare= taalagtergrond , nie swakker praat of liplees as dowe kinders met 'n spraakagtergrond nie. Die taalvermoë van eersgenoemde groep is egter deurgaans beter gevind en hierdie taalvermoë het veral tot uiting gekom in leesvermoë. Conrad reken dat die gebruik van gebaretaal vanaf die babastadium vir die dowe kind die moontlikheid bied vir verbeterde intellektuele ont= wikkeling. (Conrad, (a), 1979:274)

## 8.3 DIE TOTALE KOMMUNIKASIEBENADERING

Die relatief nuwe opvoedkundige filosofie van totale kommuni= kasie, het wye erkenning ontvang sedert dit in 1968 in die

V.S.A.aanvaar is. Soos die benadering in Amerika versprei het en ook uitgebrei het na ander lande, was daar 'n mate van mis= verstand ten opsigte van die betekenis daarvan. Die professie het egter nog nie ooreengekom oor 'n definisie van totale kommunikasie nie. Aangesien hierdie filosofie, soos dit in die algemeen in skole geïmplimenteer word, ontwikkel is by die Maryland Skool vir Dowes in die V.S.A., sal dit voorlopig vol= doende wees om hierdie skool se definisie van totale kommuni= kasie te gebruik.

Die definisie van die totale kommunikasiefilosofie lui dan as volg: "Total communication is a manual, auditory, oral system of communication recognizing the ligitimacy of the language of signs as essential visual reinforcement to oral and auditory aspects of communication for deaf persons." (Denton, 1979:15)

Binne die benadering van totale kommunikasie word dit in ag geneem dat taal in opeenvolgende stappe ontwikkel, beginnende by die meer primitiewe of eenvoudige en ontwikkel tot die meer komplekse en gesofistikeerde gebruik van simboolsisteme. Dit sluit die sensoriese modaliteite in. Elke kind is vry om te ontwikkel en om te leer volgens sy unieke behoeftes en vermoëns. (Denton, 1979:15)

Totale kommunikasie impliseer dat die dowe kind vroeg in sy lewe 'n betroubare simbolesisteem ontvang. Hierdie simbole moet beide uitdrukking van emosies en idees, en die begrip van emosies en idees soos deur ander uitgedruk, moontlik maak. Hierdie simbolesisteem moet vrylik deur die kind gemanipuleer kan word en moet vir hom die geleentheid skep tot onbeperkte interaksie met ander persone. (Denton, 1979:15)

Totale kommunikasie sluit die volle spektrum van taalvorme in: selfgemaakte gebare, gebaretaal, spraak, liplees, vingerspel= ling, skrif en lees. Hierdie benadering beskou die ontwikke= ling van enige residuele gehoorreste vir die verbetering van

spraak en liplees, ook as belangrik. Die gebruik van gehoor= apparate en/of die gebruik van hoëtrou groep klankversterkers word aangemoedig. (Nieder-Heitman, 1969:37)

Die totale kommunikasie taalkonsep van die taalontwikkeling by die dowe kind, met 'n gehoorverlies sedert geboorte, word beskryf in die diagram (Aanhangsel C) met die titel: "Hoek= steen vir kommunikasie".

## 8.4 DIE FILOSOFIE VAN TOTALE KOMMUNIKASIE

Die filosofie van totale kommunikasie is gebaseer op die beginsel dat dowe kinders taalvaardighede sal ontwikkel indien hulle die geleentheid gebied word vir vrylike interaksie met persone in hul omgewing en indien aan hulle 'n simboolsisteem gegee word wat hulle vrylik kan gebruik om mee te kommunikeer en om mee te eksperimenteer. Hierdie simboolsisteem word aan die jong dowe kind gegee in die vorm van gebaretaal. Hierdie taal word egter gelyktydig met spraak gebruik, dus versterk die gebaretaal spraaklees en spraaklees moedig gebare aan. Beter kommunikasie is die gevolg. In 'n atmosfeer wat vrye en eerlike selfuitdrukking asook volle deelname, deur alle betrokke persone aanmoedig, sal dowe kinders floreer. (Denton, 1979:16)

Een van die rykste taalondervindinge wat enige kind kan hê, is die geleentheid om te leer deur te luister na gesprekke van ander rondom hom. Sonder hierdie luistergeleenthede is die taalontwikkeling van die kind ernstig beperk. Dowe kinders "luister" deur te kyk. Daarom is die rykste van alle taalon= dervindinge vir die jong dowe kind, om te kyk na die gesprekke van mense rondom hom. Met ernstige besorgdheid moet daar geleenthede vir dowe kinders geskep word om te "luister".

Totale kommunikasie, waar dit as kommunikasiemedium gebruik word by skole vir dowes, word beoefen binne 'n situasie waar

...../143

daar van elke onderwyser verwag word om gebare te gebruik ter= wyl daar gepraat word, nie net wanneer direk met die kind ge= kommunikeer word nie, maar ook te alle tye as die kinders teenwoordig is.

## 8.5 DIE AGTERGROND VAN TOTALE KOMMUNIKASIE

Totale kommunikasie is gebore uit die ontevredenheid met die spraakbenadering van onderwys in die V.S.A. Onlangse geskie= denis van die Amerikaanse doofwese het aan die lig gebring dat die spraakbenadering van onderwys wydverspreid in gebruik is en wel by privaatskole ..sowel as in staats-gesubsidieerde skole. Hoewel laasgenoemde 'n redelike toegewende houding teenoor die gebruik van gebaretaal deur ouer studente geopen= baar het, was hierdie taal egter nooit sistematies geïnkorpo= reer in onderwysprogramme nie.

Vooruitgang in die onderwys vir dowes is waarskynlik vertraag deur die spraak/gebare twispunt. Die bestaan van die polemiek, al is dit volgens Conrad gebaseer op valse feite (Hoofstuk 3), het ouers en onderwysers laat voel dat hulle moet kies tussen onderwys en opvoeding om gebare te gebruik en onderwys en op= voeding om spraak te gebruik. Totale kommunikasie erken die waarde van gebaretaal as 'n visuele versterking vir die oudi= tiewe- en spraakaspek van kommunikasie. Daardeur word hierdie polimiek tot 'n einde gebring. Die vraag is nou meer paslik: Totaal of minder totaal? en nie meer gebaretaal of spraak? nie.

Totale kommunikasie is 'n filosofiese standpunt eerder as 'n metode. Deur vrye en onbeperkte kommunikasie word die muur van isolasie tussen ouer en dowe kind afgebreek. 'n Klimaat van begrip en aanvaarding van die realiteite van doofheid, ontstaan. Soos die kind en sy familie mekaar leer verstaan, verminder vrese en frustrasie. Gevoelens van welsyn en aanvaar= ding ontwikkel waarskynlik sodat die kind vry is vir interaksie

en sodat die kind leer om 'n gelukkige, kommunikerende, gelet= terde lid van die samelewing te wees. As gevolg van die ver= menslikende invloed wat die totale kommunikasiebenadering uit= oefen, nie net op die kind nie, maar ook op die ouers en pro= fessionele persone wat betrokke is by die doofwese, is bande van vertroue, soos nooit tevore nie, aan die ontwikkel. Hier= die stelling word gedramatiseer deur die opmerking van 'n vyf= jarige dowe seuntjie wie se ouers pas geleer het om handgebare te gebruik, toe hy gesê het: "Mamma en Pappa is nou ook doof." (Denton, 1979:16)

Die sleutel tot die beste akademiese prestasies vir die dowe is waarskynlik geleë in 'n vroeë onderwysgeleentheid. Deurdat totale kommunikasie die kind voorsien van 'n betroubare simbool= sisteem wat hy vryelik kan gebruik, word nie net die grondslag gelê vir formele taalonderrig nie, maar ook die sleutel tot die begrip van die kind se sosiale en kulturele wêreld. Daardeur word intellektuele ontwikkeling aangemoedig en ver= beter. Hierdie beginsel erken die belangrike rol van die gesin, in die opvoeding van die kind, veral in die voorskoolse stadium. Dit wil voorkom of tradisionele pogings om formele taalonder= rig op kinders af te dwing voordat hulle kan kommunikeer, misluk het. Hierdie tradisionele pogings het moontlik misluk omdat nagelaat is om die natuurlike volgorde van die vlakke van linguistiese ontwikkeling en die hiërargie van kommunika= siemodus, in ag te neem. (Denton, 1979:16)

Volgens Denton is dit moontlik om gebare en gesproke inligting gelyktydig aan te bied met volle inagneming van sintaks. Die hoogs visuele en dramatiese gebare, wanneer dit sintakties aangebied word, verskaf 'n versterking vir die ouditiewe en spraakaspekte van kommunikasie. Dr. Moores se studies wys daarop dat die byvoeging van elke dimensie van kommunikasie 'n toename in verstaanbaarheid meebring vir die dowe. (Denton, 1979:16)

In 1968 is begin met die implementering van totale kommunikasie by die Maryland Skool vir Dowes. Elke jaar sedert die oor=spronklike aankondiging van die aanname van filosofie van totale kommunikasie, het groei gebring in die begrip van ouers, professionele personeel sowel as onderwysers, vir die dowe kind. Hierdie groei in begrip was parallel met die groei en ontwikkeling van spesiale vaardighede...gebare, vingerspel, gebruik van klankversterking en spraaklees. Ook is gevind dat die gebruik van spontane spraak tussen die leerlinge nou meer is as ooit tevore. (Denton, 1979:16)

Die sukses van totale kommunikasie berus nie net bloot op die begrip en aanvaarding van die filosofie van totale kommunika=sie en die ontwikkeling van spesifieke vaardighede nie, maar op 'n algemene verbintenis ("commitment") om die nodige opoffe=ring te maak om te verseker dat die kinders lewe en leer in 'n kommunikerende omgewing. Die totale kommunikasiesisteem is dwarsdeur die skool ingestel vanaf die voorskoolse stadium tot in die hoërskool. Aangesien kommunikasie tuis begin, word die ouers en die hele gesin betrek. Die skool het ook verantwoor=delikheid aanvaar vir die onderrig van ouers en gesinslede, in totale kommunikasie. Streekklasse is vir die ouers ingestel dwarsoor die staat van Maryland en opleiding word aan professio=nele en ander personeel, in kontak met die dowe kind, aange=bied. (Denton, 1979:16)

Volgens Denton behels die daaglikse praktiese implementering dat, sover moontlik, die persoon in die dowe kind se onmiddel=like omgewing moet praat, terwyl gebare gelyktydig gebruik word. Verder moet die kind ook voordeel trek uit voldoende klankversterking. Dit is gebaseer op die aanname dat dit wat gesê word, omgesit kan word in gebare, met volle inagneming van Engelse sintaksis en dat gebare en spraak, verenigbaar is. Die gedurige gebruik van gelyktydige spraak en gebare en die aanhoudende gebruik van die geskikte klankversterking, bied aan die kind 'n sintaktiese model vir navolging wat beide visueel en ouditief is.

Die visuele, dramatiese taal van gebare dien as die grondslag vir totale kommunikasie en versterk, ondersteun en waarskynlik helder dit minimale leidrade op wat deur middel van spraaklees beskikbaar is. Op dieselfde manier word minimale gehoorlei= drade waarskynlik verbeter deur gebare en spraaklees.

## 8.6 UITSPRAKE TEN OPSIGTE VAN DIE TOTALE KOMMUNIKASIEBENADERING

Verskillende dosente aan die gehoor= en spraaksentrum van Gallaudet Kollege, is van mening dat daar baie spraakentoe= siaste is, wat dit wel is omdat hulle te lui is om vingerspel en gebaretaal aan te leer. Dit kos moeite en inspanning en dit is makliker om eenvouding 'n aanhanger van die spraakbe= nadering te wees. (Nieder-Heitman, 1969:28)

Onderhoude met studente aan Gallaudet Kollege het aan die lig gebring, dat selfs die behendigste lipleser bly is as hy gehelp word deur die gebruik van gebare. Hulle het beklemtoon dat dit uiters vermoeiend is om lang gesprekke te probeer liplees. (Nieder-Heitman, 1969:31)

Greenway beskou die totale kommunikasiebenadering as synde: "psychological sound and possessing no element of negation or frustration and offers to all deaf children the opportunity of education according to aptitude and ability." (Nieder-Heitman, 1969:32)

Mnr. F. Schreiber, 'n beroemde dowe lektor aan Gallaudet Kollege, en bestuurslid van die National Association of the Deaf (sterk gesteun deur vooraanstaande wetenskaplikes soos Furth, Vernon, Stokoe, en andere) skryf ook: "we believe that every child should have the opportunity to learn to speak and read lips... but our first need is to be able to communicate. Communication is not speech! You might say it is not even language. Neither is speech language...but one can have speech without language

and one can communicate without either." (Nieder-Heitman, 1969:77) Nieuwoudt wys daarop dat dit maklik is om 'n dowe kind te leer praat, maar dat die probleem eintlik daarin geleë is om die kind te help om taal te verwerf. Selfs al het die dowe kind 'n groot woordeskat wat hy kan praat en skryf, beteken dit nie dat die kind die taal magtig is nie. (1958:29)

Volgens Schreiber sê die dowe: "Give me the freedom to ask and understand in the easiest way possible. Talk to me, yes but give me the help that I get from signs and fingerspelling. Remember, I don't speak or lipread too well. I want all mem= bers of my family to communicate with me. I need to feel that I belong to you and you belong to me as well." (Nieder-Heitman, 1969:79)

Conrad is van mening dat die onderwyser binne die spraakbena= dering waarskynlik reken dat die dowe kind 'n moedertaal aan= leer, naamlik spraak "...but what she is actually doing is teaching this deaf child a second language." ((a), 1979:318) Conrad beskou die taal van gebare as die moedertaal van die dowe kind terwyl spraak waarskynlik beskou kan word as die dowe se "tweede" taal. Hy merk op dat ware gebare-spraak-tweetaligheid skaars is onder dowes terwyl dit algemeen onder horende kinders van dowe ouers voorkom. Charrow en Fletcher word aangehaal vir hul navorsing oor Engels as tweede taal vir dowe kinders. Daar is bevind dat dowe kinders van dowe ouers dieselfde prestasies behaal as horendes wat Engels as vreemde taal aangeleer het. Conrad merk op dat dowe kinders slegs kan baat daarby as hulle ook gebaretaal leer. Hy meen egter dat dowe kinders gebaretaal as moedertaal moet aanleer en spraak as tweede taal. ((a), 1979:325)

Ook Stokoe maak melding van gebaretaal as die moedertaal van die dowe en Engels of enige ander taal as tweede taal. Hy merk dan ook op: "Deaf children face the task of learning English and reading as deaf children - that is, as human beings who cannot hear speech no matter how much distorted, filtered,

amplified sound can be generated by a electroacoustical trans= ducer stuck into the ears. The deaf child who has deaf family members does have a native language as a starting point, and this makes a tremendous difference positively in his learning English." (1979:7)

Hy sê verder dat hy in die totale kommunikasiebenadering sou verwag om gebaretaal meer dikwels by die jonger kinders te sien as by die ouer kinders op skool.

Hayhurst meen dat alle vorms van visuele kommunikasie deur dowes as van belang beskou moet word. Daarsonder sal dowes waarskynlik geïsoleer wees van die gemeenskap. "Is it any wonder that they felt threatened when, near the end of the last century, manual communication became frowned upon in all schools and banished from many as a result of a change in educational policy!" (1979:1)

Garretson noem ook dat dowes 'n behoefte daaraan het om met die bykomende hulp van gebare= en vingertaal te kommunikeer selfs al is hulle vaardige liplesers. "Even the most expert lip-reader is grateful for the larger visual area presented by the hands when used along with speech... In this manner we have a communication procedure that is exact and free from guesswork." (1963:3)

Die Minister van Onderwys en Opleiding spreek hom as volg uit oor sy Departement se standpunt in hierdie verband: "Ons is van mening dat hierdie benadering 'n sinvolle tweerig= kommunikasie bewerkstellig. Dit maak die beste leersituasie moontlik sodat die dowe persoon tot sy maksimum potensiaal ontwikkel nie net wat sy taalvermoë aanbetref nie maar ook sy vermoë om te praat." (Van der Merwe, 1980:81)

## 8.7 'N EVALUASIE VAN DIE TOEPASSING VAN DIE TOTALE KOMMUNIKASIEBENADERING

Aan die Rochester Institute of Technology is die afgelope tien jaar oor die 500 grade en diplomas, waaronder ook meestersgrade, aan dowe studente toegeken. Hierdie instituut se studentetal is by die 5 000 waarvan 15% dowe studente is. Reeds in 1974-75 was daar 894 ingeskrewe studente aan die Gallaudet Kollege vir Dowes. Totale kommunikasie word as benadering gebruik aan hierdie opvoedingsentra met die klaarblyklike goeie gevolg. (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes Omsendbrief 114/78)

Volgens Nieder-Heitman is een van die belangrike gebiede waarop die benadering van totale kommunikasie suksesvol is, dié van taalverwerwing. Binne die eerste jaar van gebaretaal onderrig kan 'n dowe tweejarige reeds 'n woordeskat van tagtig woorde hê in plaas van die een of twee woorde wat die spraakbenadering die kind bied. (1969:51)

Ouers van kinders wat onderrig onder die bedeling van die tota= le kommunikasiebenadering ontvang, getuig daarvan dat hulle daardeur meer selfvertroue gekry het en dat hulle ook 'n deur= braak deur die doofheid van hul kind kon maak. Die entoesiasme van die ouers vir hierdie benadering is opmerklik by al die skole waar hierdie benadering toegepas word en ouers se betrok= kenheid wat daaruit voortvloei vergemaklik die dowe kind se aanpassings op skool. Hier vind ons dan dat die proses van sosialisering beïnvloed sal word, ook op die tuisfront, waar ouers nie net beter begrip het vir die dowe kind nie maar ook die sosialiseringsproses met groter selfvertroue deurvoer.

Die ontspanne atmosfeer wat daar heers by skole vir dowes waar totale kommunikasie gebruik word, is een van die aspekte wat Nieder-Heitman veral beïndruk het. Onderwysers vind dit klaar= blyklik nie moeilik om die kinders in die klaskamer te dissi= plineer of om hulle aandag te behou nie. Die totale kommuni= kasiebenadering bring ook groter vrymoedigheid ten opsigte van

kommunikasie tussen kinders en leerkragte op die speelgrond. Onderwysers leer die kinders beter ken omdat hulle hul leef=wêreld kan betree. (1969:70)

Dit wil voorkom of dowes wat onderwys ontvang deur middel van die totale kommunikasiebenadering ook die geleentheid kry om tersiêre kwalifikasies te behaal. Dit lyk asof inge=wikkelde akademiese materiaal wél binne die totale kommunika=siebenadering vir die dowe kind toeganklik word. (Kyk supra 2.2.2) Hierdie beter prestasies van dowe kinders, onder die totale kommunikasiebenadering, kan waarskynlik toegeskryf word daaraan dat kinders leer kommunikeer op 'n vroeë leeftyd en intellektuele ontwikkeling en konseptualisasie, moontlik is. Tersiêre kwalifikasies kan in verband gebring word met die status wat dowes geniet. Indien hierdie benadering van totale kommunikasie intellektuele ontwikkeling bevorder, kan die status van die dowe waarskynlik dienooreenkomstig beïnvloed word.

Die gebaretaal wat deel uitmaak van die totale kommunikasie=benadering hou vir die dowe kind waarskynlik verskeie voordele in. Indien 'n basis vir goeie kommunikasie tussen ouers en kind daardeur gelê word, kan frustrasie moontlik grootliks vir die dowe kind verminder word. Die moontlikheid dat die dowe kind verder sal ontwikkel, bestaan wanneer die kind sy omge=wing deur middel van taal kan leer verstaan en bemeester. Dissiplinêre probleme met dowe kinders kan ook verminder wan=neer daar 'n medium van kommunikasie tussen ouer en kind bestaan. Ouers van dowe kinders het dikwels probleme met dissipline omdat dowe kinders, wat nie kan kommu=nikeer nie, nie kan verstaan wat hulle verkeerd doen nie, of omdat ouers voel dat hulle die kind nie kan straf nie, aangesien die kind nie kan verstaan nie. (Gregory, 1976:86)

Emosies soos skaamte, skuld, twyfel en minderwaardigheid ont=staan moontlik wanneer kinders onderwerp word aan 'n sosiali=seringsproses waar die kind en sosialiseringsagent nie kan

kommunikeer nie. Indien die totale kommunikasiebenadering dit moontlik maak vir dowe kleuters om te leer kommunikeer, behoort kinders nie hierdie negatiewe emosies te ervaar nie en kan hul maatskaplike funksionering verbeter word.

Die totale kommunikasiefilosofie hou voordele in vir die ont=wikkeling van die selfbeeld van die dowe kind. Selfbeeld is: wat 'n persoon van homself glo, hoe hy homself sien, die idee of beeld wat hy van homself het. Dit bevat onder andere sy siening omtrent homself wat betref liggaamlike krag, fisieke aantreklikheid, akademiese status, verstandelike vermoë, sosiale aansien, finansiële posisie, moontlikheid tot toekom=stige sukses, die aanvaarding van uitdagings, sy vermoë om 'n goeie ouer en huweliksmaat te wees.

Van al die elemente wat 'n persoon se selfbeeld uitmaak, is die belangrikste sy siening van die mate waarin hy 'n sukses of 'n mislukking is, en deur diegene wat vir hom betekenis het, aanvaar (liefgehê) of verwerp word. (Laubscher, 1981:1)

Volgens Laubscher (1981) is kinders, wat 'n negatiewe ouer-selfbeeld het, aggressief. Hy wys daarop dat dit blyk dat die aggressiewe kind 'n gebrek aan toereikende ouerliefde ervaar, dat hy waarskynlik 'n gevoel het van onveiligheid en dat hy deur betekenisvolle persone in sy lewe, soos sy ouers, verwerp voel.

Dowe kinders is dikwels aggressief (kyk supra 4.3.2) en dit kan aan hierdie gevoel van onveiligheid toegeskryf word waar ouers die gebruik van enige kommunikasiemedium afkeur, terwyl hierdie medium die een is wat die kind met die grootste gemak gebruik.

As aanvaarding deur veral die ouers, een van die voorvereistes vir die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld is, tesame met 'n gevoel van sukses by die kind, wil dit voorkom asof die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld nie plaasvind nie.

...../152

"As jy nie kan bewys dat jy normaal is deur te praat en te liplees nie, sal ek jou verwerp deur te weier om met jou te kommunikeer." (Nieder-Heitman, 1969:37)

Die selfbeeld van die dowe kind kan derhalwe positief ontwik= kel word binne 'n benadering wat geen beperking plaas op die kommunikasiemedium wat gebruik word nie en wat die moontlik= heid van prestasie op akademiese- en taalgebied binne die bereik van die dowe kind bring.

Dit wil voorkom of die dowe kind, binne die totale kommuni= kasiebenadering, nie misluk ten opsigte van taalverwerwing op skool nie. Daar word beweer dat hierdie benadering voordele inhou vir die aanleer van leesvaardighede en verwerwing van akademiese kwalifikasies. Meadows wys ook daarop dat dowe kinders van dowe ouers 'n meer positiewe selfbeeld het en dat hulle meer gewillig is om met vreemdes te kommunikeer ongeag die vreemde persoon se medium van kommunikasie. (1967:293) Dit wil voorkom of dowe kinders wat die moont= likheid gebied word om te presteer op skool, deurdat 'n ster= ker taalagtergrond 'n suksesvolle skoolloopbaan moontlik ten grondslag lê, nie gevoelens van minderwaardigheid ontwikkel nie.

Indien totale kommunikasie aan die kind 'n groter moontlikheid bied vir die ontwikkeling van sy volle potensiaal, kan dit die fase van adolessensie meer glad laat verloop en verwerwing van identiteit aanhelp. Beter prestasie op skool bied aan jong= mense waarskynlik 'n groter beroepskeuse en daarom ook beter toekomsverwagtinge. Dowe adolessente wat goed kan kommunikeer sal moontlik nie 'n toestand van rolverwarring ervaar nie, aangesien dit moontlik is om rolinhoud en rolvoorskrifte oor te dra aan die dowe jong mens.

Die jong mens, met 'n goed ontwikkelde gevoel van identiteit en wat gerugsteun word deur 'n positiewe selfbeeld en 'n sterk akademiese of tegniese onderrigagtergrond, wat gemaklik kan

...../153

kommunikeer, sal moontlik daartoe in staat wees om universi= teitskwalifikasies te verwerf. Die dowes, as groep, se status word tans moontlik beperk deur die gebrek aan graduandi in die geledere van die dowes. Die verwerwing van universiteits= kwalifikasies of tegniese kwalifikasies, maak dit waarskynlik moontlik vir die dowe persoon om bestuursposisies te beklee binne die doofwese en dit kan aan die dowes inspraak op beleid= makende vlak bied. Verbetering van die dowe se kwalifikasies maak bevordering van die dowe binne sy eie beroep waarskynlik ook moontlik.

Indien die totale kommunikasiebenadering 'n grondslag lê vir sinvolle kommunikasie en dit reeds in die kleuterstadium, wil dit voorkom of hierdie benadering verreikende gevolge vir die dowe kan hê en dit lyk asof die maatskaplike funksionering van die dowe moontlik ook hierdeur geraak kan word.

Hierdie benadering van totale kommunikasie hou ook moontlikhede vir die terapeutiese situasie in. Levine reken: "Manual conversation eases the strain of lip-reading and talking in prolonged interviews and enables the subject to relax somewhat while still continuing to converse. This is a particularly important consideration in cases of emotional disturbance." Levine het bevind dat selfs persone wat gewoonlik slegs deur middel van spraak en liplees kommunikeer, binne die terapeu= tiese opset, die hulp van gebaretaal nodig het. (1960:166)

## 8.8 VERDERE ALTERNATIEWE TOT DIE SPRAAKBENADERING

Conrad en Stokoe maak melding van die moontlikheid dat dowe kinders opgevoed kan word om tweetalig te wees. (Kyk supra 8.5) Gebaretaal word aan die dowe kind as moedertaal aange= bied en spraak in enige taal, hetsy Engels, Frans, Duits, ensovoorts, word as tweede taal aan die dowe kind geleer.

Cicourel en Boese (1972:40) sê in hierdie verband dat die dowe kind dikwels nie in sy moedertaal opgevoed word nie. "The oral teacher of the deaf may assume that she is teaching the child his native language because he is learning to use his vocal cords... But what (she) is actually doing is teaching this deaf child a second language."

Tweetaligheid by kinders is 'n algemene verskynsel. Conrad wys daarop dat kinders blykbaar nie kognitief of emosioneel probleme ondervind wanneer hulle 'n tweede taal aanleer nie. ((a), 1979:318) Hornby merk op dat die gebruik van meer as een taal, vir 'n groot persentasie van die wêreldbevolking, 'n lewenswyse is. (1977:1)

Ware gebare/spraaktweetaligheid bestaan volgens Conrad byna nie onder dowes nie, terwyl dit waarskynlik nie 'n onmoontlik=heid is nie aangesien dit algemeen voorkom onder horende kin=ders van dowe ouers. ((a), 1979:318) Vir hierdie kinders is gebaretaal dikwels hul moedertaal met gesproke taal as tweede taal. Hierdie persone word ook dikwels professionele tolke.

Gedurende 1974 is die wyse vergelyk waarop dowe kinders, van dowe ouers in vergelyking met dowe kinders van horende ouers, Engels aanleer. Beide groepe is ook vergelyk met horende studente wat 'n vreemde taal aanleer. Taaltoetse het aan die lig gebring dat dowe kinders, van dowe ouers, Engels op die=selfde wyse aangeleer het as die horende studente. ((a), 1979:318)

By dowe kinders in 'n gesin waar gebaretaal as eerste taal aangeleer word, vind taalontwikkeling op dieselfde manier plaas as wat die geval is met horende kinders en teen dieselfde tempo. (Conrad, (a), 1979:319)

## 8.9 PRAKTIESE PROBLEME TEN OPSIGTE VAN DIE INSTELLING VAN DIE TOTALE KOMMUNIKASIE= BENADERING OF DIE TWEETALIGHEIDSBENADERING

Dit wil voorkom of die totale kommuniksiebenadering wél voor= dele inhou vir die dowes en derhalwe 'n moontlikheid bied as alternatief vir die spraakbenadering. Indien hierdie benade= ring egter as beleid aanvaar word, sal dit nie toegepas kan word voordat sekere probleme eers uit die weg geruim is nie.

Een van die belangrikste probleme wat in hierdie verband voor= kom is geleë in die gebaretaal wat die dowes gebruik. Omdat hierdie taal nooit formeel aan dowes geleer is nie, het dialek= te in die taal ontwikkel. Nieder-Heitman het aan die skrywer gesê dat hy, in sy navorsing van gebaretaal, ten einde 'n handleiding in hierdie verband op te stel, soms tot 25 ver= skillende gebare vir 'n spesifieke begrip ontdek het. Hierdie handleiding het gedurende 1980 verskyn en behoort die proses van standaardisasie in gebaretaal te vergemaklik.

Gebaretaal is verder 'n onafhanklike taal en het 'n eie gramma= tika. Stokoe sê: "...and never to forget Sign is a language equally and exactly as English is a language." (1979:7) Hy maak dit dan ook duidelik dat die gebruik van gebare saam met die gesproke woord, nie beskou moet word as gebaretaal en gesproke taal wat gelyktydig gebruik word nie. Dit is nie moontlik om een taal direk in 'n ander te vertaal nie. Totale kommunikasie is derhalwe bloot 'n metode om Engels of Afrikaans of enige ander taal, aan die dowe sigbaar te maak. Stokoe reken dat dowe kinders eers gebaretaal as moedertaal moet leer en dan later 'n tweede taal deur middel van totale kommunikasie aangeleer moet word. Op hierdie manier kan 'n tweede taal makliker deur dowe kinders bemeester word.

Aangesien gebaretaal 'n volwaardige taal blyk te wees, sal ouers van dowe kinders, die taak gestel word, binne die totale kommunikasiebenadering, om 'n nuwe taal aan te leer. Die aan=

leer van hierdie taal sal toewyding verg van ouers en ook van onderwysers wat dit waarskynlik dikwels sal nodig kry ten einde met jong dowe kinders te kommunikeer. Spellman, self 'n dowe ouer, meen dat gebaretaal "is the single most important gift a parent can give a deaf child". Sy sê dat ouers dikwels probleme ondervind in die aanleer van gebaretaal en dan moed verloor. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die dowe baba nie krities is ten opsigte van die ouers se vaardigheid in gebaretaal nie en dat die kommunikasie wat bewerkstellig word van primêre belang is. (1973:1) Die persone wat hierdie taal waarskynlik sonder moeite sal aanleer, is die dowe kind. Volgens Stokoe leer dowe kinders, wat hierdie taal nog nooit gesien het nie, dit byna oornag aan. (1979:7)

Persone wat die gebaresisteme, soos dit voorkom in Suid-Afrika, ondersoek het, is van mening dat daar nog nie van 'n volwaar=dige taal sprake is nie. Die gebaretaal van die dowes in Suid-Afrika is egter nog nie linguisties ondersoek ten einde die struktuur, linguistiese reëls of grammatika daarvan vas te stel nie. Tien jaar gelede, toe gebaretaal in Amerika op die voorgrond getree het as taal, is dit beskou as 'n minder=waardige vorm van kommunikasie. Daar was oënskynlik geen grammatikale reëls nie en dit wou voorkom of dowes kommunikeer deur middel van primitiewe gebare. Na 'n uitgebreide studie, oor 'n tydperk van tien jaar, is egter bevind dat die gebare=taal in werklikheid 'n volwaardige taal is. (Stokoe, 1979:1-7)

Voordat gebaretaal, soos dit onder die Suid-Afrikaanse dowes gebruik word, nie linguisties ondersoek word nie, sal dit waarskynlik 'n probleem skep in die implementering van gebare=taal by skole vir dowes. 'n Eenvormige gebarestelsel sal ontwikkel moet word sodat dit moontlik is om gebaretaal binne skoolverband te gebruik. Die ontwikkeling van tweetaligheid by die dowe sal in die lig hiervan moontlik op die langebaan geskuif moet word.

Wanneer totale kommunikasie ter sprake kom, is dit belangrik om daarop te let dat gebaretaal nie woordeliks omgesit kan word in gesproke taal nie. (Katz, 1974:175) Suiwer gebaretaal kan dus nie gelyktydig met spraak gebruik word nie. Totale kommu= nikasie maak derhalwe gebruik van 'n vorm van gebaretaal en nie van suiwer gebaretaal nie. Ook hierdie gebare wat tot spraak en liplees toegevoeg word, sal onderhewig moet wees aan standaardisasie.

Conrad maak ook melding van die probleem van keuring. Watter kinders by watter benadering van onderrig kan baat, is moontlik moeilik om te bepaal. Die gesinsagtergond, graad van doofheid en intelligensie sal waarskynlik hier ter sprake kom. ((a), 1979:319) Na Conrad se mening, is elke kind wat spesiale onderwys nodig het as gevolg van 'n gehoorgebrek, moontlik 'n kandidaat vir tweetalige onderrig. Hy reken dat dit so moeilik is om te bepaal wat die gehoorkwaliteit in die vorm van "linguistic input" is, en wat hierdie probleem ver= oorsaak, dat hierdie kinders, waarskynlik beter sal vaar indien 'n tweetalige sisteem vroeg ingevoer word. Volgens hom is enige dowe kind, wat skoolouerdom (plus-minus vyf tot ses jaar) bereik, sonder 'n gesproke woordeskat, beslis 'n kandidaat vir tweetalige onderrig.

Probleme wat bestaan met die toepassing van die totale kommunikasiebenadering van onderwys vir dowe kinders sal waarskynlik grootliks hanteer kan word deur te put uit die ervaring van die Departement van Onderwys en Opleiding met hierdie benadering soos dit van toepassing is in skole vir swart dowes. Die totale kommunikasie- of gekombineerde metode, soos dit amptelik bekend staan, word reeds sedert 1959 gebruik in skole vir swart dowes. (Van der Merwe, 1980:81)

# HOOFSTUK 9

## GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die wese van evaluering bestaan daarin dat verskillende aspekte van 'n saak met mekaar in verband gebring word en 'n professionele mening dan in die lig daarvan geformuleer word. Aangesien hierdie studie tot 'n groot mate evaluerend van aard is, is daar gepoog om aan te toon dat daar 'n verband bestaan tussen die spraakbenadering van onderwys vir dowe kinders en die proses van sosialisering van die dowe asook tussen die spraakbenadering en die status van die dowe. Verder is daarop gewys dat die sosialisering van die dowe kind sowel as die gebrek aan status van die dowe ook in verband gebring kan word met swak maatskaplike funksionering by die dowe. Daar word ook aangetoon dat daar heel moontlik 'n verband bestaan tussen maatskaplike werk dienslewering/ ander benaderings tot die onderwys van die dowe kinders en verbeterde maatskaplike funksionering.

Aangesien elke aspek van die doofwese, soos dit binne hierdie studie vervat is ook 'n studieveld opsigself is, sal daar voorts gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak work om ook hierdie fasette toe te lig en so= doende in perspektief te bring.

...../159

## 9.1 DIE DOWE AS PERSOON

### 9.1.1 SIELKUNDIGE ASPEKTE VAN DOOFHEID

'n Besinning oor die dowe as persoon, bring aan die lig dat die vermoëns van dowes nie noemenswaardig verskil van dié van horende persone nie. Ten spyte van hierdie vermoëns, is dowes tog opvoedkundige vertraag. Hierdie agterstand is nou gekoppel aan die taalgestremdheid wat by dowes aangetref word.

Dowes bereik waarskynlik egter nie dieselfde vlak van volwassenheid as horendes nie. Hierdie situasie is toe te skryf aan die dowe se klanklose wêreld wat die belewing van sekuriteit beperk.

Dowes openbaar sekere kenmerkende eienskappe, naamlik gebrek aan selfvertroue, hipersensitiwiteit , teneer= gedruktheid, skaamte, gevoelens van minderwaardigheid, wantroue, introversie en andere. Hierdie eienskappe word toegeskryf aan gebrekkige kommunikasie by die dowe.

Die persoonlikheid van die dowe veral ten opsigte van die sielkundige aspekte van doofheid, is empiries nog nie genoegsaam ondersoek nie, aangesien daar teenstry= dighede voorkom. Dowes toon persoonlikheidseienskappe wat die waarskynlikheid dat sielkundige probleme en gedragsafwykings kan voorkom, verhoog. Tog blyk dit dat hierdie probleme en afwykings oënskynlik nie meer dikwels by dowes voorkom as by horende persone nie. Hierdie teenstrydigheid geniet nog geen aandag in die literatuur met betrekking tot doofheid nie.

9.1.2 DIE MAATSKAPLIKE SITUASIE VAN DIE DOWE

Dowes ondervind klaarblyklik ook op maatskaplike gebied probleme. Daar word beweer dat dowes nie die vereiste standaard van onderwys geniet nie. As gevolg van die dowe se moontlike gebrekkige onderwysgeleentheid, wil dit lyk asof dowes ook binne die arbeidsituasie, nie tot hul volle potensiaal ontwikkel word nie.

Dowes bevind hulself meestal binne ongeskoolde-, halfgeskoolde, geskoolde- en beskutte arbeid. Dit bied dikwels geen uitdaging vir die intelligente dowe nie. Hierdie beroepstatus van die dowe staan in skrille kontras met die beroepstatus van horende persone.

Die godsdiensbelewing van die dowe word beïnvloed deur die vermoë om te kommunikeer. Dowes vind dit moeilik om 'n normale kerkdiens vir horendes te volg en te begryp wat daar gebeur en verkies dan ook om saam met ander dowes kerkdienste by te woon.

Doofheid beïnvloed nie noodwendig persone se vermoë tot suksesvolle ouerskap nie. Huwelike tussen dowes is ge= woonlik stabiel en kinders uit sulke huwelike, dikwels horend, presteer oënskynlik nie beter of swakker as kinders van horende ouers nie.

Die houding van die samelewing teenoor die dowe bevat moontlik elemente van verwerping en tweedeklasburger= skapstatus vir die dowe. Dit wil voorkom of hierdie situasie bestaan as gevolg van die dowe se onvermoë om met die horende publiek te kommunikeer. Die relatief onbekendheid van die dowe, by die breë publiek dra hiertoe by.

### 9.1.3 DIENSLEWERING AAN DIE DOWE

Dienslewering aan dowes is een van die oudste vorms van welsynsdienslewering in Suid-Afrika. Ten spyte daar= van blyk daar nog heelwat leemtes in die dienste wat aan dowes beskikbaar gemaak word, voor te kom. Hierdie leemtes bestaan veral ten opsigte van die bekendheid van dienste aan dowes sowel as die toeganklikheid van sodanige dienste, dienste aan bejaardes en meervoudig-gestremde dowes, tolkdienste en sielkundige en psigia= triese dienste.

Die welsynstruktuur waarbinne dienste vir dowes gelewer word, blyk nie oneffektief te wees nie, maar interpreteer waarskynlik die behoeftes van dowes verkeerd. Groter verteenwoordiging vir dowes in liggame en komitees wat besluite neem oor dienslewering aan dowes, blyk 'n groot behoefte te wees.

## 9.2 DIE SPRAAKBENADERING VAN ONDERWYS VIR DOWES

Die spraakbenadering van onderwys vir dowes het 'n lang geskie= denis maar min empiriese navorsingstudies lê hierdie benadering egter ten grondslag. Tans word dikwels in literatuur oor die spraakbenadering verwys na uitsprake van skrywers sonder dat hierdie uitsprake deur navorsing getoets is vir die geldig= heid daarvan. In werklikheid het navorsing in die laat sewen= tigerjare eers sonder twyfel bewys dat 'n hele aantal uitspra= ke, wat die spraakbenadering ten grondslag lê, nie empiries verifieerbaar is nie, maar waarskynlik op waarde-oordele berus.

Die is duidelik dat dié onderwysbenadering tot dowe kinders ook grootliks rondom 'n bepaalde stel aannames sentreer. Hier= die waardes het betrekking op gebaretaal (is dit 'n minderwaar= dige of gebrekkige taal of 'n gelykwaardige taal soortgelyk aan Engels of Duits en andere?), die wêreld van die dowe (is

...../162

hierdie wêreld 'n beperkte of beperkende wêreld of moet dowes geleer word om hierdie wêreld te aanvaar?) en vermoëns van dowes.

In toenemende mate word tans bewys dat die spraakbenadering nie daarin slaag om sy doel te bereik nie. Verder wil dit ook voorkom of die voorwaardes vir die suksesvolle implementering ring van die spraakbenadering nie nagekom kan word nie. Die praktiese uitvoerbaarheid van hierdie benadering staan dus onder verdenking.

Die spraakbenadering het blykbaar ook op sielkundige gebied negatiewe gevolge vir die dowe kind. Indien die spraakbenade= ring nie daarin kan slaag om behoorlike kommunikasie tussen ouer en dowe kind daar te stel nie, en indien die spraakbena= dering daartoe aanleiding gee dat die dowe kind verwerp voel en 'n swak selfbeeld ontwikkel, kom die wenslikheid van hier= die benadering onder verdenking.

### 9.2.1 DIE SPRAAKBENADERING VAN ONDERWYS VIR DOWES IN DIE LIG VAN DIE SUID-AFKRIKAANSE SITUASIE

In die Suid-Afrikaanse situasie kan daar nie altyd voldoen word aan die belangrike voorvereistes vir die suksesvolle toepassing van die spraakbenadering nie. Vroeë identi= fisering van doofheid en 'n vroeë onderwysgeleentheid sowel as ouerleiding kan dikwels nie aan ouers en dowe kinders gebied word nie as gevolg van eksterne faktore wat verband hou met die uitgestrektheid van die land en groot afstande wat dikwels afgelê moet word ten einde dienslewering te ontvang.

## 9.3 DIE PROSES VAN SOSIALISERING VAN DIE DOWE KIND

Erikson se uiteensetting van die sosialiseringsproses en hoe hierdie proses skeef kan verloop en aanleiding kan gee tot sekere persoonlikheidstrekke, bied moontlik 'n verklaring vir die sogenaamde "dowe persoonlikheid" wat dikwels aan die dowe toegeskryf word. Erikson beskryf hoe gevoelens van wantroue, skaamte, skuld, twyfel en minderwaardigheid by kinders kan ontstaan en daar word tot die gevolgtrekking gekom dat dowe kinders waarskynlik dikwels hieraan blootgestel is.

### 9.3.1 DIE INVLOED VAN KOMMUNIKASIE OP DIE PROSES VAN SOSIALISERING

Indien die dowe kind gevoelens van wantroue, skaamte, twyfel, skuld en minderwaardigheid gedurende die eerste vier lewensfases internaliseer, is dit moontlik dat die dowe ook probleme soos rolverwarring, isolasie, stagna= sie en wanhoop in sy latere lewe sal ervaar. Die kern van die probleem blyk egter te lê by die kommunikasie, of gebrek aan kommunikasie in die sosialiseringsproses.

Indien die spraakbenadering van onderwys nie daar= in slaag word om 'n bevredigende kommunikasiemedium vir die dowe kind te skep nie, en indien die spraakbe= nadering hierdie medium nie reeds op voorskoolse vlak kan skep sodat sinvolle kommunikasie tussen ouer en kind moontlik is nie, kan die sosialisering van die dowe kind tekortskiet. Hierdie benadering kan onder hierdie omstandighede 'n negatiewe invloed uitoefen op die persoonlikheid van die dowe kind.

Die rol van die gesin in die sosialiseringsproses word moontlik nie genoegsaam beklemtoon indien toegelaat word dat die skool en die onderwyser die ouers se rol



...../164

as sosialiseringsagent verdring nie. Wanneer slegs onderwysers by die skool met die dowe kind kan kommuni= keer, word die ouerhuis moontlik op die agtergrond ge= stoot. Indien die ouers van 'n dowe kind uitgesluit word uit die kind se lewe omdat 'n kommunikasiemedium ontbreek, word skade gedoen aan die kind se persoonlik= heidsontwikkeling sowel as aan sy emosionele vorming.

## 9.4 MINDERHEIDSGROEPSTATUS VAN DIE DOWE

Die dowes kan met 'n etniese groep binne die samelewing verge= lyk word en kan in die lig hiervan gesien word, in plaas daar= van dat dowes gesien word as gestremdes wat waarskynlik van horendes afhanklik is ten einde te leer kommunikeer en wat gehelp moet word om by 'n horende wêreld aan te pas. Indien die dowe met 'n etniese groep vergelyk word en sy regte in hierdie verband erken word, sal die dowe moontlik daartoe in staat gestel word om meer verantwoordelikheid vir homself te aanvaar.

### 9.4.1 MINDERBEVOORREGTING, VOOROORDELE EN DISKRIMINASIE

Daar bestaan op vele gebiede tekens van minderbevoorreg= ting, vooroordele en diskriminasie ten opsigte van dowes. Veral die onderwys vir dowes asook die arbeidsituasie toon tekens hiervan. Dit wil dus voorkom of die dowes in die lig van die minderbevoorregting, vooroordele en diskriminasie waaraan hulle blootgestel is, ook as 'n minderheidsgroep gesien kan word. Dowes verwerf waar= skynlik hierdie minderheidsgroepstatus as gevolg van die horende gemeenskap se gebrekkige kennis van gebare= taal, die taal van die dowe gemeenskap. Dit wil dus voorkom of die spraakbenadering van onderwys, die gebaretaal as ongewens beskou, 'n verdere probleem skep ten opsigte van die status van die dowe en medeverant= woordelik kan wees vir die statusverlies van die dowes.

...../165

Die gevolg van hierdie statusverlies van die dowe is moontlik dat die menspotensiaal van die dowe nie ontgin word nie en daar gevoelens van selfhaat en gebrek aan selfrespek by die dowe gemeenskap voorkom.

## 9.5 MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING

Met die doel van maatskaplike werk beskryf as die "enhancement of social functioning..." blyk dit dat maatskaplike funksionering as maatstaf van die maatskaplike situasie van die individu kan dien. Vir die maatskaplike werk is hierdie term van belang omdat dit die fokus van die maatskaplike werk beskryf. Wanneer die maatskaplike werker dus tot 'n diagnose en evaluasie kom, word dit gedoen in terme van die maatskaplike funksionering van die individu. Die verbetering of verwydering van toestande wat aanleiding gee tot maatskaplike wanfunksionering is die taak van die maatskaplike werk.

### 9.5.1 FISIES, EGO- EN MAATSKAPLIKE FAKTORE WAT DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE DOWE BEÏNVLOED

Maatskaplike funksionering kan in kleiner eenhede opgebreek word, aangesien die term so 'n wye veld insluit, en dit is derhalwe handig om maatskaplike funksionering te beskryf in terme van die rolle wat die individu vervul binne die samelewing. Hierdie rolvervulling word deur verskeie faktore bepaal, naamlik fisiese faktore, ego-faktore en maatskaplike faktore.

Dit wil voorkom of dowes se rolvervulling veral beperk word deur egofaktore. Intellektuele ontwikkeling vind moontlik nie na behore plaas binne die geldende onderwys- en onderrigbenadering nie en dit wil voorkom of die dowe kind ook probleme ondervind ten opsigte van emosionaliteit. Hierdie probleme ontstaan waarskynlik

as gevolg van die toepassing van 'n sosialiseringsproses waar kommunikasie nie 'n wesenlike rol speel nie. Hier= die gebrekkige kommunikasie is moontlik die gevolg van die spraakbenadering van onderrig.

Dowes se rolvervulling word ook beïnvloed deur maatskap= like faktore. As gevolg van die rolverwarring waaraan adolessente waarskynlik blootgestel word, word rolinhoud en die aanleer daarvan, vir die jongmens 'n probleem. Gebrekkige kommunikasie het waarskynlik 'n verdere beper= kende invloed in hierdie verband. Rolvoorskrifte en rolinhoud word deur middel van kommunikasie oorgedra en indien dit nie aan dowes oorgedra kan word nie, word maatskaplike funksionering nadelig beïnvloed.

Dit blyk dat dowes moontlik nie toegerus word met vaar= dighede wat hulle in staat stel om die snel veranderende samelewing te hanteer nie. Hulle word moontlik ook blootgestel aan minderbevoorregting, vooroordele en diskriminasie en hierdie situasie het waarskynlik 'n negatiewe invloed op die dowes se interaksie met die breë gemeenskap en derhalwe het dit waarskynlik ook 'n negatiewe invloed op die maatskaplike funksionering van hierdie groep. Gebrekkige kommunikasie speel waarskyn= lik ook hier 'n rol.

## 9.5.2 DIE TAAK VAN DIE MAATSKAPLIKEWERK-PROFESSIE MET BETREKKING TOT DIENSLEWERING AAN DIE DOWE

Dit blyk duidelik dat die maatskaplike werker 'n rol te vervul het ten opsigte van die dowe. Indien die maat= skaplike funksionering van die dowe beperk of negatief beïnvloed word, kan die taak van die maatskaplike werker daarin lê om in te gryp deur middel van die maatskaplikewerk-metodes, gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk en is die maatskaplike werker dan daar=

toe in staat om leemtes in die dowe se maatskaplike funksionering aan te vul.

Die maatskaplike werker sal moontlik binne die gevalle=werk-proses aandag gee aan persoonlikheidsprobleme wat ontstaan het tydens en moontlik as gevolg van die sosia=liseringsproses en sal binne die gemeenskapswerk-proses, aandag gee aan die omgewingsfaktore wat maatskaplike funksionering strem. So word die persoon-in-situasie hanteer in 'n poging om die maatskaplike funksionering te verbeter. Binne die groepwerkproses sal die klem val op sinvolle groepservaring deur die verbetering van kommunikasie by die groep.

Dit wil voorkom .of die spraakbenadering van onderrig vir die dowe kinders 'n belangrike rol speel in die faktore wat maatskaplike wanfunksionering veroorsaak. Hierdie benadering oefen waarskynlik 'n negatiewe invloed uit op die sosialiseringsproses asook op die status van die dowe.

## 9.6 ROLLE WAT DIE MAATSKAPLIKE WERKER BINNE DIE DOOFWESE VERVUL

Die maatskaplike werker vervul verskeie rolle binne die doofwese. Die rol van opvoeder behels dat inligting verskaf word aan die dowe self, maar ook aan ouers van dowe kinders sowel as aan die publiek, omtrent die behoeftes van die dowes.

As advokaat bepleit die maatskaplike werker die saak van die dowe in die lig van die dowe se probleme ten opsigte van kommu=nikasie. Die maatskaplike werker se taak lê in hierdie verband ook daarin om die publiek bewus te maak daarvan dat dowes se regte moontlik geskend word.

Deur aanmoediging kan die maatskaplike werker die dowe help om binne sy eie persoonlikheid die kragte te vind ten einde pro= bleme te hanteer. In hierdie verband vervul die maatskaplike werker die rol van <u>instaatsteller</u>.

Waar bronne, ter behoeftebevrediging, nie aan die dowes bekend is nie of wanneer hierdie bronne nie vir die dowes toeganklik is nie, kom dienslewering deur die maatskaplike werk tot uiting in die rol van <u>makelaar</u>.

Die moontlikheid van misverstande, as gevolg van gebrekkige kommunikasie, is nie uitgesluit in die lewe van die dowe nie. Die maatskaplike werker wat in hierdie omstandighede as tussen= ganger optree, vervul die rol van bemiddelaar. So vervul die maatskaplike werker die rol van die <u>sosialiseringsagent</u> wanneer hierdie misverstande ontstaan as gevolg van gebrekkige sosia= lisering, waar die dowe moontlik nie rolinhoud na behore geïn= ternaliseer het nie en die maatskaplike werker hierdie inhoud aan die dowe bekend stel en interpreteer.

### 9.6.1 DIE OPSET WAARBINNE DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE BEHANDELINGSPROGRAM MOET REALISEER

Die maatskaplike werker se behandelingsprogram geskied klaarblyklik ten beste binne die raamwerk van die multi-dissiplinêre span. Waar hierdie spanne nie bestaan nie, of nie funksioneer nie, kan die maatskaplike werker die nodige stappe doen ten opsigte van die opvoeding van spanlede en die interpretasie van onderskeie lede se moontlike bydrae tot die verbetering van die dowe se maatskaplike funksionering.

## 9.7 TOTALE KOMMUNIKASIE

Dit blyk dat die totale kommunikasiebenadering wel moontlikhede bied vir die vroeë ontwikkeling van 'n kommunikasiemedium by die dowe kind. Dit hou voordele in vir:

- die sosialisering van die dowe kind omdat die doeltreffende gebruik van 'n kommunikasiemedium meer selfvertroue by die ouer tot gevolg het, meer begrip by die dowe kind bewerkstel= lig en derhalwe kan voorkom dat emosies soos wantroue, skaamte, skuld, twyfel en minderwaardigheid by die dowe kind ontwikkel as gevolg van die gebrek aan 'n kommunikasiemedium.

- die status van die dowe deurdat 'n doeltreffende kommunika= siemedium die selfbeeld van die dowe kind kan bevoordeel, die kind kan help om 'n sterker identiteitsgevoel te ont= wikkel en akademiese (tersiêre) prestasie moontlik maak. Dowes kan moontlik gehelp word om binne hierdie benadering hul volle potensiaal te verwesenlik.

- die maatskaplike funksionering van die dowe deurdat die intellektuele- en emosionele faktore, wat maatskaplike funk= sionering kan beperk, verminder word en maatskaplike faktore wat tot maatskaplike wanfunksionering aanleiding kan gee (faktore soos gebrekkige begrip vir sekere rolgedrag deur middel van sosialisering oorgedra en statusverlies) beperk word.

## 9.8 GEBARETAAL

Gebaretaal blyk die sleutel te wees tot 'n hele aantal probleme binne die doofwese. Dit bied die moontlikheid dat 'n vorm van totale kommunikasie ook hier in Suid-Afrika by skole vir dowes as kommunikasiemedium kan ontwikkel. Hierdie taal kan egter nie sonder meer aanvaar word nie, aangesien daar 'n gebrek aan eenvormigheid binne die gebaretaal of gebaretale aangetref word.

...../170

So lank as wat hierdie taal nie uit eenvormige gebare bestaan nie, kan dit nie in die huidige onderwysstelsel geïnkorporeer word nie.

AANBEVELINGS

1. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes kan 'n omvat= tende navorsingsprogram aanpak ten einde probleme en behoeftes van dowes te identifiseer. Dowes moet, in uit= voerende hoedanigheid, deel hê aan die beplanning en uit= voering van so 'n program sowel as aan die implimentering van die bevindinge.

   Aspekte wat ondersoek moet word, is:

   - Sielkundige aspekte van doofheid
   - Maatskaplike aspekte van doofheid
   - Dienslewering aan dowes
   - Die mate waartoe dowes blootgestel is aan minderbe= voorregting, vooroordele en diskriminasie

2. Maatskaplike werkers in diens van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes moet die maatskaplike funksione= ring van die dowe ondersoek en ego-faktore en maatskaplike faktore wat die funksionering van dowes strem, identifiseer. Welsynsbeleid moet dienooreenkomstig in samewerking met die dowe gemeenskap geformuleer word. Welsynsbeleid moet riglyne bied vir:

   - die opset waarbinne die maatskaplike werker se behande= lingsproses realiseer, dit is die wyse waarop die span= benadering aangepak word
   - die rolle wat die maatskaplike werker vervul asook vir die teoretiese uitbouing daarvan.
   - die mate waartoe 'n horende maatskaplike werker die dowe maatskaplike werker kan vervang.

3. Die Departement Nasionale Opvoeding moet skole vir dowes in die tussentyd toelaat om die huidige onderrrigbenadering minder streng toe te pas, veral ten opsigte van voorskoolse dowe kinders.

SLOT

Die doofwese bied vir die student 'n uitdagende studieveld aangesien dit duidelik is dat daar etlike leemtes in die kennis=geheel ten opsigte van hierdie gestremdheid bestaan. Waarde-oordele met betrekking tot die doofwese wat empiriese studies dikwels ignoreer of verwerp, maak hierdie uitdaging vir die studente, wat wetenskaplik gefundeerde antwoorde soek op vrae binne die doofwese, soveel groter.

## BIBLIOGRAFIE


1. ABRAHAMS, P. The Changing World of the Deaf. British Deaf News, Winter, 1965:49-51.

2. A Guide to College/Career Programmes for Deaf Students: Gallaudet College and National Technical Institute for the Deaf, Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 114, 1978:1-3.

3. ALTSCHULER, K. Psychiatric Considerations of the Adult Deaf. American Annals of the Deaf, Nr. 107, 1962:560-561.

4. BAKWIN, H. en R.M. BAKWIN. Behaviour Disorders in Children. Fourth Edition, Philadelphia, Saunders, 1972.

5. BARTLETT, H.M. The Common Base of Social Work Practice. National Assocationof Social Workers Inc., 2 Park Ave., New York, 1970.

6. BASILIER, T. In: Vernon, M., Sociological and Psycho= logical Tactors Associated with Hearing Loss. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 34, 1976:1-4.

7. BEKKER, L.C. Beroepsituasie van die Dowe en die Hard= horende. Rehabilitasie in Suid-Afrika, Vol. 12, Nr. 2, Desember 1968:62-66.

8. BELLUGI, U. Attitudes towards Sign Language. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 41, 1979:1-6.

9. BERGMAN, B. Current Developments in Sign Language Research in Sweden. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 43, 1979:1-4.

10. BIDDLE, B.J. en E.J. THOMAS. Role Theory : Concepts and Research. New York, Wiley, 1966.

11. BIEZANS, M.H. en J. BIEZANS. Introduction to Sociology. Prentice Hall, Inc., Englewood, New Yersey, 1978.

12. BLAXALL, A.W. Handicapped. Pretoria, Carnegi Corp., Visitor's Grants Commission, 1934.

13. BLOOM, F. Social Development of the Deaf Child. The Almoner, Vol. 13, Nr. 2, May 1960:47-52.

14. BOEHM, W.W. Objectives of the Social Work Curriculum of the Future. Council on Social Work Education, 46th Street, New York, Vol. 1:46, 1959.

15. BRADWAY, K.P. Social Competence of Exceptional Children: The Deaf, The Blind, The Crippled. Nr 3, New York, 1937.

16. BRILL, R.G. The Superior I Q's of Deaf Children of Deaf Parents. Silent Messenger, 33(7), September 1970:16-19.

17. BROWN, R. Why are Signed Language Easier to Learn than Spoken Language. National Symposium on Sign Language Research and Teaching, Chicago, 1977.

18. BRUCK, L. The Disabled Consumer Bil of Rights. Goldensen, R.M. (Ed.), Disability and Rehabilitation Handbook, McGraw Hill, New York, 1978.

19. CALIFORNIA SCHOOL FOR THE DEAF. Total Communication as a Basis of Educating Prelingually Deaf Children. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 33, 1976:1-6.

20. CICOUREL, A.V. en R.J. BOESE. Sign Language Acquisition and the Teaching of the Deaf. In: Hymes, D. C.B. Cazden en V.P. Johns (Eds.), The Function of Language : An Anthropological and Psychological Approach, New York, Teachers College Press, 1972.

21. CILLIERS, S.P. Maatskaplike Navorsing: Metodologie, Prosedures, Tegnieke. Kosmo Uitgewery, Stellenbosch, 1970.

22. CHARROW, V.R. en J.D. FLETCHER. English as the Second Language of Deaf Children. In: Conrad, R., The Deaf School Child : Language and Cognitive Functioning, Harper and Row Limited, 1979.

23. CHOUGH, S.K. Casework with the Deaf: A Problem in Communication. Social Work, Vol. 9, Nr. 4, October 1964:76-82.

24. COHEN, O.P. The Deaf Adolescent: Who am I? Volta Review, Vol. 80, Nr. 5, September 1978:265-274.

25. COLEMAN, J.C. Abnormal Psychology and Modern Life, Scoh, Foresman and Company, 1972.

26. COMPTON, B.R. en B. GALAWAY. Social Work Processes, The Dorsey Press, Illinois, 1979.

27. CONRAD, R. (a) The Deaf Schoolchild : Language and Cognitive Function ,Harper and Row Limited, 1979.

28. CONRAD, R. (b) Facts and Fantasies about the Verbal Abilities of Deaf School Leavers. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 23, 1979:1-5.

29. COURTMAN - DAVIES M. Your Deaf Child's Speech and Language, The Bodley Head Ltd., London, 1979.

30. CROUTER, A. Preliminary Home Training. American Annals of the Deaf, 1911, Vol. 30:226-228.

31. DALE, D.M.C. Deaf Children at Home and at School. University of London Press Ltd., 1968.

32. Declaration of the Rights of the Child - United Nations 1959. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 6, 1979.

33. DE LA BAT, P. In: Nieder-Heitman, Die Ander Sy van die Saak. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Johannesburg, 1969.

34. DENTON, M. The Philosophy of Total Communication. Stille Boodskapper, Vol. 48, Nr. 3, September 1979:15-17.

35. DENTON, M. Planning the Education of the Hearing Impaired. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 105, 1978:1-11.

36. DINNAGE, R. The Handicapped Child. Research Review, Vol. II, Longman in Association with National Children's Bureau, 1972.

37. DUNHAM, C.S. In: Goldensen, R.M. J.R Dunham en C.S. Dunham (reds) Disability and Rehabilitation Handbook, McGraw Hill, New York, 1978.

38. DU TOIT, C.J. Pre-School Treatment of Hearing Impaired Children in South Africa. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes Goue Jubileum-Verslag 1980.

39. DU TOIT, D. LE R. Die Dowe Kind; Referaat gelewer by die Nasionale Kongres oor die Gestremde Kind, 1968.

40. ELWELL, M.E. Training Undergraduate Social Workers for Work with the Deaf. Journal of Education for Social Work, Vol. 11, Nr. 1, Winter 1975:51-55.

41. ENGELBRECHT, G.K. Die Maatskaplike en Ekonomiese Posisie van die Dowe in Suid-Afrika met spesiale verwysing na die Rehabilitasie van hierdie Groep. D.Phil., UNISA, 1956.

42. ENGELBRECHT, G.K. The Problems of the Adolescent Deaf, at the Conference of the Deaf Child, Johannesburg, Oktober 1964, Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes.

43. ENGELBRECHT, G.K. Die Dowe in die Gesinslewe. Referaat gelewer by die Konferensie van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, 25-26 September 1968.

44. ENGELBRECHT, G.K. The Development of Professional Social Work Services for the Aurally Handicapped in South Africa. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Goue Jubileum Fees Verslag, 1980.

45. ELKIN, F. en G. HANDEL. The Child and Society : The Process of Socialization. Second Edition, Random House Inc., 1960.

46. ERIKSON, E.H. Childhood and Society. New York, Norton, 1963.

47. ERIKSON, E.H. Identity, Youth and Crisis. New York, Norton, 1968.

48. ERIKSON, E.H. Identity and the Life-Cycle. Selected Papers, New York International University Press, 1969.

49. EWING, A. In: Gouws, M. School Preparation of the Pre-School Deaf Child. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 110, 1978:1-11.

50. EWING, A. en E.C. EWING. Hearing Impaired Children. Manchester University Press, 1971.

51. FIBUSH, E.W. The Problem of Hearingloss. Casework, Vol. 35, Nr. 3, January 1955:123-130.

52. FINK, A.E. The Field of Social Work. Seventh Edition, New York, Holt, Rinehart and Winston, 1978.

53. FRIEDLANDER, W.A. en R.Z. APTE. Introduction to Social Welfare. Fifth Edition, Prentice Hall Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1980.

54. FRISINA, D.R. Hearing Disorder. In Haring N.G. en R.L. Schiefelbusch (reds) Methods in Special Education, McGraw-Hill, New York, 1967.

55. FURTH, H.G. Thinking without Language : Psychological Implications of Deafness, New York, Free Press, 1966.

56. GALVIN, J. Deaf People and Employment. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 61, 1979:1-6.

57. GARRETSON, M.D. The Need for Multiple Communication Skills in the Education Process of the Deaf. The Banner, Vol. 72, Maart 1963:3.

58. GOLDENSEN, R.M., J.R. Dunham en C.S. Dunham (reds), Disability and Rehabilitation Handbook, McGraw Hill, New York, 1978.

59. GOUWS, M. School Preparation of the Pre-School Deaf Child. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 110, 1978:1-11.

60. GREGORY, S. The Deaf Child and His Family. Unwin and Unwin, 1976.

61. GRONDWET VAN DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE RAAD VIR DOWES.

62. HAASBROEK, J.B. 'n Nasionale Onderwysstelsel vir Dowe Leerlinge, Verslag van die Instituut vir Nasionale Opvoeding, Raad vir Geestes Wetenskaplike Navorsing, Deel 3, Vol. 5, 1975.

63. HAMILTON, J.H. Die Leesvermoë van die Dowe Kind. Referaat gelewer by 'n Kongres van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Durban, Junie 1979.

64. HARRIS, J. en K. HARTLEY. Children of Deaf Parents. Social Work Today, Vol. 10, Nr. 34, May 1979:12-13.

65. HAYHURST, A.B. Communication Skills : A Report Presented at the British Deaf Association Delegates' Conference, Harrogate, 1978. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 40, 1979:1-5.

66. HEIDER, F. en G. HEIDER. Studies in the Psychology of the Deaf. Psychological Monographs, Vol. VIII, Nr. 53, 1941:5.

67. HENDERSON, P. Disability in Childhood and Youth. London, Oxford University Press, 1974.

68. HERBST, J.H. Doelstellings en Werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes. Goue Jubileum-fees Verslag, 1980:6-9.

69. HORNBY, P.A. Bilingualism: Psychological, Social and Educational Implications, New York, Academic Press, 1977.

70. KATAN, A. Some Thouhgts about the Role of Verbalization in Early Childhood. Psychoanalytic Study of the Child, Vol. 16, 1961:183.

71. KATZ, R.H. Helping the Deaf Community. Social Work, Vol. 10, Nr. 3, August 1974:174-176.

72. KENNEDY, A.E.C. The Effects of Deafness on Personality. Journal of Rehabilitation of the Deaf, Vol. 6, 1973:23.

73. LANE, H.S. Developing of Capacity for Independent Living The Volta Review, Vol. 80, Nr. 5, September 1980:344-350.

74. LAUBSCHER, B.D. Die Selfbeeld van die Kind. Nuusbrief 121, Raad vir Geestes Wetenskaplike Navorsing, 1981.

75. LEVINE, E.S. The Psychology of Deafness, New York, Columbia University Press, 1960.

76. MARITZ, J.C. Kommunikasie as Probleem van die Gehoorge= stremde in die Arbeidsmark. Rehabilitasie in Suid-Afrika, 16 Junie 1972:66-67.

77. MEADOWS, K.P. The Effect of Early Manual Communication and Family Climate on the Deaf Child's Development. Ph.D. Dissertation, University of California, Berkley, 1966.

78. MERRIL, E.C. (jr.). (a) The Responsibilities of Professionals to the Deaf Consumer. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 42, 1979:1-7.

79. MERRIL, E.C. (jr.). (b) Universal Rights and Progress in Education of the Deaf. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 45, 1979:1-4.

80. MERTON, R.K. Social Theory and Social Structure. The Free Press, Clencoe, Illinois, 1957.

81. MINDEL, E.D. en M. VERNON. They Grow in Silence - the Deaf Child and His Family. National Association of the Deaf, Silversprings, Maryland, 1971.

82. MOOJEN, W. The Problem of the Deaf Child. Child Care Quarterley Review. Vol. 10, Nr. 4, October 1956:146-147.

83. MOORES, D.F. Neo-oralism and the Education of the Deaf in the Soviet Union. Journal of Exceptional Children, Nr. 38, 1972:377-384.

84. MOORES, D.F. Educating the Deaf: Psychology, Principles and Practice, Houghton Mifflin , Boston, 1978.

85. MOORES, M.M. Total Communication : Exploring the Use of Signs within this Philosophy. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 44, 1979:1-4.

86. MYKLEBUST, H.R. The Psychology of Deafness, Grune en Stratton, New York, 1960.

87. NAUDé, S.C.M. Onderwys vir Gehoorgestremde Kinders. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 14, 1979:1-16.

88. NEL, B.F. Die Wêreldverhoudinge van die Dowe Kind: 'n Psigologiese Pedagogiese Besinning. Referaat gelewer by die Konferensie oor die Dowe Kind, Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, 1964.

89. Nieder-Heitman, N. Die ander sy van die Saak. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Johannesburg, 1969.

90. NIEUWOUDT, J.G. The Education of the Deaf. Rehabilitasie in Suid-Afrika, Vol. 2, Nr. 1, Maart 1958:28-31.

91. NIEUWOUDT, J.G. Die Kleuterdowe, Referaat gelewer tydens die Konferensie oor die Dowe Kind, Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Oktober 1964.

92. NIEUWOUDT, J.G. Die Onderwys van Dowes. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Goue Jubileum Verslag, 1980:17-22.

93. Notule van die Tweejaarlikse Raadsvergadering van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, 7-13 Mei 1979.

94. Nuusbrief. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Junie 1977.

95. OBERON, T. In: Roos, M.S. Gevallewerk met Dowes, M.A.-Studie, Randse Afrikaanse Universiteit, 1978.

96. OLIVER, R.M. The Families of Young Deaf Children, The British Journal of Psychiatric Social Work, Vol, 8, Nr. 2, 1965:27-37.

97. PERLMAN, H. Intake and Some Role Considerations. Social Casework, Vol. XLI, Nr. 4, April 1960:171-176.

98. PERLMAN, H. The Role Concept and Social Casework : Some Explorations. Social Service Review, 36:1, Maart 1962(a):71-31.

99. PETERS, L. Presentation of Teamwork and Teamwork Models. Rehabilitasie in Suid-Afrika, Vol.24, Nr 2, Jun. 1980:65-86.

100. PETERS, L. (a) Application of the Children's Act No. 33 of 1960, to hearing impaired Children, Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 66, 1978.

101. PETERS, L. (b) Apprenticeship. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 90, 1978:1-7.

102. PIKUNAS, J. Human Development : A Science of Growth. McGraw-Hill, New York, 1969.

103. POLANSKY, N.A. Social Work Research : Methods for the Helping Professions. Revised Edition, Chicago, University of Chicago Press, 1975.

104. POPENOE, D. Sociology. Meridith Corporation, New York, 1971.

105. POTGIETER, M.C. Maatskaplike Sorg in Suid-Afrika. Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars (Edms.) Bpk., Stellenbosch, 1970.

106. QUIGLEY, S.P. The Influence of Fingerspelling on the Development of Language Communication and Educational Achievement in Deaf Children. Report: The Institute for Research on Exceptional Children, Urbana, Illinois, 1969.

107. QUIGLEY, S.P. en D.R. FRISINA. Institutionalization and Psycho-Education: Development of Deaf Children. Research Monograph Series, A, Nr. 3, 1961:135.

108. RAINER, J.A. In: Vernon. Sociological and Psychologi= cal Factors Associated with Hearingloss. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 34, 1976:1-4

109. RAINER, J.A., K.Z. ALTSHULER en F.J. KALLMAN. Family and Mental Health Problems in a Deaf Population, New York, New York State Psychiatric Institute, Columbia University, 1963.

110. ROBERTS, R.W. en R.H. NEE. Theories of Social Casework. Fourth Edition, University of Chicago Press, Chicago, 1970

111. ROODE , C.D. Inleiding tot die Sosiologie, Kaapstad, Balkema , 1968.

112. ROODE , C.D. en R.A. VILJOEN. Inleiding tot die Sosio= logie. Kaapstad, Balkema , 1974.

113. ROOS, M.S. Gevallewerk met Dowes. M.A.-Studie, Randse Afrikaanse Universiteit, 1978.

114. ROUX, J.P. Looking at Deafness. Silent Messenger, Vol. 48, Nr. 3, September 1979:12-14.

115. SCHLESINGER, H.S. en K.P. MEADOW . Sound and Sign: Childhood Deafness and Mental Health. Berkeley C A, University California Press, 1971.

116. SCHLESINGER, H.S. en K.P. MEADOWS. Development of Maturity in Deaf Children. Exceptional Children, 1972:461.

117. SCHOENBERG, B., A.C. CARR, D. PERETZ en A.H. KUTCHER. Loss and Grief: Psychological Management in Medical Practice. Columbia University Press, New York and London, 1970.

118. SCHROEDER, J. Psychology of the Deaf. In: James A. Little (Ed.), Answers, Santa Fe, New Mexico School for the Deaf, 1970.

119. SHAROFF, R.L. Enforced Restriction of Communication. It's Implications for the Emotional and Intellectual Development of the Deaf Child. American Journal of Psychiatry, Vol. 116, November 1959:445-447.

120. SMIT, R.J. Careers for Deaf Persons with Post School Qualifications. Raad vir Geestes Wetenskaplike Navorsing, ISBN, 086965 5574, 1978.

121. SMITH, R.H. In: Conrad, R. The Deaf School Child: Language and Cognitive Function, Harper Row Ltd., 1979.

122. Socialization of the Deaf Child, Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief, Nr. 62, 1977:1-5, 1-4.

123. SPELLMAN, E.D. Words from a Deaf Parent. Del Mar Calif, Communications Research Machines, 1973.

124. STEVENSON, E.A. A Study of the Educational Achievement of Deaf Children of Deaf Parents. The British Deaf News, 4(16) Summer 1965:274-275.

125. STICKLIN, J.L. Deafness - A Social Handicap. Social Work, Vol. 7, Nr. 2, June 1971:80-86.

126. STOKOE, W. The Study of Sign Language, Silver Spring, Maryland National Association of the Deaf, 1971.

127. STOKOE, W. Sign Language versus Spoken Language. Sign Language Studies, Nr. 18, 1978:69-90.

128. STOKOE, W. Sign Language Research. What it Knows and Whither it Goes. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 48, 1979:1-7

129. STONE, L.J. en J. CHURCH. Childhood and Adolescence. Random House, New York, 1973.

130. STRYDOM, H.G. Blanke Manlike Dowes in Transvaal. Instituut vir Sosiologiese Navorsing, Raad vir Geestes Wetenskaplike Navorsing, 1971.

131. STUCKLES, E.R. en J.W. BIRSCH. The Influence of Early Manual Communication on the Linguistic Development of Deaf Children. American Annals of the Deaf, Nr. III, 1966:452:460 en 499-504.

132. St Vincent's School for the Deaf. Socialization of the Deaf Child. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 62, 1977:1-5.

133. SURAN, B.G. en J.V. RIZZO. Special Children : An Integra= tive Approach. Scott, Foresman en , Glenview, Illinois, 1979.

134. SUSSMAN, A. Vocational Adjustment of the Deaf. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr 32, 1976:1-3.

135. SUSSMAN, A.E. en L.G. STEWART. Communication in Inter=viewing Deaf Clients. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 59, 1978:1-4.

136. SUTCLIFFE, T.H. The Spiritual Needs of Deaf People. Silent Messenger, Vol. 48, Nr. 3, September 1979:17-21.

137. SUTERMEISTER, W. In: Nel, B.F. Die Wêreldverhouding van die Dowe Kind: 'n Psigologies-pedagogiese Besinning. Referaat gelewer tydens die Konferensie oor die Dowe Kind, Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, 1964.

138. THOMPSON, R.F. What Speech and Lipreading Mean to Me. Volta Review, Vol. 52, 1950:115-119.

139. THEODORSON, G.A. en A.G. THEODORSON. A Modern Dictionary of Sociology. New York, Crowell Company, 1969.

140. THERON, E en J.J. DE VILLIERS. Welsynswerk met Gestremdes. Kaapstad, HAUM, 1959.

141. Total Communication as a Basis of Educating Prelingually Deaf Children, Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 33, 1976:1-6.

142. TRACY, L. In: Roos, M.S. Gevallewerk met Dowes. M.A.-Studie, Randse Afrikaanse Universiteit, 1978.

143. TREACY, L. A Study of Social Maturity in Relation to Factors of Intelligence in Accustically Handicapped Children. Evaston, Northwestern University, 1955.

144. VAN DER MERWE, A.J. Praat met die Dowe deur middel van die Gekombineerde Kommunikasie metode. Rehabilitasie in Suid-Afrika, Vol. 24, Nr. 3, September 1980:77-83.

145. VAN RENSBURG, N.J.J. Die Persoon met gehoorprobleme. Rehabilitasie in Suid-Afrika. 16 Junie 1972:45.

146. VAN ROOYEN, I.J.J. Maatskaplike Funksionering en die Maatskaplike Werk. Mededelings van die Univ. van S.A., A 24, 1963.

147. VAN UDEN, A. Some Problems in the Education of Deaf Children Aged 0:0 - 6:11 years. Proceedings of Inter=national Congress on Education of the Deaf, Stockholm, 1970:272-286

148. VERNON, M. (a) Potential Achievement and Rehabilitation in the Deaf Population. Rehabilitation Literature, Vol. 13, 1970:258-267.

149. VERNON, M. (b) Clinical Penomena of Cerebal Palsy and Deafness. Exceptional Children, (35), 1970:743-750.

150. VERNON, M. Early Profound Deafness: Methods of Rehabi= litation Practices with the Physically Disabled. New York, Columbia University Press, 1973.

151. VERNON, M. (a) Sociological and Psychological Factors Associated with Hearingloss. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 34, 1976:1-4

152. VERNON, M. (b) Deafness and Minority Group Status. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, Omsendbrief Nr. 34, 1976:5-6.

153. WATSON, T.J. Untitled in Henderson, P. (Ed.) Methods of Communication Currently used in the Education of Deaf Children. London Royal National Institute for the Deaf. 1976.

154. WHITE, A.H. en V.M. STEVENSON. The Effects of Total Communication, Manual Communication, Oral Communication on the Learning of Factual Information in Residential School Deaf Children. American Annals of the Deaf, Nr. 120, 1975:45-57.

155. YOUNG, F. The Deaf in the Community. Social Service Quarterly, Vol. 26, Nr. 4, 1953:170-173.

AANHANGSEL A

Mnr en mev R woon in Springs. Hulle het drie dogters. Twee van die dogters gaan skool in Springs, maar Lulu is doof en gaan na die Trans Oranje Skool vir Dowes in Pretoria, waar sy ook in die koshuis inwoon.

Lulu het gereeld probleme ten ospigte van dissiplinering ver= oorsaak. Op skool het sy nie na wense gevorder nie en het dikwels haar bed nat gemaak. Sy het ook dikwels toegegee aan woede-uitbarstings, veral tydens haar besoeke tuis. Groot verwarring is dan by die ouers geskep ten opsigte van die hantering van hul dowe kind aangesien hulle hulself nie aan haar verstaanbaar kon maak nie.

Lulu se kommunikasie was in hierdie stadium swak. As gevolg van 'n gesplete verhemelte wat nie verder herstel kon word nie, en wat daartoe aanleiding gegee het dat Lulu waarskynlik nie verstaanbaar kan leer praat nie, en ook omdat Lulu haar ouers slegs sommige naweke en vakansies sien en hulle nie haar spraak leer verstaan nie, was daar weinig sinvolle kommunikasie tussen Lulu en haar ouers.

Die maatskaplike werker se terapie het in hierdie geval daaruit bestaan dat die ouers die basiese beginsels van gebaretaal en vingerspel aangeleer is en dat die gesin dit solank in die afwesigheid van Lulu begin oefen het en besef het dat dit moontlikhede bied vir kommunikasie.

Tydens Lulu se volgende besoek het sy haar eerste woede-uitbars= ting reeds in die motor, op pad huis toe, gehad. Mnr R het stilgehou, haar 'n pak slae gegee en daarna in gebare vir haar verduidelik dat hy sulke uitbarstings nie verder sal duld nie.

Beide ouers was verbaas deur die reaksie wat mnr R se optrede gehad het. Lulu het eers verbaas gelyk en het daarna deurme=

kaar gelag en gehuil en beduie dat sy haar ouers lief het. Elke naweek en vakansie wat hierop gevolg het, het Lulu haar ouers geleer om gebaretaal te gebruik en te verstaan. Die gebare het nog steeds beperkings op kommunikasie geplaas aan= gesien Lulu slegs die gebare geken het wat sy by die ander dowe kinders in die koshuis geleer het, maar tussen Lulu en haar ouers was daar 'n begin gemaak met kommunikasie. Lulu se gedrag het nie net verbeter nie, sy het ook selde haar bed nat gemaak.

AANHANGSEL B

Hierdie spesifieke geval is 'n voorbeeld van 'n dowe persoon met 'n ernstige gehoorverlies en met uitstekende taal en kommu=nikasievaardighede. (Sussman en Stewart, 1978:1-4)

Mary is 'n 27 jarige vrou met 'n ernstige aangebore gehoorver=lies. Toe sy vier jaar oud was het haar ouers agtergekom dat Mary slegs reageer op harde geluide. Mary is toe deur 'n oudioloog ondersoek en is gediagnoseer as ernstig gehoorge=strem. Die oudioloog het egter aan Mary se ouers gesê dat sy kan baat vind by 'n gehoorapparaat en dat, as sy 'n gewone skool besoek en haar gehoorapparaat gereeld dra, "Mary would be just like any other child". Die ouers is aangesê dat Mary onder geen omstandighede toegelaat moet word om gebaretaal te gebruik nie, aangesien dit haar kanse om 'n normale lewe te lei, sal belemmer. Die ouers het hulself voorgeneem om alles binne hul vermoë te doen om toe te sien dat Mary groot word soos enige ander kind. Mary se ouers het toe vir haar 'n gehoor=apparaat gekoop, en haar na 'n voorskoolse klas vir gehoorge=stremde kinders gestuur. Hulle het gedurig met haar gepraat sonder om gebare te gebruik en het haar ook verbied om vriende te hê wat gebaretaal gebruik. Mary is daarna opgeneem in 'n openbare skool en het alles in haar vermoë gedoen om by die horende kinders aan te pas. In die klas het sy heel voor gesit ten einde te probeer om die onderwyser se lippe te volg. Om die onsekerheid en angs, wat groepservaring vir Mary ingehou het te vermy, het Mary na skool altyd reguit huis toe gegaan en aan geen buitemuurse aktiwiteite deelgeneem nie. So het Mary deur die laerskool en hoërskool gegaan, skaars daartoe in staat om haar eksamens te slaag en merkbaar 'n alleenloper. Nadat Mary haar skoolopleiding voltooi het, het sy in haar vader se winkel begin werk. Hier het sy as winkelassistent daagliks in kontak gekom met die publiek. Sy het dit uiters moeilik gevind om met vreemdes te kommunikeer en situasies wat verleentheid veroorsaak, as gevolg van misverstande, het dik=

wels voorgekom. Tog het Mary volhard op aandrang van haar ouers.

Mary se moeder is later oorlede, en haar vader wat haar moeder se dood nie kon aanvaar nie, het rusteloos geword en belang verloor in die besigheid. Die verantwoordelikheid van die winkel het toe op Mary se skouers gerus en sy het in haar pogings om die besigheid aan die gang te hou flater na flater begaan en uiteindelik moes sy en haar vader die besigheid verkoop. Mary se vader het toe afgetree.

Op hierdie stadium was Mary 22 jaar oud. Sy ontmoet toe 'n jong oudioloog en hy moedig haar aan om verder te studeer. Aangemoedig deur die feit dat sy vir die eerste keer aanvaar word vir wat sy is, skryf Mary in vir 'n graad in die onderwys van dowes. In haar laaste jaar van studie is Mary verwys vir behandeling. Mary het semester na semester deurgeworstel met die probleem van groot klasse en min persoonlike kontak met lektore. Sy het uiteindelik die laaste fase van haar kursus bereik. Hierdie afdeling het bestaan uit praktiese onderwys en sy moes haar praktiese opleiding in 'n openbare skool vir horende kinders voltooi. Mary het egter 'n ernstige toestand van angs ontwikkel. Sy was uiters senuwee-agtig wanneer sy met ander persone praat. Haar stem, sag en verstaanbaar wanneer sy by vriende is, het hard en skril geklink in die teenwoordig=heid van vreemdes. Sy het ook aan slaaploosheid begin ly. Haar fakulteitsadviseur, wat 'n meestersgraad in die onderrig van dowes gehad het, het haar dikwels aangespreek omdat sy nie probeer het om beter te liplees nie. Hy was van mening dat sy haar doofheid as 'n kruk gebruik.

Die oudioloog wat Mary oorspronklik aangemoedig het om te studeer, het opgemerk dat sy gespanne is en het aanbeveel dat sy 'n kursus in gebaretaal bywoon. Interessant genoeg het Mary geen vordering gemaak met die aanleer van gebaretaal nie. Haar onderwyser het gemeen dat sy nie daartoe in staat is om die taal aan te leer nie.

Toe Mary vir haar eerste terapiesessie opdaag, was sy gespanne en onseker van haarself. Sy het met die terapeut begin praat en hy het aan haar verduidelik dat hy nie kan verstaan nie, en dat sy stadig moet praat en indien dit moontlik is ook vir hom moet vingerspel en van gebare gebruik moet maak. Die vol= gende is dan 'n uittreksel van die eerste onderhoud:

Counsellor: Mary, I cannot hear, so you will have to speak slowly for me, or if you can sign that wil help. We can also write if we find it necessary.

Mary: (Stuttering and having difficulty speaking) ... I ...I cannot sign. Maybe, may-be my teacher told you I can't ... learn to sign? (smiles apologeti= cally, swallowing with difficulty, and averts her head in painful self-consciousness).

Counsellor: We won't worry about that right now. Let's just get to know each other a little better. I under= stand that you wanted to see me because you were having difficulty learning to use sign language. Can you explain a little more about why you want to learn signs and what problems you are having in learning.
(Let wel: Die terapeut het met Mary gepraat en gelyktydig ook gebaretaal gebruik. Mary kon sy lippe goed lees, maar hy het van gebaretaal gebruik gemaak om haar gewoond te maak daaraan.)

Mary: (Looking away, then returning her gaze to the counsellor) ... I ... I don't know why ... I can't learn. I am so nervous ... (Look distressed) ... I am trying to learn because my speech teacher ... thinks it will help my speech. But ... (sha= king her head) ... I just can't seem to learn. My sign language teacher has spent a lot of time

with me and says ... she says I just can't learn fingerspell.
(Let wel: Mary het stadig gepraat en was gespanne en beangs, maar het by tye 'n woord vir die tera= peut gespel in verbasende akkurate vingerspel.)

Counsellor: One of the best ways to learn to use sign language is to practice with deaf people. Do you have any deaf friends or acquaintances, or do you ever practice in the classroom?

Mary: Oh, no! I do not know any deaf people. My parents did not want me to learn signs and would not let me bring home any deaf people who signed, so I have no one to practice with. (Hier het Mary van haar= self vergeet en het vlot gepraat en ook gelyktydig van gebare gebruik gemaak.)

Counsellor: That must have been hard on you. Do you communi= cate well with people who do not use sign language?

Mary: I can read lips well, and I can hear some. I do okay when a person is speaking directly to me, but in class and in groups I get lost.

Die eerste onderhoud het op hierdie trant voortgegaan. Dit het geblyk dat Mary wel die gebaretaal magtig was en dit goed kon gebruik wanneer sy ontspan. Sy het egter nie ontspan in die teenwoordigheid van persone wat haar gehoorgebrek nie verstaan het nie. In die loop van die volgende paar sessies was hierdie saak bespreek en Mary het toegegee dat sy senuwee-agtig en paniekerig raak in haar gebaretaalklasse, asook in baie ander situasies. Wat dus oënskynlik 'n onvermoë was om gebaretaal aan te leer, het toe geblyk 'n toestand van akute vrees en 'n onver= moë om te funksioneer te wees. Verdere onderhoude het aan die lig gebring dat Mary 'n uiters negatiewe selfbeeld het. Sy het

doofheid, en enigiets wat daarmee geassosieer word (byvoorbeeld gebaretaal) as ongewens beskou, terwyl sy uiters bewus was van die feit dat sy doof is. Sy het jare lank haar doofheid ontken en 'n vals front voorgehou.

Counsellor: You have difficulty following what is being said in a group, and yet you refuse to tell others you have a hearing loss. Why do you think you do like that?

Mary: (Shaking her head slowly) I... I ... I just can't do it. With you I can be myself because I don't have to hide anything. You understand my problem, and you accept me as I am. I can't be this way with other people. It makes me so ashamed for others to know I am different.

Counsellor: I am not sure I understand just what you mean, Mary. What I see in what you are saying is that I know you are deaf, and I accept you as you are, and your being what you are is still good. On the other hand, it seems you think if others knew what you are - deaf - they would see you as unworthy and would not accept you. This you could not stand. Is it true?

Mary: (Thinking for a few moments) ... I think that is it. I know my deafness means nothing to you, but with others I feel it means everything. I just can't stand for others to know. I know really that deafness is not that bad, but I can't help feeling this way. I have thought and thought about it and I know I am being silly, but that doesn't change how I feel.

...../vi

Counsellor: I believe I can understand how you feel, Mary. Your feelings about your deafness are a part of you, and although you know consciously that your deafness is not your fault, you can't help being ashamed. (Pause) ... Can you tell me whether the rejection - or negative feelings - you perceive in others could possibly be your own feelings towards yourself, rather than real feelings people had towards your deafness?

Mary: (Appearing as shocked) You mean other people don't see me as bad, that the feelings I see in others are really my own feelings? (Becoming angry now.)

Counsellor: I see the idea is upsetting you. Can you help me understanding why it bothers you?

Mary: (With some hostility) ... Yes! It does bother me! I am not imagining things. You make me feel like you don't believe me!

Counsellor: I can see that this really bothers you, so there must be something important to what we are saying. But I did not say it was your fault. I said only that perhaps the bad feelings you have about having others know about your deafness actually reflects some of your own attitude toward deafness. In other words, you see deafness as making you unworthy ... inferior ... and you think others feel the same way.

Mary: (Looking shaken) ... I ... I can ... hardly believe what you are saying. But it hurts ... You are right ... I hate myself (begins to cry brokenly).

Hier was die keerpunt vir Mary, wat haar ouers se negatiewe evaluasie van haar doofheid geïnternaliseer het. Sy het vir jare die swaar las gedra van voorgee om te wees wat sy nie is nie. Mary het leer verstaan dat sy haar doofheid met haar hele wese verwerp en daarmee saam het sy ook haarself verwerp net soos sy haar doofheid verwerp het.

AANHANGSEL C

HOEKSTEEN VIR KOMMUNIKASIE

Hiërargie vir die ontwikkeling van kommunikasie by die doofgebore kind.




(Denton, 1979)